# Voëlvlug deur die Ou Testament

**GJC Jordaan**

### INHOUDSOPGAWE

**Voëlvlug deur die Bybelboeke (Ou Testament) .... 4**
GENESIS – die boek van nuwe begin .... 4
Die naam van die boek .... 4
Wie het Genesis geskrywe? .... 4
Waaroor gaan Genesis? .... 4
Sewe Bybelstudiestukke .... 5
EKSODUS – Die Uittog .... 7
Sewe Bybelstudiestukke .... 7
LEVITIKUS: Boek van heiligheid .... 10
Waaroor gaan die wette van Levitikus? .... 10
Waarom is al hierdie wette opgeteken? .... 10
Wat sê hierdie wette vir ons? .... 10
Sewe Bybelstudiestukke .... 11
NUMERI: 'n Woestynreis van 38 jaar .... 13
Wat word ons in die boek Numeri geleer? .... 13
Sewe Bybelstudiestukke .... 14
DEUTERONOMIUM: Die wet word herhaal .... 16
Liefde en Verbond .... 16
Deuteronomium se betekenis vir ons vandag .... 16
Sewe Bybelstudiestukke .... 17
JOSUA: Die beloofde land in .... 19
Waaroor gaan die boek? .... 19
Wat leer ons in die boek? .... 19
Sewe Bybelstudiestukke .... 19
RIGTERS: God se volk tussen die heidennasies .... 22
Waaroor gaan die boek? .... 22
Sewe Bybelstudiestukke .... 22
RUT: Die nasies kry deel aan die heil .... 25
Waaroor gaan die boek? .... 25
VIER BYBELSTUDIESTUKKE .... 25

ESTER: God se wonderbare beskikking 26
DRIE BYBELSTUDIESTUKKE 26
1 SAMUEL: Die volk kry 'n koning 28
Waaroor gaan die boek? 28
Sewe Bybelstudiestukke 28
2 SAMUEL: Dawid, die koning na Gods hart 31
Wat word alles in 2 Samuel beskryf? 31
Dawid se koningskap wys heen na Christus 31
Sewe Bybelstudiestukke 31
1 KONINGS: Die koninkryk skeur 34
Salomo se koningskap wys heen na Christus 34
'n Versugting na die volmaakte Koningskap 34
Sewe Bybelstudiestukke 34
2 KONINGS: Verval en ondergang van die twee ryke 37
Waaroor gaan 2 Konings? 37
Israel toonbeeld van afvalligheid 37
Juda toonbeeld van genade 37
Sewe Bybelstudiestukke 37
1 KRONIEKE: DAWID - 'n Koning in diens van die Here 40
1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia 40
Waaroor gaan 1 Kronieke? 40
Sewe Bybelstudiestukke 40
2 KRONIEKE: Prinse uit die huis van Dawid 43
Waaroor gaan 2 Kronieke? 43
Sewe Bybelstudiestukke 44
ESRA EN NEHEMIA : Die tempel en die stad herbou 46
Waaroor gaan die boeke? 46
ESRA: 46
NEHEMIA: 46
Godsopenbaring 46
Sewe Bybelstudiestukke 47
JOB: Die ware godsdiens 49
Waaroor gaan Job? 49
Sewe Bybelstudiestukke 50
PSALMS: Gebede van die kerk 52
Wat is 'n psalm? 52
Verskillende soorte psalms 52
Christus in die psalms 53
Sewe Bybelstudiestukke 53
SPREUKE: Die boek oor die wysheid 56
Wysheid in masjaal-spreuke 56
'n Versameling van verskillende skrywers 56
Waaroor gaan die spreuke? 56
Spreuke en die Nuwe Testament 56
Sewe Bybelstudiestukke 57
PREDIKER: Die sin van die lewe 59
Naam en skrywer 59
'n Wysheidsboek 59
Ondersoek na die sin van die lewe 59
Die oë gerig op God 59
Sewe Bybelstudiestukke 60
HOOGLIED EN KLAAGLIEDERE: Liefdesvuur en rousmart 62
Waaroor gaan Hooglied? 62
Waaroor gaan Klaagliedere? 62
Sewe Bybelstudiestukke 62
JESAJA: Die evangelis onder die profete 65
Profesieë: boodskappe van God 65
Jesaja 'n boodskap van oordeel én verlossing 65
Waaroor gaan Jesaja? 65
Christus in vooruitsig gestel deur Jesaja 66

Sewe Bybelstudiestukke .......... 66
JEREMIA: 'n Man van smarte .......... 69
Sewe Bybelstudiestukke .......... 69
ESEGIËL: Die profeet van die Gees .......... 72
Die verlossing van die volk en Christus .......... 72
Die Heilige Gees en die herstel van die volk .......... 72
Sewe Bybelstudiestukke .......... 72
DANIËL: Die wêreldmagte tuimel .......... 75
Anders as die ander profete .......... 75
Wie het die boek geskryf en wanneer? .......... 75
Waaroor gaan die boek? .......... 75
Sewe Bybelstudiestukke .......... 76
HOSEA: Verworpe liefde .......... 78
Sewe Bybelstudiestukke .......... 78
JOËL EN AMOS: Die dag van die HERE kom! .......... 81
Die HERE se dag van oordeel .......... 81
Die HERE se dag van genade .......... 81
Die dag van die voleinding .......... 81
Sewe Bybelstudiestukke .......... 81
OBADJA, JONA EN MIGA: Die Here oordeel en red .......... 84
Obadja .......... 84
Jona .......... 84
Miga .......... 84
Sewe Bybelstudiestukke .......... 84
NAHUM, HABAKUK, SEFANJA, HAGGAI: Beloftes van val en herstel .......... 87
Nahum .......... 87
Habakuk .......... 87
Sefanja .......... 87
Haggai .......... 87
Sewe Bybelstudiestukke .......... 88
SAGARIA EN MALEAGI : Terug uit die ballingskap .......... 90
Sagaria .......... 90
Maleagi .......... 90
Sewe Bybelstudiestukke .......... 91
'n Tydsnit deur die boeke van die Ou Testament .......... 93
Volgens literatuursoorte gerangskik .......... 93
Tydperke in die geskiedenis van die Ou Testament .......... 93
Die boeke van die Ou Testament volgens tydperke .......... 93
Die tydperk van die konings .......... 96

# Voëlvlug deur die Bybelboeke (Ou Testament)

## *GENESIS – die boek van nuwe begin*

Die boek "Genesis" vorm deel van die sogenaamde Pentateug, die eerste vyf boeke van die Bybel. Die vyf boeke was oorspronklik een lang boek. maar is later op grond van die inhoud in vyf verdeel.

### Die naam van die boek

Die benaming *Genesis* is eers in later (Nuwe-Testamentiese) tye gebruik. Die Jode het na die boek verwys as *Beresfit* ("in die begin") - die heel eerste woorde van die boek.
Die naam *Genesis* is 'n Griekse woord wat "wording" of "oorsprong" beteken. Die boek word so genoem omdat dit die oorsprong beskryf:

- van die hele skepping (Genesis 1);
- van die mens (Genesis 2 -11)
- van die uitverkore volk van God; Israel (Genesis 12-50).

### Wie het Genesis geskrywe?

Onder geleerdes bestaan daar groot onenigheid oor wie Genesis werklik geskryf het. Tradisioneel staan die eerste vyf boeke van die Bybel (die *Pentateug)* bekend as *die vyf boeke van Moses.* Dit is egter duidelik dat Moses self nie alles geskryf het nie. Sy aandeel daaraan is egter só groot dat die boeke na hom genoem word. So word ook die boek Genesis aan Moses verbind. In ieder geval weet ons dat Moses - en die ander skrywers wat bygedra het - onder inspirasie van die Eintlike Skrywer, die Heilige Gees, die boeke daargestel het.

### Waaroor gaan Genesis?

Soos die naam van die boeke aandui, word daarin die oorsprong van die skepping, die mens en die uitverkore volk van God beskrywe. In die beskrywing word klem gelê op die verbondsverhouding tussen God en die mens.

Die eerste en baie belangrike openbaring in Genesis is dat God die Skepper van alles uit niks is. God het net gesê en dit was daar. Die "genesis" (oorsprong) van alle dinge lê dus by God.

By die skeppingsgeskiedenis word dadelik aangetoon dat God die mens in 'n besondere verhouding met Hom gestel het:

- Van alle skepsels is net die mens na God se beeld geskep (1 : 26).
- Aan die mens het God 'n ereplek in die paradys gegee, met die opdrag om gehoorsaamheid aan Hom te bewys (2:15-27).
- Deur ongehoorsaamheid het die mens sy heiligheid as beeld van God verloor en sodoende die toorn van God in die ewige verderf verdien. In Genesis 3 lees ons van die Satan en hoe hy die mens tot die sondeval verlei het.
- God gee die mensheid egter nie aan die Satan en die sonde prys nie. In Genesis 3 : 15 lees ons dat God 'n Verlosser belowe (die moederbelofte). Hierdie belofte en die vervulling daarvan loop soos 'n goue draad deur die res van die Bybel.
- Genesis beskrywe hoe die mens voortgaan in sy sonde:
  Kain, Lameg, en hulle nasate. En nadat God die sondvloed oor hulle gebring het, val die mens maar weer terug in ongehoorsaamheid.

So kom die boek by die punt uit dat God, in plaas daarvan om die hele mensdom in heilige toorn uit te delg, in sy genade vir Hom uit die sondige mensheid 'n volk in aansyn roep met wie Hy 'n ewige genadeverbond sluit. Die "genesis" van die volk begin by die roeping van Abraham. Met Abraham en sy nageslag sluit God dan sy verbond:

- Die verbond met Abraham (Gen. 12 en 15) sluit in: die belofte van 'n land; die belofte van 'n nageslag; identiteit ('n naam); universaliteit ('n seën vir die nasies).
- In Genesis 17 voeg die HERE daarby: koningskap; gemeenskap met God.

Genesis eindig in Egipte waar God dit sou beskik dat die nageslag van die 12 seuns van Jakob 'n volk sou word (die "genesis" van 'n volk!)

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande se Bybelstudie-stukke oor Genesis 1-28 is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas – 2 dae per studiestuk.

**Studie l**
***Lees Genesis 1 : 1 tot 2 : 3 en let op die volgende:***
1. Dat God Drie-enig werksaam is alreeds in die eerste 3 verse van die Bybel: die Vader, die Gees en Lees ook Johannes 1 : 1-3; Kolossense 1 : 15-16; Hebreërs 1: 1–2.
2. Watter taak gee God aan die diere (vers 22) wat Hy ook aan die mens gee (vers 28)? In watter opsig verskil die mens se opdrag wel van die diere? (Lees Ps. 8 : 4 - 9). Van wie is die mens in die uitvoering van hierdie opdrag 'n toonbeeld (lees Heb. 2 : 6 - 9)?
3. Wat word daarmee bedoel dat die mens na God se beeld geskape is (verse 26 en 27; lees ook Kategismus vraag en antwoord 6)? Daar is egter net een persoon wat die beeld van God is. Wie is hy (vgl. Kol. 1 :15; 2 Kor. 4:4)?

**Studie 2**
***Lees Genesis 2 en let op die volgende:***
1. Wat was die heel eerste gawe wat God aan die mens gegee het (vgl. vers7)? Hoe wil die groot teëstander van God hierdie gawe van God vernietig en hoe het God sy pogings afgeweer? (Lees 1 Kor. 15 : 20 -26; Openb. 20:13.
2. Watter ander gawes het God aan die mens gegee ? (verse 8, 16, 18)
3. Watter ooreenkoms (verbond) het God met die mens in die tuin aangegaan? (verse 16 en 17).

**Studie3**
***Lees Genesis 3 en let op die volgende-***
1. Let op hoe Satan sy eerste aanval juis op God se verbondsbepalings toespits (verse 1 tot 5).
2. Let op hoe God die beginsel van sy genadeverbond aan die sondaarmens stel (vers 15). Kyk of u uit Hebreërs 2 : 15 kan vasstel wie die eintlike “saad van die vrou” is wat Satan "se kop sal vermorsel. Kyk ook watter gevolge sy optrede vir die res van die "saad van die vrou” inhou in Romeine 16 : 20.
3. Watter verband sien u tussen Genesis 3 en Romeine 5 : 12 - 29?

**Studie 4**
***Lees Genesis 8:18 tot 9:17 en let op die volgende:***
1. God maak 'n nuwe begin met Noag en sy nageslag (9 : 1 - 2). Let op die ooreenkomste wat die verse het met Genesis 1 : 28.
2. God gaan 'n verbond aan met die hele skepping. Daarvan getuig 9 : 8 - 17. Let op hoe die bepalings van hierdie verbond verskil van die verbond met die mens in die paradys (Gen. 1 : 16, 17). Lees ook Romeine 8 : 19 - 22 en let op hoe die skeppingsverbond afhanklik is van die genadeverbond.

**Studie 5**
***Lees Genesis 10 : 1, 5, 20, 31 en 32 asook Genesis 11 : 1 - 9 en let op die volgende:***
1. Hoe kan Genesis 10 in verband gebring word met God se opdrag om die aarde te vul (Gen. 1 : 28 en 9 : 1). Let op die benaming "volkertafel" wat dikwels aan Genesis 10 verbind word: God se tafel (ordening) vir die verskeidenheid van volke.
2. Let op hoe die mensdom aan hierdie basiese skeppingsopdrag van God ongehoorsaam is (Gen. 11 : 4). Waarom wil God nie hê dat die mensdom een volk met een taal moet wees nie (vers 6)? Waarom dink u word die stad Rome in 1 Petrus 5 : 14 "Babilon" genoem? Watter ooreenkoms is daar tussen die Babilon van Openbaring 17 tot 19 en die Babel van Genesis 11 (vgl. veral Openb. 17 : l, 15 en l8)?

**Studie 6**
***Lees Genesis 12:1-9, 15:1-21 en 17:4-16, en let op die volgende:***
1. Watter verskillende verbondsbeloftes maak God aan Abraham in dié 3 hoofstukke?
2. Hoe kan Christus gesien word as die vervulling van die beloftes in 12 : 3 (lees ook Hand. 3 : 25, 26), 17 : 5 (lees ook Rom. 4 : 16, 17) en 17 : 6
3. Waarom dink u het God by die verbondsluiting tussen die middeldeurgesnyde diere deurgegaan (Gen. 15 : 17)? Lees in hierdie verband ook Hebreërs 8 : 6, 9 : 18 en 10 : 19, 20.

**Studie 7**

***Lees Genesis 26 : 1 - 6 en 28 : 10-19 en let op die volgende:***

1. Vergelyk hierdie gedeeltes met die Skrifdele in Studie 6 om te sien dat God nie 'n nuwe verbond met Isak en Jacob sluit nie, maar sy verbond met Abraham by hulle voortsit.
2. God se verbond eis ook gehoorsaamheid van die mens. Volgens 26 : 25 was Abraham 'n toonbeeld van gehoorsaamheid aan God. In watter opsigte was Abraham gehoorsaam (lees weer Gen. l2 : 4 en 22 : 16)? Was Abraham foutloos (lees Gen. 12 : 11 - 17, 16 : 3 - 4 en 20 : l - 2)?
3. Hoewel Abraham nie volmaak gehoorsaam was nie, lees ons in Galasiërs 3 : 7 dat al die gelowiges kinders van Abraham is. Wat word daarmee bedoel? Wie het wel volmaakte gehoorsaamheid betoon om ons ook kinders van God te maak (lees Gal. 3 : 6, 29)?

## *EKSODUS – Die Uittog*

Eksodus is die tweede boek van die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel). As 'n mens by Eksodus 1 : 1 begin lees, is dit gou duidelik dat die boek die verhaal van Israel hervat waar Genesis dit gelos het. Genesis het geëindig by die dood en begrafnis van Josef in Egipte (Gen. 50 : 26); Eksodus begin ook weer daar (Eks 1:6).

Maar dan, in een enkele vers (vers 7), gee Eksodus 'n reusetree van 400 jaar in die geskiedenis tot op die stadium waar Israel alreeds gegroei het tot 'n groot volk (vers 8). Van daar af word die geskiedenis verder geneem.

Waarom word so 'n groot stuk geskiedenis oorgeslaan? Omdat Eksodus (soos die Pentateug en trouens ook die hele Bybel) nie maar 'n blote geskiedenisboek is nie. Dit wil nie maar net die geskiedenis van Israel beskryf nie. Dit is 'n boek van *openbarings*geskiedenis, wat die geskiedenis beskryf waarin God Homself aan ons wil openbaar. Daarom word lang stukke geskiedenis van die volk Israel oorgeslaan.

Eksodus beskryf dan hoe God Homself openbaar in die stryd tussen Israel, sy verbondsvolk, en die heidendom. Dit is deel van die stryd waarvan God eeue tevore gespreek het toe Hy aan Satan gesê het (Gen. 3 : 15): "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad." Hierdie stryd tussen gelowiges en ongelowiges duur dwarsdeur die Bybelse geskiedenis voort en word uiteindelik besleg in die oorwinning van Christus oor Satan.

Die boek Eksodus kan in twee hoofdele verdeel word:

- Die stryd teen Egipte en die uittog van die volk (1 : 1 -15 : 21).
- Die verbondsluiting van die HERE met sy volk (15 : 22 tot die einde). Die verbond wat Hy aan die begin met Abraham gesluit het, bevestig Hy in Eksodus ook met die nageslag van Abraham, met die verbondsvolk. Die wet wat Hy by Sinaï vir sy volk gee, staan sentraal in die verbondsluiting.

Die volgorde van die uittog en die wet is van groot belang. Eers gee God die verlossing uit Egipte (die eerste hoofdeel); daarna gee Hy aan sy reeds verloste volk die wet (die tweede hoofdeel). Eers die gawe, dan die eis. Hierdie volgorde loop soos 'n goue draad regdeur die Bybel. Dit word ook weerspieël in die volgorde van verlossing en dankbaarheid in die Heidelbergse Kategismus.

Oor die verbond wat God met sy volk sluit, maak Eksodus die volgende duidelik:

- Die verbondsluiting gaan nie van die mens uit nie, maar kom van God se kant.
- In sy verbond gee God aan sy volk beloftes van genade.
- In sy verbond eis God dat die volk sy wet sal gehoorsaam.

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke oor Eksodus is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas - 2 dae per studiestuk.

**Studie 1**

***Lees Eksodus 1:1- 22.***

1. Let op die verskillende maniere waarop die getallegroei van die volk in vers 7 aangedui word. Hoe dien hierdie getallegroei as 'n vervulling van God se beloftes aan Abraham (Gen. 15 : 5)? Is dit die enigste vervulling van die belofte (lees ook Gal. 3 : 6 - 9)?
2. Let ook op die verskillende maniere van verdrukking wat die Farao teen die volk beplan het. Hoe hou dit verband met Genesis 1 : 28 en 3 : 15, 16? Op watter maniere wys God in Eksodus 1 dat Hy sy verbondsvolk teen hulle vyande beskerm?
3. Lees ook 1 Petrus 5 : 6, 7 en Romeine 8: 36 - 39 vir 'n perspektief vanuit die Nuwe Testament op die verbondstrou van God.

**Studie 2**

***Lees Eksodus 3 : 1 - 4 : 17 en 5 : 22-6 : 12.***

1. Let op die twee maniere waarop God sy heiligheid aan Moses openbaar (3 : 5, 6). In hierdie selfde verse openbaar God Hom ook as die God wat reeds met die aartsvaders sy verbond gesluit het. Tog maak God Hom bekend met 'n Naam wat die aartsvaders nie geken het nie. Watter Naam is dit, en waarom?
2. Om watter rede en met watter doel verlos God sy volk, aldus Eksodus 3 : 7 - 12?
3. Hoe vergelyk dit met die doel waarom God gelowiges van alle tye, ook u en my, verlos (lees Ef. 1 : 3 - 6)?

**Studie 3**

***Lees Eksodus 12 : 1 - 13 : 16.***

1. In hierdie gedeelte stel die HERE drie verskillende seremonies in. Watter drie is dit? Gaan in 'n Bybelse ensiklopedie of in die Woordelys van die 1983-verta-ling na wat elk van die seremonies behels het.
2. Hoe het die Pasga duidelik heengewys na Jesus Christus? Hoe het die Pasga by die kruisdood van Jesus Christus in vervulling gegaan? Waarom vier ons vandag nie meer die Pasga nie (lees Luk. 22 : 7 - 20)?
3. As in ag geneem word dat elke nuwe maand in die Joodse kalender saam met 'n *nuwe maan* begin, en dat die eerste maan (Nisan) ongeveer saamval met ons maande Maart/April, kyk of u kan bepaal hoe die datum van Goeie Vrydag jaarliks op ons kalender vasgestel word.

**Studie 4**

***Lees Eksodus 13 : 17 - 15 : 21.***

1. Hoe het God Homself in die wolkkolom geopenbaar as die God van trou wat lei, beskerm en verlos?
2. In hierdie geskiedenis staan die mens se swakheid, kleingeloof en sonde in skrille kontras met God se almag en trou. Kyk hoeveel voorbeelde daarvan u kan raaksien.
3. Watter verband is daar tussen die tog deur die Skelfsee en die sakrament van die doop (vgl. die gebed in die doopsformulier asook 1 Kor. 10 : 1, 2)?
4. Hoe bring die lied van Moses en die lied van Miriam die belangrike openbaring van God in die tog deur die Skelfsee na vore?

**Studie 5**

***Lees Eksodus 15 : 22 - 18 : 27.***

1. Teken die verskillende maniere aan waarop God sy volk beskerm het teen dors, honger en vyandelike aanvalle.
2. In hierdie geskiedenis sien ons ook hoe God sy dienskneg Moses op 'n heel praktiese manier te hulp kom wanneer hy oorwerk raak. Hoe doen Hy dit?
3. In die Evangelie volgens Johannes maak die Here Jesus die manna in die woestyn op 'n besondere manier op Homself van toepassing. Hoe doen Hy dit en wat is die betekenis daarvan vir ons vandag?
   Ook die water uit die rots word in 1 Korintiërs 10 op Jesus Christus van toe passing gemaak. Beteken dit dat ons die rots in Eksodus 17 bloot as iets simbolies (geestelik) moet beskou of was dit 'n werklike rots? Hoe wys die rots heen na Christus?

**Studie 6**

***Lees Eksodus 19 - 23.***

1. By Sinaï het meer gebeur as dat God 'n wet gegee het. Hy het sy wet daar gegee as deel van 'n verbondsluiting. Kyk of u die verband tussen die wet en die verbond kan uitwys in Eksodus 19 : 4 - 6.
2. Kyk hoe die heiligheid en almag van God in hierdie geskiedenis baie duidelik onder die volk se aandag gebring word (veral 19 : 10 - 25 en 20 : 18 - 26).
3. Eksodus 20 : 1 - 17 is ongetwyfeld die bekendste verse van die Ou Testament. Minder bekend is die daaropvolgende deel (Eks. 21 - 23) wat bekend staan as die "Bondsboek", waarin die 10 gebooie in vele opsigte verbesonder word. Toon aan hoe elk van die 10 gebooie op verskillende plekke in die "Bondsboek" verbesonder word.
4. Noem 3 bepalings van die "Bondsboek" wat vandag nog vir die gelowiges geld. Noem ook 3 bepalings daarin wat nie meer vir ons geld nie omdat dit in Christus vervul is (lees ook Kol. 2 : 16, 17).

**Studie 7**

***Lees Eksodus 25 en 32.***

1. Watter sigbare teken het God aan die volk gegee om hulle daarop te wys dat Hy altyd in hulle midde teenwoordig is?
2. Het die volk met die oprigting van die goue kalf die eerste of die tweede gebod oortree (vgl. Eks. 32 : 1 - 6)?
3. Waarom het God die volk ten spyte van hulle gruwelike sonde gespaar (vgl. veral 32 : 9 - 14)? Waarom kan ons nie hierdie verse gebruik as 'n "bewys" dat God wispelturig is nie (lees ook 2 Pet 3 : 9)? Hoe, reken u, wys hierdie verse heen na Jesus Christus?
   Hoe openbaar God in hierdie geskiedenis dat Hy tegelyk 'n God van geregtigheid en 'n God van genade is?

## *LEVITIKUS: Boek van heiligheid*

Praat van Levitikus, en 'n mens dink onwillekeurig aan ritse en ritse wette en voorskrifte. Geen wonder nie dat 'n mens in die volksmond "die leviete voorgelees word" wanneer iemand jou voor stok kry.

En inderdaad, hierdie derde boek van die Pentateug bestaan hoofsaaklik uit allerlei voorskrifte: wette wat God by Sinai vir Moses gegee het om, naas die Tien Gebooie, aan die volk Israel te gee. Omdat die meeste van die wette oor die erediens handel, waarby die leviete as priesters opgetree het, staan dit bekend as die Boek van die Leviete", in Latyn: **Leviticus**.

Dit wil voorkom dat sekere wette nie deur Moses self opgeskryf was nie. Die wette in verband met die stede Lev. 25 : 32 - 34), huise (14 : 33 - 53) en inboorlinge 18 : 26) is waarskynlik eers later, toe die volk al in die beloofde land gevestig was, neergeskryf. Tog is al die wette deel van die verbondswette wat God by Sinai gegee het. Daarom word die boek in sy laaste sin só saamgevat (27 : 34): "Dit is die gebooie wat die HERE Moses by die berg Sinai vir die kinders van Israel beveel het".

### Waaroor gaan die wette van Levitikus?

Dit is met die eerste oogopslag duidelik dat die "gebooie" wat in Levitikus opgeteken is, nie maar net 'n herhaling van die Tien Gebooie is nie. Op sekere plekke, byvoorbeeld in hoofstukke 19 en 20, word wel by die Tien gebooie aangesluit, maar die grootste deel van die boek bevat 'n verskeidenheid wette wat betrekking het op verskillende fasette van die lewe van die volk:

- Levitikus 1 - 7 gee voorskrifte oor die verskillende offers wat die volk moes bring.
- Levitikus 8 -10 beskryf die wyding van Aäron en sy seuns om as priesters te dien.
- Levitikus 11-15 gee allerlei voorskrifte oor reinheid en onreinheid.
- In Levitikus 16 -17 word weer oor die offers geskryf, spesifiek oor die Groot Versoendag.
- Levitikus 18 - 20 gee voorskrifte en wette vir die maatskaplike lewe.
- Levitikus 21 - 24 keer weer terug na die kultiese lewe let voorskrifte in verband met die tabernakel en allerlei seremonies.
- Levitikus 25 - 27 gee voorskrifte vir die boerdery, spesifiek vir die sabbatjaar en die jubeljaar, en voorskrifte oor eiendom: oor die lossing en oor tiendes.

Hierdie wette staan bekend as die **kultiese** of **seremoniële** wette van Israel. Dit is na hierdie wette wat die Here Jesus later in sy bergrede verwys het toe Hy gesê het: "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is . . ." (Matt. 5 : 21,27,31, 33, 38).

### Waarom is al hierdie wette opgeteken?

Vir Israel as verbondsvolk van die Ou Testament was hierdie wette baie belangrik. Daarin het die HERE vir hulle uitgespel hoe hulle hulle godsdiens in die praktyk van die erediens (die offers en seremonies) asook in die alledaagse lewe moes uitleef. Die wette was egter nie net prakties nie. Dit het iets van die Gewer daarvan geopenbaar:

a. Die tabernakel en al sy seremonies was 'n versekering vir die volk dat die HERE self in hulle midde woon.
b. Die offers met al die gepaardgaande voorskrifte was 'n versekering dat die HERE 'n God van genade is wat vir berouvolle sondaars versoening bewerk.
c. Met die voorskrifte oor reinheid en oor die maatskaplike lewe toon die HERE aan dat Hy heilig is en ook van sy volk verwag om heilig te wees. Levitikus 19 : 2 vorm hiervan die kern: "Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig". (Lees ook 11 : 44, 45.)

### Wat sê hierdie wette vir ons?

Geen mens kan dit regkry om so heilig te lewe nie. Daarom wys die wette van Levitikus op Iemand

meer as die mens: op Jesus Christus. In Hom het God die dinge waarop die wette van Levitikus dui, vervul:

a. In Christus het God onder ons kom woon (Joh. 1 : 14).
b. In Christus het God die volkome offer vir ons sondes gebring (Heb. 9 : 28).
c. In Christus se bloed reinig God ons van ons sondes sodat ons heilig voor Hom gestel word (Heb. 9 ; 13, 14).

Die wette en seremonies van Levitikus het dus vanuit die Ou Testament heengewys na Jesus Christus, of soos Kolossense 2 : 17 dit stel: "Dit was 'n skaduwee van die dinge wat sou kom". Maar toe Christus eenmaal gekom het, was die skaduwee van wat sou kom, nie meer nodig nie. Daarom hoef ons, die kerk van die Nuwe Testament, nie meer die wette van Levitikus net so na te kom nie. Ons kan en moet dit egter steeds lees om te sien hoe volmaak heilig God is en dat Hy niks minder as volmaakte heiligheid duld nie.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE** 1

***Lees Levitikus 1 : 1 - 4; 6 : 8 - 7 : 38***

1. Maak 'n lys van die verskillende maniere van offer wat voor-geskryf word (vgl. veral 7 : 37). Watter offers was vrywillig, en watter aan Aäron en sy seuns voorgeskryf?
2 Waarom mag net die priesters van die offer geëet het (vgl. 6:25 - 30)? Hoe hou dit verband met die sentrale boodskap van die boek Levitikus?
3. Wat was die betekenis van die brandoffers (vgl. 1 : 4 en 7: 7)? Hoe hou dit verband met die kruisoffer van Jesus Christus (vgl. Ef. 2 : 18)?
4. Lees ook Hebreërs 9 : 23 - 28, en dui aan waarom ons van-dag nie meer die offers van Levitikus hoef te bring nie.
5. Hoekom dink u, beskryf Paulus ons "redelike godsdiens' in Romeine 12 : 1 as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer?

**STUDIE 2**

***Lees Levitikus 8 : 1 - 13 en 10 : 1 - 20***

1. Hoe sluit die HERE se voorskrifte oor die salwing en die wassing van Aäron en sy seuns (8:1- 13) aan by die sentrale boodskap van die boek?
2. Lees in die woordelys agter in die 1983-vertaling wat die "Urim en die Tummim" was waarvan ons in Levitikus 6 : 8 lees. Hoe sluit dit aan by die sentrale boodskap van die boek?
3. In Levitikus 10 : 1 staan daar dat die reukoffer wat Nadab en Abihu gebring het, teen die bevel van die Here was. Lees ook Eksodus 30 : 1 - 9 en sê waarom dit teen die wil van die Here was.
4. Op die oog af lyk dit of Nadab en Abihu se straf (Lev. 10 : 2) buite verhouding met hulle oortreding was. Uit die res van hoofstuk 10 blyk dit egter dat die HERE hulle om 'n baie bepaalde rede so erg straf. Wat is die rede en hoe sluit dit aan by die sentrale boodskap van die boek?
5. Soos aangetoon is, is die kerk van die Nuwe Testament nie meer gebind aan al die voorskrifte van Levitikus nie. Beteken dit dat ons Hom nou maar kan dien soos ons wil (lees weer Rom. 12 : 1)?

**STUDIE 3**

***Lees Levitikus 11 : 1 - 8; 13 : 1 - 6en 14 : 18 - 31***

1. Net soos Levitikus 8 tot 10, beklemtoon ook hoofstukke 11 tot 15 die absolute heiligheid wat God van sy volk verwag. Tog word die fokus verskuif na 'n ander terrein van die lewe. Watter terreinverskuiwing sien u raak?
2. Is al hierdie kossoorte werklik onrein? Wat leer Handelinge 10 : 1 - 23 en Kolossense 2 : 16 ons hieroor?
3. Die "melaatsheid" (Hebreeus *sara'at) waarvan hoofstukke* 13 en 14 praat, het waarskynlik 'n groot aantal siekes ingesluit waarvan simptome op die vel sigbaar was. In ag genome die gebrekkige geneeskunde van hierdie tyd, sou hierdie reinheidswette sekerlik baie tot voorkoming van epidemies kon dien. Tog blyk dit uit 14 : 18 - 32 dat die wette om meer as net gesondheidsredes gegee is. Gee die redes aan in u eie woorde.

Watter perspektief gee Levitikus 15: 31 ons op hoe ons die reinheidswette moet verstaan?

5. Waarom kan ons sê dat Levitikus 11:: 44, 45 m werklikheid die kernboodskap van hierdie hoofstukke saamvat?

**STUDIE 4**

***Lees Levitikus 16 en 17***

1. Teken aan hoeveel keer die begrippe "heiligheid" en "versoening" in hierdie hoofstukke voorkom. Dui weer eens die verband aan met die sentrale boodskap van die boek.

2. Die bok waarop die lot val, moet vir Asasel die woestyn ingestuur word (16 : 1). Lees in die woordelys agter in die 1983-vertaling waarna Asasel verwys. Beteken dit dat daar werklik woestyngode (of woestyngeeste) bestaan? En bestaan daar ook sulke goed soos veldduiwels 117 : 7)? Lees in hierdie verband 1 Korintiërs 8 : 5, 8 en 10 : 19, 20.
3. Hoe dink u het die voorskrifte in verband met die sondebok in 16 : 22 in die Nuwe Testament in vervulling gegaan (lees ook Jes. 53 : 4 en 1 Pet. 2 : 24)?
4. Lees in hierdie verband die inskrywing onder versoening by die woordelys agter in die 1983-vertaling van die Bybel

**STUDIE** 5

***Lees Levitikus 18 en 19***

1. Let op watter streng wette oor sedelike heiligheid in hoofstuk 18 gegee word, veral in ag genome dat in die oud-Oosterse wêreld waarin die volk geleef het, vroue as blote besitting beskou is en veelwywery aan die orde van die dag was. Op watter manier moet Israel, volgens hierdie hoofstuk, aantoon dat hulle anders as die ander volke (d.w.s. heilig) is? Lees veral 18 : 30 in hierdie verband.
2. Watter kort sinnetjie word amper soos 'n refrein oor en oor in hierdie twee hoofstukke herhaal? Waarom dink u word dit herhaal?
3. Teken aan watter wette in hoofstuk 19 direk in verband met die Tien Gebooie gebring kan word, veral met inagneming van die Kategismus se verklaring van die Tien Gebooie.
4. Hoe bring 19 : 2 hierdie twee hoofstukke in verband met die sentrale boodskap van die boek? Hoe wys hierdie woorde heen na Jesus Christus?

**STUDIE** 6

***Lees Levitikus 23 en 24***

1. Lees die inskrywing onder Feeste in die Woordelys agter in die 1983-vertaling van die Bybel. Toon aan watter dele van hoofstuk 23 betrekking het op watter feeste.

2 In die Nuwe Testament sien ons dat Jesus Christus juis op die feesdae belangrike dinge gesê en gedoen het. Kyk of u kan vasstel met watter feesdae die volgende gebeure verband hou en wat die verband in elke geval is: Johannes 7 2. 37, Lukas 22 : 1 23, Handeling 2 : 1 - 13.

**STUDIE 7**

***Lees Levitikus 25 en 26***

1. Lees die gedeeltes oor die sabbatsjaar en die hersteljaar onder die inskrywing oor Feeste in die Woordelys van die 1983-vertaling, Watter betekenis het die getal sewe by die sabbatsjaar?
2. Waarvan was die sabbatsjaar, blykens 25 : 2, 'n teken? Toon die verband hiervan aan met Psalm 24,
3. Watter verband is daar tussen dit wat in 25 : 9 oor die jubeljaar gesê word en Jesaja 61: 1, 2? Watter verband is daar met Lukas 4 : 19?
4. Watter heerlike beloftes spreek die HERE in 26: 11, 12 en 26 : 44, 45 uit? Hoe word hierdie beloftes bewaarheid in Jesus Christus (lees ook Jes. 40 : 1 - 9en Matt. 1 ; 20 – 23).

## *NUMERI: 'n Woestynreis van 38 jaar*

Die vierde boek van die Bybel word met die Latynse naam *Numeri* genoem, wat "getalle" beteken, so genoem na aanleiding van die telling van die Israeliete waarvan ons in hoofstukke 1 en 26 lees, en van die Leviete in hoofstukke 3 en 4. Oorspronklik het die boek egter 'n ander naam gehad: ***Bemidbar,*** wat die Hebreeus is vir "in die woestyn". Dit was 'n baie meer beskrywende naam, want ` die boek gaan oor die 38 jaar van Israel se swerftog deur die woestyn tussen Sinai en Kanaän.

(Tot en met Sinai was Israel 2 jaar lank in die woestyn - Num 1 : 1. Daarna het hulle nog 38 jaar lank rondgeswerf voordat hulle Kanaän ingegaan het. In totaal was hulle dus 40 jaar lank in die woestyn - Num. 14 : 33.)

Daarmee vorm die boek Numeri 'n pragtige skakel tussen die twee "wetboeke" van die Pentateug, naamlik Levitikus en Deuteronomium. Levitikus beskryf immers die wette wat Israel by Sinai ontvang het (Lev. 27 : 34), en in Deuteronomium gee Moses 'n herhaling van die wette, 38 jaar. later, pas voor hulle intog in Kanaän. Oor die tussen-in tyd, oor die 38 jaar in die woestyn, daaroor lees ons in Numeri.

Daarin lê ook die verskil tussen Numeri en die twee "wetboeke". Numeri self bevat op verskeie plekke wette en voorskrifte, maar is sterker toegespits op dit wat 'met die volk daar in die woestyn gebeur het. Hulle 38 jaar in die woestyn word in die boek soos volg beskryf:

- Numeri 1 : 1 - 10 : 10: By Sinai tref hulle voorbereidings vir die woestynreis (sensus, Leviete, allerlei ordereëlings) .
- Numeri 10 11 - 20:13: Die volk vertrek uit die Sinai-woestyn, raak opstandig en swerf gevolglik rond in die Paran-woestyn (vir 'n opsomming van die plekke waar hulle˙ oral was, lees (Num. 33:16-36**).**
- Numeri 20 : 14 - 36 **:** 13: Hulle vertrek uit die Paran-woestyn op pad na Kanaän; onderweg moet hulle veg teen die heidenvolke.

## Wat word ons in die boek Numeri geleer?

Die boek Numeri beskrywe meer as nét die woestynreis van 'n swerwersvolk. Ons lees daarin van die eerste wankelrige treë wat die verbondsvolk van die HERE geneem het. Die HERE het sy volk in die lewe geroep (Genesis) ; die HERE het hulle uit Egipte verlos (Eksodus) die HERE het sy wet gegee waarin Hy van hulle trou en heiligheid eis (Eksodus en Deuteronomium) . En die volk? In Numeri sien ons : in plaas van die trou en heiligheid wat hulle aan die HERE verskuldig is, kom hulle na vore met ontrouheid, wantroue, murmurering en selfs opstandigheid.

Ons sien verder in Numeri hoedat die HERE op hulle ontrou antwoord met sy verbondswraak. In hierdie boek leer ken ons dus die HERE as die Verbondsgod wat ontrouheid van sy uitverkore volk nie duld nie en nie ongestraf laat bly nie. In 1 Korintiërs 10 : 11 skryf Paulus oor die geskiedenis van Numeri: "Al hierdie dinge is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."

In Numeri leer ken ons die HERE egter ook as die Verbondsgod wat self getrou aan sy beloftes bly. Hy sál sy volk tot in die beloofde land lei, al moet Hy die murmurerende geslag daar in die woestyn laat sterf. Hulle kinders sal die beloofde land binnegaan. God se beloftes geld deur die dood heen. Sy beloftes sál waar word, selfs al moet Hy 'n nuwe volk uit die oue skep. Daarin sien ons ook reeds iets van sy verbondsvolk van die Nuwe Testament sy kerk. Uiteindelik wys die boek Numeri in geheel helder en duidelik heen na die Messias wat sou kom, Jesus Christus, in Wie God tegelyk sy verbondswraak en sy heerlike verbondsbelofte laat waar word het. Jesus Christus het die straf gedra, Hy het gesterwe, sodat die uitverkorenes van God sy beloofde koninkryk kan binnegaan.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor .'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**Studie 1**

***Lees Numeri 1 : 1 - 3; 1 : 45 - 54; 6:T2-7:5***

1. In hierdie verse word die volkstelling beskryf, sonder dat gesê word waarom Moses en Aaron die volk moes tel. Lees Eksodus 30 : 11 - 16enkykofuindieligdaarvankan uitmaak waarom die HERE wou hê dat die volk getel moes word. Hou dit dan enige verband met Numeri 7 : 1 - 5?
2. Wat was die taak van die Leviete volgens Numeri 1 : 51 - 54? Lees ook hieroor die inskrywing onder Leviete in die Woordelys agterin die 1983-vertaling.
3. Waarom sou "toorn oor die vergadering van die kinders van Israel" kom (1 : 53) as die Leviete nie die tabernakel omring nie lees ook Num. 4 : 15)? Lees ook Matteus 27 : 51 en Hebreërs 10 : 19 - 22, en dui aan waarom die verbod om in die heiligdom van die Here in te gaan, nie meer vir ons geld nie.
4. Lees die baie bekende seënwoorde van Numeri 6 : 24 - 26. Hoe word hierdie seën waar in die koms van Jesus Christus (lees ook Joh. 1 : 14)? Watter verband is daar tussen hierdie seën en ons gebede (lees ook Fil. 4 : 6, 7)?

**Studie 2**

***Lees Numeri 10 : 11 - 36; Numeri 11 en12***

1. Watter aanduidings vind u in Numeri 10 : 11 -36 dat die HERE by sy volk was, hulle op hulle woestynreis gelei het en hulle beskerm het?
2. Skaars het die reis begin, of die volk kla: In Numeri 11 en 12 lees ons drie opeenvolgende berigte van die volk se murmurering en opstandigheid. Skryf neer waaroor hulle klagte elke keer was, en hoe die HERE gewys het dat Hy hulle optrede nie sal duld nie.
3. Hoe het die HERE Moses se moedeloosheid en kleingeloof tegemoetgekom (11 : 11 - 17)?
4. In Numeri 11 : 24 - 26 lees ons dat die HERE sy Gees op die oudstes van die volk gelê het. Dit was nie 'n uitstorting van die Heilige Gees soos in Handelinge 2 nie, maar 'n toerusting om bepaalde dienswerk te kan doen. Vir watter diens is die oudstes toegerus? Watter ooreenkoms is daar tussen Moses se versugting in Numeri 11 : 29 en dié van Paulus in 1 Korintiërs 14 : 5?
5. Waarom het die HERE vir die volk vleis gegee en daarna 'n klomp van hulle om die lewe gebring? In die naam Kibrot-Taawa weerspieël iets van die rede.
6. Hoofstuk 11 gee ons 'n blik op jammerlike familie-jaloesie, op broederlike sagmoedigheid en op die HERE se trou teenoor sy kneg Moses. Waarom was Miriam opstandig? Hoe is Moses se gebed vir Miriam verhoor?

**Studie 3**

***Lees Numeri 13 en 14***

1. Waar in die Paran-woestyn het die volk hulle bevind toe Moses die verkenners uitgestuur het? Lees Deuteronomium 1 : 19 vir 'n antwoord. Kyk ook op die eerste kaart agterin die Bybel waar die plek presies was. Lees verder Deuteronomium 2 : 14 om vas te stel Waar hierdie gebeure binne die tydperk van Israel se 38 jaar in die woestyn plaasgevind het.
2. Watter berig bring die verspieders oor die land Kanaän terug? En watter berig oor sy inwoners? Dui aan watter ondankbaarheid en kleingeloof die volk by die ontvangs van hierdie berig openbaar het.
3. Dit is opvallend dat Moses in sy pleidooi vir die volk (Num. 14 : 13 - 19) 'n beroep doen op twee dinge wat met die HERE self verband hou. Watter twee dinge is dit? Wat leer dit ons oor die grond van ons eie redding in Christus?
4. Noem die twee maatreëls wat die HERE teen sy wederstrewige volk inbring (Num. 14 : 21 -35). Hoe betoon die HERE hierin sy geregtigheid én sy genade? Hoe betoon Hy hierin sy verbondswraak én sy verbondstrou?
5. Te laat wil die volk nou doen wat hulle uit die staanspoor moes doen. Daarvan lees ons in Numeri 14 : 39 - 45. Wat wou hulle gaan doen (lees ook Deut. 1 : 41)? Wat was die uiteinde van hulle poging? Waarom?

**Studie 4**

***Lees Numeri 16 en 17***

1. Was Korag, Datan en Abiram se argumente (Num. 16 3) ongegrond (lees ook Eks. 19 : 6 en 29 : 45)? Waarom was hulle besware verkeerd (lees ook Num. 12 : 6 - 8 en Eks. 28 : 1)? Watter verkeerde gesindheid openbaar die 3 manne verder in Numeri 16 : 13, 14?
2. Watter straf bring die HERE op die 3 manne af? Waarom, dink u, is hulle gesinne saam gestraf?
3. Waarom het 'n plaag die volk getref (Num. 16 : 41 - 50)?
4. Wat het die HERE bo alle twyfel met die bloeisels aan Aaron se staf gewys? Waarom word die staf van Aaron nie in die ark gebêre nie (Heb. 9 : 4) maar voor die (tent van) Getuienis neergesit?

**Studie 5**

***Lees Numeri 20 en 21***

1. Hierdie hoofstuk begin weer met die murmurerende volk. Watter klagtes voeg hulle by hulle primêre klagte (Num. 20 : 3 5)?

2. Watter staf moes Moses vat (Num. 20 : 8, 91? Waarom juis daardie staf (lees ook Num. 17 : 10)? Wat het Aäron gesê (Num. 20 : 10) en Moses gedoen (20 : 11) wat in stryd met God se bedoeling was? Waarom sê die HERE in Numeri 20 : 12 dat hulle Hom nie erken en nie geheilig het nie?
3. In 1 Korintiërs 10 : 4 word die rots daar by Meriba .'n "geestelike rots" genoem. Waarom?
4. Kyk op die eerste kaart agterin die 1983-vertaling van die Bybel waar die berg Hor geleë is. Kan u uit Numeri 20 : 21 aflei waarom die volk daarvandaan in 'n suidelike rigting gereis het?
5. In Numeri 21 is die volk weer besig om te kla, en lees ons weer van die straf wat oor hulle kom (21 1 10). Waarom, dink u, het die gene wat na die koperslang gekyk het, bly lewe? Hoe het hierdie genadedaad van God in die woestyn in Christus tot vervulling gekom (lees ook Joh. 3 : 14, 15)?

**Studie 6**

***Lees Numeri 22, 23 en 24 : 1 - 14***

In hierdie hoofstukke lees ons hoedat God sy almag ook buite Israel onder die heidene geopenbaar het. God praat selfs met die heidense waarsêer Bileam.

1. Waarom was dit vir Balak so belangrik dat Bileam Israel moes vervloek?
2. Waarom beveel God Bileam om met Balak se dienaars saam te gaan (22 : 20), maar wanneer Bileam gaan, vertoorn God Hom daaroor (22 : 22)?
3. Hoe bring God Bileam tot die besef dat dit Hy, die almagtige God van Israel, is wat met Hom handel?
4. Waarom het Bileam uiteindelik Israel geseën in plaas daarvan om hulle te vervloek?
5. In hierdie hoofstukke word die geskiedenis van Bileam blykbaar nie volledig beskryf nie, want in 2 Petrus 2 : 15 staan daar dat Bileam "die regte pad verlaat en verdwaal het" en in Judas 11 lees ons van "die verleiding van Bileam". Om meer te wete te kom van die verleiding van Bileam, lees Numeri 31 : 16 en Openbaring 3 : 14.

**Studie 7**

***Lees Numeri 25 : 1 - 18; 31 : 1 - 20; 34:1-14***

1. Waarom het die toorn van die HERE weer teen die volk opgevlam (Num. 25)? .
2. Om watter rede het God die gruwelike geskiedenis van Israel in die woestyn vir ons laat opteken en waarom moet ons dit lees (lees 1 Kor. 10 :5 - 11)?
3. Waarom, in die lig van Numeri 25, het Moses kwaad geword toe die krygsmanne van Israel die Midianitiese vroue nie doodgemaak het nie (31 : 14, 15)?
4. Na 40 jaar in die woestyn kom die volk uiteindelik by Kanaän aan om dit binne te trek. Vergelyk Numeri 34 met 'n kaart agterin die Bybel om te sien hoe die grense van die land deur God afgebaken is. Waarom het die nasate van Ruben en Gad nie 'n deel van die land Kanaän gekry nie (34 : 14; lees ook Numeri 32),
5. Waarom het die HERE self die afbakening van die land gedoen (34 : 12; lees ook 34 : 29; 35 : 34 en 36 : 13)?

## *DEUTERONOMIUM: Die wet word herhaal*

Deuteronomium is die laaste van die vyf boeke van die Pentateug. Tot dusver in die Pentateug is beskrywe hoe God alle dinge geskep het - ook hoe Hy vir Hom 'n verbondsvolk geskep het: uit die aartsvaders se nageslag het Hy Israel tot 'n volk omvorm, hulle uit die slawerny van Egipte verlos, 'n verbond met hulle opgerig, hulle weerspannigheid in die woestyn getugtig, hulle nogtans na 40 jaar in die woestyn tot by die beloofde land Kanaän gelei.

Met die boek Deuteronomium staan ons by die einde van hierdie geskiedenis. Israel het nou tot by die beloofde land gekom. Maar voordat die volk die land kan binnegaan, moet hulle eers weer herinner word aan wie hulle is, waarom hulle daar is en wat hulle roeping is. Daarom roep Moses die volk bymekaar en praat lank en ernstig met hulle. In Deuteronomium 4 : 1,2 hoor ons Moses sê: "Luister dan nou, Israel, na die insettinge en verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem."

Die boek Deuteronomium bestaan inderwaarheid uit vyf lang toesprake wat Moses daar vir die volk gehou het. In twee van die toesprake gee Moses, soos hieronder uiteengesit word, 'n herhaling van die wet. Hierdie twee toesprake beslaan die grootste deel van die boek, naamlik hoofstukke 5 tot 26 - vandaar die naam van die boek Deuteronomium, wat "wetsherhaling" beteken. Die boek kan dan soos volg ingedeel word:

- *Deuteronomium l - 4:* Die eerste toespraak, waar-in Moses 'n historiese oorsig oor die woestynreis (Hfst. 1 - 3) gee, ter inleiding van sy vermaning en opskerping.
- *Deuteronomium 5-11:* Die tweede toespraak, waarin Moses die Tien Gebooie herhaal, asook wette van verskillende aard.
- *Deuteronomium 12 - 26:* Die derde toespraak - 'n verskeidenheid van godsdienstige, burgerlike en seremoniële wette.
- *Deuteronomium 27 - 30:* Die vierde toespraak, oor die seën en vervloeking van die verbond.
- *Deuteronomium 31 - 34:* Moses se afskeidswoorde; sy dood en begrafnis.

### Liefde en Verbond

Al bevat Deuteronomium grotendeels 'n herhaling van die wette van Eksodus en Levitikus, is dit meer as 'n blote "wetsherhaling." Moses gee in hierdie boek 'n baie spesifieke perspektief op die wette. Hy verkondig naamlik die *liefde* as die grondsteen van die wetsvervulling (Deut. 6 : 5; 11 : 1, 13, 22; 19 : 9; 30 : 6,16,20). Die idee dat die liefdesperspektief op die wet iets is wat eers in die Nuwe Testament ontstaan het, is dus nie waar nie. Dit is reeds in die boek Deuteronomium gegee.

Verder verkondig Moses die wette as die *verbonds*bepalings van die HERE. Moses druk dit die volk op die hart dat hulle in 'n verbondsverhouding met die HERE staan (bv. 29 : 1, 9, 21). Israel is die "eien-domsvolk van God" (7 : 6; 14 : 2; 26 : 18) en die HERE is hulle God. Die woorde "die HERE julle God" kom by herhaling in Deuteronomium voor. Die volk word ook die *kinders* van die HERE genoem (14 : 1), en God word hulle *Vader* genoem (32 : 6). Hierdie verhouding word in die werk van Christus bevestig: deur Christus het God ons Vader geword en ons sy kinders (vgl. Kategismus Sondag 13 en Sondag 46).

### Deuteronomium se betekenis vir ons vandag

Die liefdes- en verbondsperspektief op die wet is reeds 'n aanduiding dat die boek Deuteronomium vir die kerk van die Nuwe Testament van besondere belang is. Dit word bevestig deur die feit dat die Here Jesus in sy prediking op aarde ryklik uit Deuteronomium aangehaal het. By die versoeking in die woestyn (Matt. 4:1-11) wys Hy die duiwel 3 keer af, juis met woorde uit Deuteronomium (8 : 3; 6 : 16; 6 : 13). Wanneer Hy van die "eerste en groot gebod" praat (Matt. 22 : 37), verwys Hy weer na Deuteronomium (6 : 5; 10 : 12; 30 : 6). Ook in Matteus 18 : 6, Johannesl8 : 7, Matteus 19 : 8 en 22 : 24 haal Jesus uit Deuteronomium aan.

Vir ons is dit belangrik om die boek Deuteronomium te lees om duidelik God se bedoeling met sy wet te begryp. Met sy wet stel God ons in die verhouding van kinders tot 'n Vader, wat nie uit blote pligpleging sy woorde gehoorsaam nie, maar uit liefde. Daarom is sy wet nie daar as 'n stel koue reëls wat die mens se lewe van buite af reguleer nie, maar as 'n liefdes-gebod wat in die harte van ons as kinders geskrywe moet staan. Deuteronomium 6 : 6: "Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees."

Verder getuig Deuteronomium van God se verbondstrou. Hy het sy volk 'n land beloof; hulle staan nou op die vooraand van die intog. Daarom verwag Hy nou ook van sy verbondsvolk dat hulle hul kant van die verbond sal nakom: gehoorsaamheid aan sy woord. Dit word in die Nuwe Testament vervul in Jesus Christus as die Verlosser en Heilbrenger deur Wie ons God se beloftes deelagtig word. Uit dank vir sy genade staan ons nou voor die heerlike opgawe om na sy wil te lewe.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke van u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
**Lees Deuteronomium 1 tot 4**

1. Kyk of u die woestyntog van Israel soos dit in Hoofstuk 1 tot 3 beskryf word, kan volg op die eerste kaart agterin die 1983-vertaling. Let veral op Horeb (Sinai, 1 : 6), Kades-Barnea (1 : 19), Elat (2 : 8), die gebied van Dorre (die nageslag van Esau, 2 : 8) en die gebied van Moab (2 : 18). Kyk op die tweede kaart agterin die 1983-vertaling waar die Moabiete (2 : 29) en die Ammoniete (2 : 37) gewoon het; ook waar die Jabbok-rivier (2 : 37), Gilead (2 : 36) en Basan (3:1-16) geleë was.
2. In 3 : 26 lees ons dat God Moses beveel het om nie meer oor 'n sekere saak te bid nie. Later kry ook die apostel Paulus so 'n opdrag (vgl. 2 Kor. 12 : 7 - 9). Stel God soms ook vir ons gebede perke? Wat lees u in Deuteronomium 4 : 29 - 31 oor liefde, trou en barmhartigheid? Hoe moet ons in die lig van hierdie woorde Israel se posisie in die Nuwe Testament verstaan (lees ook Rom. 11)?

**STUDIE 2**
**Lees Deuteronomium 5 en 6**

1. Kyk of u enige wesentlike verskille tussen die Tien Gebooie in Deuteronomium 5 en die Tien Gebooie in Eksodus 20 kan vind. Geleerdes wys daarop dat die Ou-Testamentiese wette (soos ons dit o.a. in Deuteronomium vind) in 3 verdeel kan word: die gods-diens-sedelike wet (wat in die Tien Gebooie saamgevat is), die burgerlike wette wat spesifiek vir Israel bedoel was) en die seremoniële wet (wat in Christus vervul is). Kan u aflei watter van die wette vir die gelowiges steeds bly geld? Wat is die verhouding tussen die Tien Gebooie en die verbond van die HERE (vgl. 5:2-6)?
2. Maak 'n opname hoeveel keer die woord "beloof" in hoofstuk 6 voorkom. Watter verband hou dit met die verbond van die HERE (vgl. 6 : 23 - 25)?
3. Wat leer Deuteronomium 6:6-9 ons van die verantwoordelikheid van verbondsouers met betrekking tot hulle kinders? Dit is duidelik dat die "voorhoofsband" en die "deurposte" in 6 : 8, 9 nie letterlik bedoel word nie. Hoe moet ons dit wel verstaan?

**STUDIE 3**
**Lees Deuteronomium 9, 10 en 11**

1. Moses maak dit in hierdie hoofstukke baie duidelik dat Israel nie verdien het om die beloofde land te ontvang nie. Waarom nie (vgl. 9:1-8)?
2. Waarop doen Moses 'n beroep wanneer hy voor die HERE vir die volk pleit (vgl. 9 : 26 - 29)? Wat is die HERE se antwoord op Moses se smeekgebed (vgl. 10 : 10)? Watter troos put ons hieruit?
3. Watter verband word in Deuteronomium 10 : 10 - 15 tussen die verbond en die uitverkiesing gelê?
4. Wat is, volgens Deuteronomium 10 : 16, die eintlike betekenis van die besnydenis? Vergelyk dit met Kolossense 2 : 11.

**STUDIE 4**
**Lees Deuteronomium 16 : 18 tot 18 : 22**

1. In Deuteronomium 16 : 18 - 17 : 20 het ons weer te doen met wat genoem kan word burgerlike wette. Watter goeie regs-beginsels word die regters opgelê in 16 : 19; 17 : 6; 17:8-9 en 17 : 13?
2. Het Israel 'n "godsdiens-neutrale" reg- en regeringstelsel gehad (vgl. 17:2- 5; 17 : 15, 18 - 20)? Hoe dink u wil die Here hê dat dit vandag moet wees?
3. Aan watter heidense praktyke by name mag Israel nie deel hê nie (vgl. 16 : 21; 17 : 3; 18 : 9 - 14)? Kyk of u voorbeelde uit die latere geskiedenis kan opspoor, veral in die tyd van die konings, waar Israel hierdie

verbod oortree het.

4. Teenoor die heidense goëlaars en waarsêers belowe God om (telkens) sy profeet te stuur, na wie die volk moet luister (18 : 15 - 22). Die lang lys van profete is goed bekend. Tog blyk dit uit Johannes 1 : 21, 25 dat die Jode verwag het dat hierdie belofte op een spesifieke profeet dui. Kyk of u uit Handelinge 3 : 19 - 26 kan vasstel wie die een persoon is.

**STUDIE 5**

**Lees Deuteronomium 22, 23 en 24**

1. In hierdie drie hoofstukke word bepaalde sedelike en burgerlike wette saamgevat. Maak 'n lys van die verskillende fasette van die lewe wat alles in hierdie wette gereël word.
2. Dink u dat hierdie wette in die praktiese lewe vir Israel bruikbaar was? Watter van die wette, dink u, kan vandag nog as goeie praktyk nagevolg word?
3. Die wette was egter meer as praktiese reëlings. Aan die einde van die wette (Deut. 26 : 16 - 19) wys Moses daarop dat God 'n baie spesifieke doel het met al die wette wat Hy aan sy volk opdra. Kan u die doel in 'n enkele sin saamvat (lees ook weer Lev. 19 : 2)?
4. Hoe kom die bedoeling van al hierdie wette in Jesus Christus tot vervulling (lees ook Matt 5 : 48 en Luk 1 : 35, 74, 75)?

**STUDIE 6**

**Lees Deuteronomium 29 en 30**

1. By die hernuwing van die verbond wys Moses die volk ter inlei-ding (29 : 2 - 8) daarop dat hulle die dinge wat in die woestyn met hulle gebeur het, reg moet verstaan. Hoe moet hulle dit verstaan (vgl. veral die laaste deel van vers 6)
2. Op watter belofte en eed berus die verbond (vgl. 29 : 10 - 15)?
3. Uit 29 : 16 - 29 en 30 : 1 - 20 is dit duidelik dat God se verbonds-beloftes na twee kante toe sny. Na watter twee kante toe?
4. Hoe word die beloftes van Deuteronomium 20 : 16, 20 in 1 Johannes 5 : 1 - 3 op Jesus Christus betrek? Hoe word God se liefde in Christus volmaak aan ons geopenbaar (vgl. 1 Joh. 4 : 7 - 19)?

**STUDIE 7**

**Lees Deuteronomium 31 : 1 - 8; 31 : 30 - 32 : 52 en 34 : 1 - 12**

1. Waarom het die HERE vir Moses gesê dat hy nie deur die Jordaan mag gaan nie (lees ook Numeri 20 : 12 en 27 : 13)?
2. Hoewel Josua as Moses se opvolger aangewys word, is dit uit 31 :3-5 duidelik dat dit nie Josua is wat die heidennasies voor Israel sal verdryf nie. Wie sal dit wel doen?
3. In die lied van Moses word die HERE God in meer as een opsig besing. Kyk of u gedeeltes van die lied kan uitwys waarin die HERE besing word as 'n. God van geregtigheid, as Beskikker van die nasies, as Vader van Israel, as Beskermer van sy volk, as die Heilige wat ongehoorsaamheid nie duld nie en as die genadige God wat versoening vir sy volk bring. Hoe word al hierdie werke van God in Jesus Christus volkome geopenbaar?
4. In Deuteronomium 34 : 10 lees ons dat daar nie weer 'n profeet soos Moses in Israel was nie. Hoe moet ons hierdie woorde in die lig van Hebreërs 3:1-6 verstaan?

## *JOSUA: Die beloofde land in*

Hoewel die boek Josua nie meer deel van die Pentateug-bundel vorm nie, sluit dit tog direk aan by die einde van Deuteronomium, deur te begin by die dood van Moses (1 : 1). Die boek dra die naam van die man wat deur God se beskikking optree as die hoofpersoon in die geskiedenis wat in die boek opgeskrywe is, naamlik *Josua.* Die naam *Josua* is 'n Hebreeuse naam wat beteken "Die Here is verlossing". Die Grieks vir Josua is *Jesus.*
Oor wie die boek geskryf het, is daar nie sekerheid nie. Waarskynlik het Josua self die skryfwerk gedoen.

### Waaroor gaan die boek?

Die boek Josua vertel hoe God die belofte van 'n land aan Abraham (Gen. 15 : 16) in vervulling laat gaan. Die boek bestaan uit twee hoofdele:

(1) Die verowering (hfst. 1 -12): Onder aanvoering van Josua en met die wonderbare krag van God verslaan die volk die heidene in Kanaän verpletterend.

(2) Die verdeling (hfst. 13-22): Die beloofde land word deur die lot onder die stamme verdeel. Die HERE deel dus die erfdeel uit.

Die boek sluit af met 'n afskeidsrede van Josua (hfst. 22 en 23) waarin hy die volk aan God se verbond herinner en hulle vermaan om die HERE te dien.

### Wat leer ons in die boek?

Die boek laat ons Israel sien as 'n volk wat 'n geruime tyd na die intog getrou bly in die diens van die HERE. Tog bly die sonde nie uit nie. Agan se sonde is 'n droewige noot in die varsheid van die nuwe begin.

Die boek Josua kom sterk ooreen met die boek Handelinge in die Nuwe Testament. Albei beskryf die kerk van die Here op die hoogtepunt van 'n nuwe begin nadat die Here die verlossing bewerk het. In die geloof word verrassende dinge gedoen, terwyl die sonde nog soos 'n slang in die midde van die kerk lewe.

Die boek verkondig aan ons dat God se volk, terwyl hulle deur sy weldade bevoorreg word, verplig is om sy verbond te hou en teen die sonde te waak.

Christus word ook in die boek geopen-baar: Josua is tipe (heenwysing) van Christus, nie net in sy naam nie, maar ook deurdat Josua die volk van die Here die beloofde land binnegelei het soos Christus die Godsvolk deur sy versoeningswerk die beloofde hemelse vaderland sou binnelei.

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybel-studiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Josua 1 en 2***

1. Die eerste Persoon wat in hierdie boek aan die woord kom, is die HERE (1 : 1-9). Let op die 4 op-dragte wat die HERE aan Josua gee, wat as't ware die kern van die boek saamvat. Let ook op die feit dat elke opdrag op 'n belofte berus.
2. Dui aan hoe Josua onmiddellik op al 4 opdragte reageer (1:10-18).
3. Waarom was Ragab bereid om die rug op haar eie mense te draai (lees Heb. 11 : 31)? Op grond waarvan het sy geglo (2:9-11). Wat, dink u, was die diepste grond van haar geloof (lees ook Joh. 6 : 44 en Ef. 2 : 8)?
4. In watter opsig het Ragab se woorde (2:9- 11) die HERE se bemoediging aan Josua bevestig (1 : 5; 2 : 24)?

**STUDIE 2**

***Lees Josua 3:1-5:1***

1. Waarom wou die HERE aan Josua groot aansien voor die volk gee (3 : 7)? Let op die verband hiervan met

die feit dat Josua vir die volk 'n vooruitwysing na Jesus Christus moes wees (vgl. Matt. 1 : 21).
2. Uit vers 15 blyk dat die deurtog deur die Jordaanrivier werklik 'n wonder was, omdat die rivier in vloed was. Waarom, dink u, was die rivier "in die dae van die oes" in vloed (neem veral die sneeu op die berg Hermon in ag)?
3. Hoe moes die nageslag van Israel en ook die ander volke blywend herinner word aan die wonder van die deurtog deur die Jordaan?
4. Hoe het die wonder bygedra tot die verwerkliking van God se belofte aan Josua dat Hy die land aan die volk sal gee (5 : 1)?

**STUDIE 3**

***Lees Josua 5:2- Josua 6***

1. Waarom was dit nodig dat Josua die volk weer moes besny (5:2-8)? Watter ander verbondsteken, naas die> besnydenis, het die volk daar in die vlaktes van Jerigo nagekom (5:10- 12)? Waarom?
2. In 5 : 13 - 15 lees ons van iemand wat aan Josua verskyn. Wie was dit en hoe weet u dit? Aan watter vroeëre verskyning herinner hierdie insident u? Waarom die ooreen-koms?
3. Waaraan kon Israel en ook die heidene weet dat dit die HERE was wat Jerigo tot 'n val gebring het? In ag genome dat sewe die volheidsgetal van God is, waarom dink u neem die getal sewe so 'n prominente plek in hierdie geskiedenis in (6 : 4, 8, 15)?
4. Waarom moes alles wat in Jerigo was, uitgedelg word (6 : 17)? Ge-sien in die lig van die feit dat Israel 'n *heilige* volk moes wees, aan watter praktiese rede vir die uit-delging kan u dink?
5. Ragab en haar familie se lewens is gespaar (6 : 17, 23, 25) omdat sy die verspieders van Josua nie verklap het nie. Kan dit wees dat die Here haar leuen goedgekeur het (lees ook Jak. 2 : 25)? In watter ander opsig was Ragab in die besonder deur die Here begenadig (vgl. Matt. 1 : 5)

**STUDIE 4**

***Lees Josua 7 en 8***

In hierdie twee hoofstukke sien ons hoe die volk deur ongehoorsaamheid aan die Here ellende en teëspoed oor hulleself bring, maar dat berou en terugkeer die seën van die Here oor hulle bring.

1. Waarom het die Israeliete die maklikste van al hul veldtogte, dié teen Ai, verloor (7:1- 12)?
2. Waarom is die hele Israel vir die sonde van een man (Agan) gestraf (7 : 13, lees ook 1 Kor. 5 : 6 -13)? Agan se sonde en straf toon sterk ooreenkomste met die sonde en straf van 'n egpaar In die eerste gemeente. Wie was die egpaar, en wat is die ooreenkomste (vgl. Hand. 6: 1 - 11)?
3. Israel het die koning van Ai tydens hulle tweede veldtog met slim strategie oorwin. Tog het die eintlike rede vir hulle oorwinning elders gelê. Wat was dit (7 ; 3; 8 : 7, 18)? Het Israel hierdie keer die HERE se opdrag om die vyand met die ban te tref, behoorlik nagekom (8 : 26 - 29)?
4. Waaruit is dit duidelik dat Josua en die volk die dank van die oorwinning aan die HERE gegee het en op Hom vertrou het (8 : 30 - 35)?

**STUDIE 5**

***Lees Josua 9 en 10***

1. Om armoedige mense te bejammer en tegemoet te kom, selfs al bedrieg hulle jou (soos die Gibeoniete vir Israel), is tog nie verkeerd nie. Nogtans het dit Israel in die noute laat beland. In watter noute het hulle beland (vgl. 9 : 15 - 20 met Deut. 7:1, 2)? Waarom het dit hulle oorgekom (9 : 14)?
2. Op watter manier is die banvloek wel op die Gibeoniete van toepas-sing gemaak (9 : 23 - 27)?
3. Met watter drie wonders het die HERE Israel in staat gestel om die leërs van die vyf Amoritiese konings te verdelg (10 : 9 - 14)? Watter heenwysing na Christus sien u in Josua se optrede met die Amoritiese konings in 10 : 24, 25 (lees ook Ps. 110: 1; 1 Kor. 15: 25 en Heb. 10 : 13)?
4. Uit 10 : 29 - 42 blyk daar nog 'n praktiese rede te wees waarom die HERE beveel het dat al die volke met die banvloek uitgedelg moes word. Wat was die rede (lees ook 1 : 2, 3).

**STUDIE 6**

***Lees Josua 11, 13 : 1 - 7 en 21 : 43-45***

Tot dusver is beskrywe hoe Israel onder aanvoering van Josua die suidelike deel van Palestina ingeneem het. In hoofstuk 11 lees ons van die groot slag van Merom waarby hulle ook die noordelike gebied verower het.

1. In 11 : 6 lees ons dat die HERE Josua bo en behalwe die banvloed beveel om die vyand se perde se hakskeensenings af te sny (sodat hulle nie weer kon hardloop nie) en hulle strydwaens met vuur te verbrand. Waarom het Hy hierdie bevel gegee (vgl. 1 : 9)?
2. Waarom het die HERE dit so beskik dat die ander volke bly oorlog maak het teen Israel (11 : 20)?
3. Kyk op die tweede kaart agterin die Bybel (1933/53- of 1983-vertaling) waar die HERE aan elk van die stamme van Israel sy gebied gegee het.
4. Kan ons sê dat die HERE se belofte aan Abraham oor 'n eie land reeds volledig in vervulling gegaan het (vgl. 21 : 43 - 45)? Watter belofte van 'n vaderland gee Hy aan die gelowiges van die Nuwe Testament (Heb. 11 : 9- 16)?

**STUDIE 7**

***Lees Josua 23 en 24***

1. Soos by die wetgewing by Sinai, maak die HERE dit nou weer deur Josua aan die volk duidelik dat Hy eers

verlos en dan, op grond van sy verlossing, gehoorsaamheid eis. Hoe het Hy dit by die wetgewing duidelik gemaak (vgl. Eks. 20 : 2)? Hoe maak Hy dit in Josua se toe-spraak aan die volk duidelik (23:3-11)?

2. In watter woorde verkondig Josua aan die volk dat God nie net aan sy beloftes van verlossing en seën getrou bly nie, maar ook aan sy beloftes van oordeel en onheil (vgl. hfst. 23)?
3. In 24 : 15 stel Josua die volk voor 'n keuse of hulle die HERE wil dien of nie. Het die volk, in die lig van die HERE se verlossingsdade (24 : 2 -13), werklik 'n ander keuse as om Hom te dien? En ons?
4. Watter antwoord het die volk gegee op hierdie woorde van Josua (vgl. hfst. 24)? Watter weerklank van Josua se eie woorde (24 : 15) hoor 'n mens hulle antwoord?

# *RIGTERS: God se volk tussen die heidennasies*

In die Pentateug het ons die spoor van Israel gevolg deur die woestyn tot by die beloofde land; in die boek Josua het ons gesien hoe hulle deur God se krag die land ingeneem het en die meeste heidennasies uitgeroei het. Nou, in die boek Rigters, sien ons hoe die volk daar in die beloofde land gevaar het.

Die prentjie wat van hulle daar geteken was, is nie baie vleiend nie. Dit is 'n geskiedenis van ontrou aan die HERE en van algemene wetteloosheid. Meer as een keer word van hulle gesê: "Elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë (bv. Rigt. 17 : 6 en 21 : 25).

In sy genade en trou sou die HERE egter nie sy volk ten gronde laat gaan nie. Hulle moes tot berou en inkeer kom en na die HERE van die verbond toe terugkeer. Daarom het Hy hulle, elke keer as hulle van Hom af wegdwaal, getugtig met invalle en aanvalle van die omliggende heidenvolke.

Maar die HERE se genade en trou gaan nog verder. Saam met die beproewing het Hy elke keer ook die uitkoms gegee. Dit het Hy gedoen deur mense wat Hy uit die geledere van Israel geroep hét om as instrumente in sy hand te dien deur wie Hy die volk telkens van die vyand verlos het. Hierdie mense het bekend gestaan as "rigters". Die rigters se opdrag van die HERE was om die volk in die stryd teen die vyand aan te voer, maar ook om daarna wet en orde in die land te handhaaf. Ons kan dus praat van die amp van rigter wat drie take ingesluit het: regering, regspraak en aanvoering van die leër.

By herhaling word in die boek genoem dat Israel in daardie dae nog nie 'n koning gehad het nie (Rigt. 17 : 6; 18 : 1; 21 : 25). Dit dui daarop dat die boek deur iemand in die tyd van die konings geskryf is. Volgens Joodse oorlewering was Samuel die skrywer.

## Waaroor gaan die boek?

Samevattend kan ons sê dat die boek Rigters God se dae met sy volk in die drie eeu tussen die optrede van Josua en die salwing van die eerste koning, Saul, beskrywe. Ten spyte van Josua se waarskuwings dat die heidennasies vir hulle 'n valstrik sal word (Jos. 23 : 13), trap die volk oor en oor in daardie strik en raak ongehoorsaam aan die HERE (Rigt. 17). Die HERE bly egter getrou en bewys genade deur die volk van sy verbond telkens te red en te lei deur die rigters wat Hy aanstel.

Uit die boek Rigters is dit duidelik: sonder God se besondere hulp kan Israel nie op die pad van die verbond bly nie. Die volk het die sterk gesag en vaste regering van 'n koning nodig. Die behoefte aan 'n koning vir God se volk is 'n heenwysing na die koms van die Ewige Koning, Jesus Christus (vgl. HK Sondag 12).

Hoewel dit mag lyk of dit telkens die rigters was wat die volk gered het, maak die boek Rigters dit op verskillende maniere duidelik dat die rigters maar net instrumente was deur wie God die redding bewerk het. Daarom tree die Engel van die Here dikwels op die voorgrond in die boek (bv. hoofstukke 2, 5, 6 en 13).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
***Lees Rigters 1 en 2, en 3 : 1 - 4***
Hierdie hoofstukke dien as inleiding tot die boek en gee **ons perspektief** op die verhouding tussen Israel en die **Kanaäniete** wat in die land oorgebly het,

1. Let op dat Juda, wat reeds die keur van die seëninge van Jakob ontvang het (Gen. 49 : 8 - 12), ook by die "skoon-maak" van die beloofde land voorkeur ontvang (1 : 1, 2). Het Juda hulle gebied werklik skoongemaak van heidennasies (vgl. veral i : 17)?

2. Het die ander stamme al die heidennasies in hulle gebied uitgeroei (1 : 21 - 36)? Was dit soos die HERE dit wou gehad het (vgl. Jos. 23 : 5 en ook Rigt. 2:1- 3)?
3. Wie was die Engel van die HERE waarvan ons in 2 : 1-5 lees? Lees hieroor Artikel 12 van die Nederlandse Geloofs-belydenis, asook die inskrywing onder Engel van die Here in die Woordelys agterin die 1983-vertaling.
4. Hoe het die HERE Israel se ongehoorsaamheid as 'n beproewing vir hulleself gebruik (2 : 20 - 3 : 4)?

**STUDIE 2**

***Lees Rigters 3 : 5 - 4 : 24***

Van hier af verderaan in die boek word beskryf hoedat Israel verskillende kere afvallig raak, deur die HERE kasty word en dan weer deur die rigters verlos word.

1. Dui aan hoe die aanvanklike ongehoorsaamheid van Israel (om nie die heidennasies uit te roei nie) werklik vir hulle 'n valstrik geword het, sodat dit van kwaad na erger gegaan het (4:5- 7).
2. Waaruit weet ons dat Otniël 'n bekwame kryger was (vgl. Jos. 15 : 18 - 19 en Rigt. 1 : 12 - 15}? Wat het Otniël werklik bekwaam gemaak om 'n rigter vir Israel te wees (3 : 10)? By watter ander rigters word uitdruklik genoem dat die Gees van die HERE oor hulle gekom het?
3. In Rigters sien ons hoedat God oor en oor dieselfde pad met sy ontroue volk loop: tugtiging, berou, verlossing. Let op hoe hierdie pad in 'n neutedop saamgevat word in 3 : 14, 15.
4. Het Ehud werklik 'n boodskap van God gehad om aan koning Eglon oor te dra, of het hy gelieg? Hoe het God Ehud se linkshandigheidbeskik as 'n instrument om die koning van Moab om die lewe te bring?
   Watter drie funksies het Debora in Israel verrig (4 : 4, 5J? Watter teregwysing het die HERE op Barak se onwilligheid gegee (4 : 9; 4 : .17 - 22)? Hoe is die geestelike peil in Israel in die kalklig gestel deur die feit dat vroue (Debora, Jael) die knoop vir die volk moes deurhaak?

**STUDIE 3**

***Lees Rigters 6 en 7.***

In die tyd van die Midianiete het die HERE 'n profeet na Israel gestuur om hulle te leer dat hulle nie maar net uit angs vir hulle vyande tot die HERE moet bid nie. Iets anders moet ten gronde van hulle noodgebede lê. Wat dink u is dit (vgl. 6:7 - 10)?

1. Waarom het Gideon oor en oor 'n teken van die HERE gevra (6 : 17; 6 : 36 - 40)? Waarom dink u het die HERE elke keer aan Gideon se versoek voldoen. Hoekom dink u het die Engel van die HERE Gideon 'n dapper held genoem (6 : 12; ook 6:27-32)?
2. Waarom sê die HERE telkens dat Gideon te veel manskappe het (7 : 2)? Waarom stuur Gideon sonder teëstribbeling die groot klomp manskappe huis toe (lees Heb. 11 : 32 - 34)? Waarom beveel God dat die manskappe wat op hul knieë vooroor gebuig het om water te drink, huis toe moes gaan?
3. Hoe het die HERE vir oulaas aan Gideon die versekering gegee dat Hy hom die oorwinning oor die Midianiete sal gee (7:9 - 15)? Watter getuienis moes die 300 manne van Gideon lewer dat dit die HERE was wat hulle die oorwinning gee (7 : 16 - 20)? Hoe het die HERE uiteindelik self die Midianiete verslaan (7 : 21, 22)?

**STUDIE 4**

***Lees Rigters 8 en 9.***

1. Terwyl Gideon die Midianiete agternagesit het, kry hy te doen met die gekrenkte eer van die Efraimiete (8 : 1) en met lafhartige verraad van die manne van Sukkot en Pnuel (8:5-
   8). Hoe het Gideon dit hanteer? Waaruit kan u aflei dat Sukkot en Pnuel se optrede eintlik verraad teen God was en nie verraad teen Gideon nie (8 : 7)?
2. Waarom het Gideon die aanbod van Israel om hom koning te maak, van die hand gewys (8 : 23)? In watter opsig is Gideon se antwoord 'n heenwysing na Jesus Christus?
3. Hoewel sommige verklaarders van mening is dat Gideon uit die gebuite goud (8 : 24) 'n beeld gemaak het (1983-vert.: 'n "efodbeeld", 8 : 27), was die efod niks anders nie as 'n pragtige skouerkleed wat die priesters in opdrag van die HERE moes dra (Eks. 28 : 6 - 35). Gideon se sonde was dus nie soseer afgodery nie, maar dat hy die erediens op 'n ongeoorloofde manier wou bedryf, deur die diens van die priesters na te boots.
4. Jotam ontmasker Abiméleg se heerssug deur 'n fabel te ver-tel oor die bome wat 'n koning wou salf (die enigste ander voorbeeld van 'n fabel in die Bybel is in 2 Kon. 14 : 9). Hoe word die fabel op Abiméleg van toepassing gemaak?
5. Watter gruwels het Abiméleg begaan en hoe het God hom daarvoor gestraf?

**STUDIE 5**

***Lees Rigters 10 en 11, 12: 1 - 7.***

1. Rigters 10 : 6 - 16 beskryf pragtig hoe die HERE sy volk deur beproewing tot berou en bekering lei. Op watter grond pleit die volk dat die HERE hulle sal red? Waaruit blyk God se genade en ontferming oor sy volk (10 : 16)?
2. In watter opsig was die besluit van die leiers van Gilead om Jefta te gaan vra om hulle aan te voer, 'n teken van ootmoed en selfverloëning (11 : 1 - 10)? Hoe was Jefta se antwoord 'n bewys van sy geloof (10 : 9)?
3. Was die koning van Ammon se klag dat Israel sy grond afgeneem het, gegrond (lees Deut. 2 : 19, 37)?
4. Het Jefta werklik gedink dat die afgod Kamos in staat was om vir die Ammoniete grond te beskik (11 : 24)? Waarom noem hy die HERE "die regter" in vers 27?
5. Hoe het die HERE Jefta laat besef dat sy gelofte (11 : 30, 31) ondeurdag was? In die eerste deel van 11 : 39

lyk dit of Jefta sy dogter toe wél geoffer het. In die lig van Levitikus 18 : 21 en 20 : 2-5 asook Deuteronomium 12:29-31 lyk dit egter onwaarskynlik dat die HERE 'n behae in so 'n brandoffer sou hê. Waarom? Op watter ander manier het Jefta moontlik sy gelofte nagekom (veral in die lig van die tweede deel van Rigt. 11 : 39) en waarom sou dit vir Jefta steeds 'n hartverskeurende offer wees?

**STUDIE 6**

***Lees Rigters 13 en 14.***

1. Waaruit weet ons dat Simson deur God self aangewys is as instrument om Israel te verlos? Wat is 'n nasireër (lees die inskrywing onder Nasireër in die Woordelys agterin die 1983-vertaling)?
2. Met watter ander geboorte-aankondigings het dié van Simson sterk ooreenkomste (vgl. Gen. 18 : 10, 11; Luk. 1:7- 15)? Van wie, behalwe Simson (13 : 5), lees ons ook dat hy van sy moederskoot af afgesonder is vir die diens van die Here (Gal. 1 : 15)?
3. Op watter manier het die HERE die stryd tussen Israel en die Filistyne aan die gang gesit (14 : 1-4)?
4. Hoe was die leeu wat Simson verskeur het, vir homself 'n teken dat die HERE met hom was (14 : 5, 6)?
5. Hoe weet ons dat Simson die 30 man by Askelon nie bloot uit wraak of ter wille van blote klereroof doodgeslaan het nie (14 : 19)?

**STUDIE 7**

***Lees Rigters 15 en 16***

1. Die volk staan vyandig teenoor Simson, die man wat deur die HERE gestuur is om hulle te verlos, en lewer hom aan die Filistyne uit (15 : 11 - 13). Eeue later het God 'n verlosser gestuur wat weer deur die volk aan die heidene oorgelewer is. Wie was hy (Joh. 18 : 28 - 40)?
2. Die Filistyne juig omdat hulle Simson oorwin het, maar Simson draai die prentjie om en slaan duisend van hulle met 'n eselskakebeen dood. Daarin sien ons iets van 'n goddelike ironie. Daarin sien ons ook iets van Christus wat eeue later, toe Hy oënskynlik aan die kruis 'n nederlaag gely het, dit in 'n oorwinning omskep het.
3. Waarom dink u was Simson so kortsigtig dat hy Delila se strik nie kon raaksien nie (16 : 6 - 17)? Was Simson se krag werklik in sy lang hare geleë (vgl. 16 : 20)?
4. Let op die teenstelling tussen die Filistyne se roem in hulle god Dagon (16 : 23, 24) en Simson se vertroue in die Here God (16 : 28). Watter troos kan die gelowige wat beproewing ly, uit hierdie geskiedenis put?

## *RUT: Die nasies kry deel aan die heil*

Die boek Rut kry sy naam van die Moabitiese vrou wat die hoofpersoon is in die geskiedenis wat daarin vertel word. Dit is een van die vyf boeke wat die "feesrolle" genoem is, omdat hulle op die groot feeste van Israel voorgelees is. Die ander feesrolle is: Ester, Prediker, Hooglied en Klaagliedere. Die boek Rut is gelees op die Pinksterfees. God se voorsienigheid het dit so bepaal, want die inhoud van die boek Rut sluit volkome aan by die gebeure op die Pinksterfees in die boek Handelinge, toe God sy kerk na die heidene uitgebrei het.

Dikwels is al opgemerk dat die boek Rut een van die pragtigste kuns-werke in die wêreldletterkunde is. Sommige geleerdes beskou dit as 'n mooi novelle (d.w.s. 'n verhaal waarin die lewe van die hoof-karakter ingrypend verander). Daarmee word egter nie weggeneem dat die boek gebeurtenisse beskrywe wat werklik in die geskiedenis gebeur het nie.

Die gebeure van die boek Rut het in die tyd van die rigters plaasgevind (Rut 1:1). Wie die boek geskryf het, weet ons nie. Ons kan wel met sekerheid sê dat die boek eers in die tyd van Dawid geskryf is, aangesien die geslagsregister aan die einde van die boek deurloop tot by Dawid.

### Waaroor gaan die boek?

Die boek beskryf die geskiedenis van Rut, die Moabitiese vrou wat haar eie volk en dié se afgode verlaat het om die God en volk van haar Israelitiese skoonmoeder, Naomi, te verkies.

Die sleutel om die boek te verstaan, lê in die laaste verse, waarin die geslagsregister van koning Dawid gegee word. Daarin sien ons dat in die persoon van Rut ook die heidene deel kry aan die geslags-lyn van koning Dawid, uit wie se nageslag die Christus gebore sou word. Maar voor Rut in die posisie gestel kon word, moes sy eers deur die geloof met die volk van God verenig word.

Die vrymagtigheid van God word op 'n besondere manier in die boek bekend gemaak. God is nie gebonde aan die fisiese nageslag van Abraham as dit by sy verbondsvolk kom nie. Van buite Israel voeg Hy Rut toe tot die geledere van sy verbondsvolk. Dit doen God in sy uitverkiesende genade. Dit sien ons in die feit dat Hy Orpa laat terugdraai na haar volk en haar gode, maar Rut laat saam gaan.

So gee God reeds in die Ou Testament te kenne hoe Hy sy Nuwe Testamentiese verbondsvolk sou vergader. In sy vrymagtige uitverkiesende genade, langs die weg van geloof voeg Hy tot sy volk toe.

## VIER BYBELSTUDIESTUKKE

Die onderstaande vier Bybelstudiestukke is opgestel om saam met dié oor Ester oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

***STUDIE 1***
***Lees Rut 1***

1. Let op die belangrike plek wat *weggaan* en *terugkeer* in hierdie hoofstuk het (vers 1,7,8,10,11,12,15,21,22). In watter opsig was Rut se weggaan uit haar land inderwaarheid 'n terugkeer?
2. Een van die redes wat Naomi aanvoer vir Orpa en Rut om om te draai, is: "Het ek nog seuns in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?" (1 : 11 - 13). Wat sou Naomi met die op-merking bedoel het (vgl. Deut. 25 : 5)?
3. Waarom kan 'n mens sê dat Rut se woorde in vers 16 meer as net lojaliteit teenoor Naomi inhou? Waarom dink u het Rut hierdie (vir die mens) onbegryplike lewenskeuse gemaak?
4. Gedagtig aan die betekenis van die naam Naomi ("lieflikheid"), waarom dink u het die vroue in Betlehem verbaas gevra: "Is dit Naomi?"? Vergelyk ook Naomi se eie antwoord (vers 17). Watter blinde ondankbaarheid bespeur u in Naomi se woorde?

***STUDIE 2***
***Lees Rut 2***

1. Die pragtige in die "liefdesverhaal" van Boas en Rut is dat God hulle, soos die huweliksformulier dit stel, as met sy eie hand na mekaar toe lei. Let op hoe God hulle na mekaar toe lei deur die bepalings van sy wet (2 :

2, vgl. ook Lev. 19 : 9, 10) en deur sy beskikking (Rut 2 : 3).

2. Boas is klaarblyklik nog meer aangetrokke tot Rut se geestelike hoedanighede as tot haar uiterlike hoedanighede (2 : 10 - 12). In Rut se optrede is daar 'n sterk ooreenkoms met Abraham se optrede te bespeur. Kyk of u 'n verband kan raaksien tussen Rut 2 : 11,12 en Genesis 12 : 1,2.
3. In hoofstuk 1 sê Naomi dat sy vol weggetrek het en leeg teruggekom het (1 : 21). In Hoofstuk 2 sien ons hoedat God Rut leeg laat wegtrek en vol laat terugkom. Waarin is dit sigbaar?

***STUDIE 3***
***Lees Rut 3***

1. Dink u dat Naomi se plan om Rut en Boas by mekaar uit te bring, reg was (vgl. veral 3 : 14)? Met watter ander vrou uit die geskiedenis van Israel kan Naomi se ongeduld om God se beplanning vooruit te loop, vergelyk word (vgl. Gen. 16 : 1 - 3)?
2. In vers 9 sê Rut dat Boas haar losser is. Wat word daarmee bedoel? Lees hieroor die inskrywing onder *Losser* in die Woordelys agterin die 1983-vertaling. In Job 19 : 25 noem Job die Here sy Losser. Wat sou daarmee bedoel word? Watter heenwysing na die Nuwe Testament vind u in hierdie woorde?
3. Waarom dink u het Rut so 'n goeie naam in die stad gehad (3 : 11)? Let op die ooreenkoms van hierdie woorde met Spreuke , 31 : 31. i

***STUDIE 4***
***Lees Rut 4***

1. Teenoor die minder eerbare koers waarin die verhouding tussen Boas en Rut kon verloop het (3:7- 14), kies Boas die eerbare pad. Waaraan kan 'n mens sien dat Boas die reëlings oor die lossing van Rut ordelik volgens die wet wil laat verloop? Wat kan ons daaruit leer met betrekking tot liefde en goeie orde in huwelike vandag?
2. Boas ontvang van die stadsvaders meer as net die wetlike toe-stemming om Rut as sy vrou te neem. Hy ontvang ook hulle seën. Waarom vergelyk hulle Rut met Ragel (vgl. Gen. 29 : 30), met Lea (vgl. Psalm 128) en met Tamar (vgl. Gen. 38 : 29 met Rut 4 : 18)?
3. Hoe word Naomi se woorde van 1 : 20,21 weer in 4 : 14,15 geloënstraf?
4. Waarom is dit so belangrik dat Dawid uit die nageslag van Rut gebore is (4 : 17 - 22)? Watter perspektief gee dit op die geskiedenis van Rut?

## *ESTER: God se wonderbare beskikking*

Die boek Ester is, net soos Rut, vernoem na die vrou wat as hoofpersoon in die boek optree, naamlik die persoon Ester. Wie die boek geskryf het, weet ons nie. Wat ons wel weet, is dat, soos hier langsaan aangedui is, Ester saam met Rut deel vorm van die sogenaamde "feesrolle". Waar Rut altyd by die Pinksterfees voorgelees is, is Ester voorgelees by die Purimfees.

Die boek beskryf die geskiedenis van Ester, 'n Jodin, wat in die ballingtyd koningin van Persië geword het, sodat God deur haar sy volk van uitwissing kon red. Die koning Ahasveros waarvan ons hier lees, staan buite die Bybel bekend as *Xerxes*, wat van 485 -465 v.C. oor Persië regeer het.

Interessant is dat God se Naam nêrens in die boek Ester voorkom nie. Nogtans ontbreek dit nie in die boek aan die optrede van God nie. Die eeue-oue worsteling tussen die "vrouesaad" en die "slange-saad" (Gen. 3 : 15) word in Ester se geskiedenis voortgesit. Soos altyd bewaar God op wonderbare wyse die "vrouesaad", sy verbondsvolk.

Die boek is dus 'n openbaring van die voorsienigheid van God. Die sleutel tot die boek lê in Mordegai se woorde aan Ester in Hoofstuk 4 : 14: "Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie in koninklike waardigheid geraak het nie?"

## DRIE BYBELSTUDIESTUKKE

(Sien Rut – hierdie studiestukke is opgestel om saam met dié by Rut gedoen te word)

**STUDIE 5**
***Lees Ester 1 en 2***

1. Let op hoedat God se voorsienige raadsplan in werking begin tree met onenigheid aan die hof van 'n heidense koning (Hoofstuk 1). Op sigself is dit onbelangrike bysake. Maar daarmee skuif God as't ware die dekor reg vir sy optrede deur Ester wat moet volg.
2. Watter verskil is daar in die deugsaamheid wat Boas in Rut raak-gesien het (vgl. Studie 2 hier langsaan) en die deugde wat Ahasveros in Ester raakgesien het?
3. Die spreekwoord sê: Met 'n krom stok word soms 'n reguit hou geslaan. Hoe kan hierdie woorde van toepassing gemaak word op die manier waarop Ester koningin van die koning van Persië geword het asook die feit dat sy sy vrou geword het?

**STUDIE 6**

***Lees Ester 3,4,5 en 6***

1. Let op die teenstelling tussen Haman se magsug (3 : 1 - 6) en omkopery (3 : 9) enersyds en andersyds Mordegai en die Jode se roubeklag (4:1-3).
2. Op die oog af beskryf hierdie hoofstukke 'n botsing tussen Haman en Mordegai. Watter botsing meen u lê eintlik ten gronde van die geskiedenis in hierdie hoofstukke (vgl. ook Job 1)?
3. By watter ander geleentheid was die Godsvolk ook onder 'n vreemde koning deur uitwissing bedreig (vgl. Eksodus 12)? Deur watter een man het God by daardie geleentheid verlossing bewerk?
4. Met watter drie argumente het Mordegai Ester tot optrede beweeg (4 : 13 - 14)? Hoe wys Ester in haar antwoord aan Mordegai (4 : 16) dat sy met die optrede wat sy beplan haar lewe in die hand van die Here lê?
5. Hoe het die Here self direk die gebeure in-'n bepaalde koers gestuur (6:1-3)?

**STUDIE 7**

***Lees Ester 7,8 en 9***

1. Let op hoe die spanning in die vertelling van hoofstuk 7 opbou tot waar Haman as die skuldige aangewys word (vers 6) en dan die ironiese afloop met die galg wat Haman vir homself gebou het (vers 9).
2. Hoe sien u in Ahasveros se besluit oor die Jode (8:7- 14) God se wonderbare beskikking?
3. Met watter ander persoon in die geskiedenis van Israel vertoon die gebeure met Mordegai (2 : 21 - 23; 6 : 1 - 3; 8 : 2,15) duidelike ooreenkomste (vgl. Gen. 40 : 1 - 41; 43)?
4. Die geskiedenis van Ester waarin God op die regte tyd iemand voorsien het ten einde sy volk van die dood te verlos, het ook 'n Messiaanse heenwysing. Kyk of u die heenwysing onder woorde kan bring.

# *1 SAMUEL: Die volk kry 'n koning*

Vir 400 jaar lank het die HERE oor Israel regeer deur die rigters. En toe het daar 'n nuwe tyd aangebreek: die tyd van die konings. Hoe die koningstyd begin het, word beskryf in die boek 1 Samuel. Die res van die geskiedenis van die konings — ook 'n geskiedenis van 400 jaar — word beskrywe in die boeke 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke. Ons kan dus sê dat 1 Samuel 'n inleiding is tot die bundel van koningsboeke in die Ou Testament.

Die boek is na Samuel genoem omdat Samuel 'n sentrale plek beklee in die geskiedenis wat daarin beskryf word. Die eerste helfte van die boek (hoof-stukke 1 - 12) bevat Samuel se eie lewensgeskiedenis. Daarna (hoofstukke 13 - 31) verskuif die aandag na Saul en Dawid, die eerste konings. Maar ook in hulle geskiedenis neem Samuel 'n belangrike plek in.

Volgens Joodse oorlewering het Samuel self die boek geskrywe. In hoofstuk 25 : 1 word egter 'n beskrywing gegee van Samuel se dood. Daaruit moet ons aflei dat iemand anders gehelp het om die boek klaar te skryf. In ieder geval weet ons dat die Eintlike Skrywer steeds die Heilige Gees van God was (vgl. 1 Pet. 1 : 21).

## Waaroor gaan die boek?

Die koningskap oor Israel loop soos 'n goue draad deur die boek. As gevolg van verdeeldheid en losbandigheid wil die volk 'n koning hê. God staan hulle versoek toe, juis om hulle te leer dat God self die eintlike Koning van Israel is en bly.
Daarom gebeur dit so dat Saul as koning 'n mislukking is. Die volk moes sien dat geen mens God se plek as Koning kan inneem nie. Toe laat God Dawid as koning salf. Dawid se koningskap moes heenwys na die volmaakte Koningskap van die Messias, Jesus Christus, wat uit die nageslag van Dawid gebore sou word.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybel-studiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studie-stukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
***Lees 1 Samuel 1, 2 : 18 - 27 en 3 : 1 - 21***
Hierdie hoofstukke handel oor die geboorte en jeugjare van Samuel.

1. Met watter vroeëre rigter se geboortegeskiedenis vertoon dié van Samuel sterk ooreenkomste (vgl. Rigt. 13)?
2. In 1 Samuel 1 word God twee keer "HERE van die leërskare" genoem. Dit is die eerste keer in die Bybel dat God Hom met hierdie Naam bekend maak, en verderaan kom dit dikwels voor. Met dié Naam word God bekendgestel as hemel-koning, wat in heerlikheid omring word deur 'n magdom engele. Waarom dink u kom die benaming juis in 1 Samuel na vore?
3. In hierdie geskiedenis word dit al duideliker dat nie net die priesterskap (van Hofni en Pinehas) nie, maar ook die rigterskap (van Eli) in 'n betreurenswaardige toestand was. Waarin kan 'n mens Eli se onbekwaamheid duidelik sien (vgl. 2 : 22 - 25)?
4. Wat het God in sy naggesprek met die jong Samuel bekend gemaak: dat Hy oordeel oor die huis van Eli bring? Of dat Hy voortaan Samuel as sy profeet sou gebruik? Of albei?

**STUDIE 2**
***Lees 1 Samuel 4 en 8***
Hierdie hoofstukke beskryf Israel op 'n laagtepunt in hulle geskiedenis, asook hulle begeerte na 'n koning.

1. Waarom het die volk in die oorlog teen die Filistyne die ark van die HERE laat haal •— omdat hulle op die HERE vertrou het, of omdat hulle op die ark vertrou het (4:3-6)?
2. Die naam Ikabod, wat "verlore eer" beteken, vat die droewige toestand van Israel in daardie dae treffend saam. Wie se eer was verlore: dié van Israel, dié van Eli, of dié van God (vgl. 4 : 18 - 19)?
3. Op die oog af lyk dit of die volk se versoek om 'n koning te kry, 'n mosie van wantroue in Samuel as rigter is. Maar wie se regering het hulle in werklikheid verwerp (vgl. 8 : 7)?
4. Waarom het die HERE aan die volk se versoek toegegee (8 : 10 - 18)?
5. Wat was die eintlike rede vir die volk se versoek (8 : 19, 20)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Samuel 9 en 10***

1. Waarom dink u word die hele geskiedenis van Saul se soektog na die donkies in hierdie hoofstuk so in besonderhede vertel (9:15-17)?
2. In 10 : 1 lees ons dat Samuel Saul met olie gesalf het, 'n simboliese handeling wat voorheen net met die priesters gedoen is. Waarom word ook Saul gesalf? Watter heenwysing vind ons in hierdie salwing na Jesus Christus?
3. Die salwing was 'n teken van goddelike aanstelling en bekwaammaking. Hoe het die betekenis van sy salwing dadelik in Saul se lewe sigbaar geword (10 : 9 - 11)?
4. Waarom was dit nodig dat Saul, nadat God hom reeds tot koning gesalf het, op 'n volksvergadering deur die lot van koning aangewys word (10 : 17 - 24)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Samuel 12 : 1, 13- 15; 13 : 1 - 14; 15 : 1 - 27***

1. In Samuel se laaste rigterstoespraak voor die volk word beklemtoon dat hulle begeerte na 'n eie koning nie tot eer van die Here was nie. Hoe is hierdie boodskap sigbaar aan die volk bevestig (12 : 16 - 19)?
2. Tog maak Samuel dit ook duidelik dat 'n koning nie noodwendig vir die volk ten kwade hoef te wees nie, mits aan sekere voorwaardes voldoen word. Wat is hierdie voorwaardes (12 : 14, 20 - 21)? Te midde van al hierdie dinge is daar egter een vaste troos vir die volk. Wat is dit (12 : 22)?
3. In die verslag teen die Filistyne was Saul haastig om die brandoffer te bring. Waarom (13 : 7, 8, 11, 12)? Waarom dink u het Samuel so getalm om die offer te bring (13 : 13,14)? Watter sondige beskouing van die brandoffer kom in Saul se woorde na vore (13 : 12)?
4. Wat was die aard van Saul se sonde in die oorlog teen Amalek (15:1- 27)?

**STUDIE 5**

***Lees 1 Samuel 16 en 17***

1. In hierdie hoofstukke neem die koningsgeskiedenis 'n belangrike wen-ding. Dawid, wat deur God bestem is as Saul se opvolger en in wie die heerlikheid van die teokratiese (Godregerende) koningskap in volle glans sou skitter, tree na vore.
2. Op watter manier het God uit die staanspoor vir Samuel gewys dat Dawid nie volgens die verwagtings van mense sal regeer nie, maar na die behae van God (16 : 7 - 13)?
3. Hoe het God dit beskik dat Dawid van jongs af met die sake van die koninklike hof vertroud geraak het (16: 14-23)?
4. Waarin kan 'n mens duidelik sien dat Dawid die reus Goliat *in die geloof* die stryd aansê (17 :45 - 47) en dat dit nie vir Dawid om sy eie eer gaan nie, maar om die eer van die Here (17 : 36)?
5. God het Dawid as instrument gekies om die uitdagende Goliat te verslaan en so die Godsvolk van die mag van die Filistyne te verlos. Wie het God later uit die nageslag van Dawid gestuur om die teenstander wat God self uitgedaag het, te oor-win en sy volk in ewigheid te verlos (vgl. Heb. 2 : 14,15; Joh. 8 : 34 -36)?

**STUDIE 6**

***Lees 1 Samuel 18 : 1 - 13; 19 : 9 -24; 24 : 1 - 13***

1. Was Saul maar net afgunstig op Dawid se oorlogsprestasies, of was daar 'n dieperliggende rede vir sy jaloesie (18 : 12)?
2. In Dawid se koningskap is daar verskeie heenwysings na die volmaakte Koningskap van Christus. Watter moontlike heenwysing kan u raaksien in die geskiedenis wat onder meer in 19:9-11 beskryf word?
3. Uit die gebeure met Saul se boodskappers in 19 : 20, 21 was dit duidelik dat Dawid besondere beskerming geniet. Wie het hom beskerm? Dink u dat Saul besef het dat Dawid hierdie besondere beskerming ontvang? Waarom het hy dan oor en oor probeer om Dawid te laat vang?
4. In 19 : 23,24 lees ons dat die Gees van God oor Saul vaardig geword het en hy geprofeteer het, oënskynlik net soos in 1 Samuel 10 : 11,12 gebeur het. Dink u dat dit 'n blote herhaling van dieselfde gebeure was? Dink u dat die spreekwoord "Is Saul ook onder die profete?" in 19 : 23,24 met dieselfde gevoelswaarde gebruik is as by 10 : 11, 12?

**STUDIE 7**

***Lees 1 Samuel 28 en 31***

Hierdie laaste hoofstukke beskryf die laaste dae van Saul se lewe en die ondergang van sy koningskap. 'n Ligpunt in die vreeslike einde van Saul is dat God reeds Dawid as opvolger en as koning na sy hart laat salf het.

1. In 28 ; 6 lyk dit op die oog af of Saul op hierdie laat stadium nog na die Here wil luister, want hy raad-pleeg tog die HERE. Maar die HERE gee geen antwoord nie. Saul se reaksie hierop wys egter hoe ver hy in werklikheid van die HERE af weggedwaal het. Waarin sien 'n mens dit (vgl. 14 : 37, 38 met 28 : 6,7)?
2. Het Saul by sy besoek aan die dodebesweerster van Endor self Samuel gesien (vgl. 28 : 13,14)? Kon die vrou werklik Samuel uit die dood uit oproep (vgl. Pred. 9:5-10; Job 14 : 21 en Jes. 63 : 16)? Hoe moet dit dan verklaar word dat Samuel in 28:15-19 praat?* Gaan hierdie geskiedenis na in die lig van onderstaande voetnoot.
3. Hoe het die woorde van 28 : 19 bewaarheid geword (vgl. hoofstuk 31)? Dink u dat Saul werklik na sy dood "by Samuel" was?
4. Waarom dink u eindig die koningsgeskiedenis in hierdie boek op so 'n tragiese noot (vgl. die inleidende

opmerkings hier langsaan)?

* Verklaarders gee verskillende verklarings vir Sameul se verskyning aan Saul. *Kell* is van mening dat Samuel wel verskyn het, maar dat dit deur 'n wonderdaad van God gebeur het en nie deur die dodebesweerdery van die vrou nie. *Calvyn* en *Luther* en later ook *Kuyper* sê dat dit nie Samuel was nie, maar 'n bose gees wat in die gedaante van Samuel verskyn het. *De Graaf* meen dat die vrou deur middel van telepatiese krag Samuel en sy woorde in Saul se onderbewussyn "gesien" het, met ander woorde dat dit eerder 'n geval van gedagtes lees as 'n geval van geestesoproepery was. Die gegewens is egter te min om by 'n definitiewe antwoord uit te kom.

# *2 SAMUEL: Dawid, die koning na Gods hart*

Na die dood van Saul het Dawid koning geword oor Israel. Dawid se koningstyd word op twee plekke in die Bybel beskrywe: in die boek 2 Samuel en weer in 1 Kronieke 11 - 29. Die Kronieke-weergawe is eintlik 'n korter samevatting van die geskiedenis. In 2 Samuel het ons 'n vollediger beskrywing van Dawid se regering. Toe Dawid koning geword het, was Samuel reeds dood (vgl. 1 Sam. 25 : 1). Die boek beskryf dus gebeure wat eers ná Samuel se dood plaasgevind het. Waarom word die boek dan na Samuel genoem? Om die eenvoudige rede dat 1 Samuel en 2 Samuel aanvanklik een lang boek was en eers later in twee verdeel is. Die onbekende skrywer wat Samuel gehelp het om 1 Samuel te voltooi, was dus in alle waarskynlikheid ook die skrywer van 2 Samuel (vgl. die vorige Bybelstudie oor 1 Samuel). In die loop van die boek leer ken ons Dawid as 'n koning wat 'n gehoorsame dienaar van die HERE wou wees. Dawid is nie sonder sonde nie, maar in alles wat hy doen, erken hy dat die HERE die eintlike Koning van Israel is en bly.

## Wat word alles in 2 Samuel beskryf?

2 Samuel kan in drie hoofdele verdeel word:

- In hoofstukke 1 - 4 word beskryf hoe Dawid deur die stam van Juda as koning erken word en in Hebron regeer.
- Hoofstukke 5 - 20 beskryf hoe Dawid oor al twaalf stam-me van Israel regeer, met Jerusalem as hoofsetel. Hierdie hoofstukke kan in nog 2 groepe onderverdeel word, naamlik:
  - Dawid, die koning wat God se heerskappy erken en Hom dien {hoofstukke 5 - 10); en
  - Dawid, die mens wat aan sy eie sondige begeertes toegee en ellende oor sy huis bring (hoofstukke 11 - 20).
- Dawid se laaste jare word in hoofstukke 21 - 24 beskryf.

Uit bostaande indeling mag dit op die oog af lyk of Dawid se koningskap maar dieselfde pad as dié van Saul opgegaan het: 'n goeie begin, maar 'n tragiese einde. Met Dawid was dit egter totaal anders as met Saul. By Saul was daar geen sprake van berou en bekering nie; by Dawid daarenteen was daar 'n opregte en diepe berou oor sy sonde (12 . 13; 24 : 10). Waar Saul by die heks van Endor geëindig het (1 Sam. 28), keer Dawid na sy sonde terug tot gemeenskap met God (2 Sam. 12 : 16 - 23).

## Dawid se koningskap wys heen na Christus

In verskeie opsigte was Dawid se koningskap 'n heenwysing na die Messias wat sou kom, na Jesus Christus. Die volgende heenwysings is ooglopend:

- Dawid was die instrument in God se hand om die vyande van die volk finaal te verower. Die koninkryk van Dawid was dus 'n skadubeeld van die ryk van die Messias en sy oorwinning oor Satan.
- Al was Dawid koning, was hy bereid om homself te verneder (vgl. 6:16- 23) en 'n gehoorsame dienskneg van die HERE te wees — 'n heenwysing na die Messias wat in volmaakte gehoorsaamheid aan die Vader Homself sou verneder tot die gestalte van 'n slaaf (vgl. Fil. 2:6-8).
- In 2 Samuel 7 : 12 - 16 beloof die HERE aan Dawid dat uit sy nageslag 'n koning sal kom wat tot in ewigheid sal regeer. Hierdie belofte het in Jesus Christus volkome waar geword (vgl. Luk. 1 : 32; 2 : 11), wat dan ook "Seun van Dawid" genoem word (bv. Matt. 21 : 9).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 2 Samuel 1 : 1 - 6; 2 : 1 - 11; 3 : 1,17 -39 en hoofstuk 4***

Hierdie hoofstukke beskryf hoe Dawid na die dood van Saul as koning oor die stam van Juda regeer het.

1. Het die Amalekiet die waarheid vertel oor hoe Saul aan sy einde gekom het (vgl. 1 : 6 - 10 met 1 Sam. 31)? Waarom dink u het die Amalekiet dit vir Dawid vertel? Waarom het Dawid hom laat doodmaak (1 : 14 - 16)?

2. Hoe het Dawid reg aan die begin van sy regering bewys dat hy na die HERE wil luister (vgl. 2:1)? Watter stam het Dawid as koning in Hebron gesalf (2 : 4, 7)? Was dit die werklike amptelike salwing van Dawid as koning? Verduidelik u antwoord aan die hand van 1 Samuel 16 : 13.
3. Het Dawid self 'n aandeel gehad aan die dood van Saul, Abner (3:17- 39) of Isboset (4:1- 12)? Waarom was dit belangrik dat Dawid nie onskuldige bloed aan sy hande moes hê nie (vgl. 3 : 3 - 39)?

**STUDIE 2**

***Lees 2 Samuel 5 en 6***

1. Toe die hele Israel Dawid uiteindelik as koning erken het, was dit nie soseer 'n erkenning van Dawid se gesag nie as 'n erkenning van die gesag van die HERE. Hoe gee 2 Samuel 5 : 2, 3 hiervan blyke?
2. Hoe het Dawid gewys dat hy volgens die wil van die HERE wil regeer (vgl. 5 : 19, 23, 25)? Hoe het die HERE getoon dat Hy Dawid lei en sy koningskap sal vestig (vgl. 5:10- 24)?
3. Waarom was die ark van die HERE in Abinadab se huis (6 : 3; vgl. ook 1 Sam. 5 : 22; 6 : 1 - 3; 7 : 1 - 2)? Waarom wou Dawid die ark na Jerusalem bring (vgl. 1 Kron. 13 : 3)?
4. Was dit in orde dat hulle die ark, soos uit 6 : 3 blyk, op 'n wa vervoer het (vgl. Eks. 25 : 13 - 15; Deut. 10 : 8)? Hoewel goed bedoeld, was Ussa se poging om te keer dat die ark omval, 'n voorbarige misstap. Waaruit blyk dit (6 : 7; vgl. ook Num. : 15)?
5. Op watter manier het Dawid, toe hy die ark na Jerusalem laat oorbring het, gewys dat hy minder bekommerd was oor sy eie eer as oor die eer van God (6 : 13 - 21)?

**STUDIE 3**

***Lees 2 Samuel 7,8:1-2, 14- 15 en hoofstuk 9***

1. Waarom wou Dawid 'n tempel vir die HERE oprig (7 : 1,2)?Om watter rede weier die HERE dat Dawid dit doen (7:5- 7)?
2. In 7 : 8 - 14 maak die HERE beloftes aan Dawid. Let op: (a) hoe God sy belofte in sy weldade van die verlede grond (7 : 8, 9); (b) watter beloftes die HERE vir Dawid se onmiddellike toekoms gee (7 : 9 - 11); (c) watter beloftes die HERE gee wat in Salomo bewaarheid sou word (7 ; 12 - 15); en (d) watter beloftes die HERE gee wat in Christus bewaarheid sou word (7 : 12 - 16).
3. Hoe wys Dawid in sy reaksie op die HERE se woorde (a) dat hy dit in nederigheid ontvang (7 : 18,19); (b) dat hy bewus is van die Messiaanse profesie (7 : 19); (c) dat hy die eer aan die HERE toebring (7 : 22 - 26); en (d) dat hy besef hoe afhanklik hy van die HERE is (7 : 28,29)?
4. Hoe het Mefiboset verlam geraak (vgl. 2 Sam. 4 : 4)? Watter "Messiaanse" karaktertrek van Dawid se koningskap kom na vore in sy optrede met Mefiboset?

**STUDIE 4**

***Lees 2 Samuel 11 en 12***

Hierdie hoofstukke vertel die tragiese verhaal van Dawid se sonde, maar ook van sy berou en bekering.

1. Gaan na hoedat Dawid se sondige begeerte (11 : 2 - 3) lei tot owerspel (11 : 4), tot bedrieglike planne (11 : 5 - 13), tot moord (11 : 14 - 21) en uiteindelik tot toesmeerdery (11 : 27). Watter ooreenkoms bestaan daartussen 11 : 27 en 12 : 12? Kan u ook 'n verband met Psalm 139 : 1 - 4 en Hebreërs 4 : 13 aandui?
2. Hoe is die gelykenis van die ryk man wat die arm man se ooilam gevat het (12 : 2 - 5), op Dawid van toepassing?
3. Behalwe dat Dawid direk as sondaar aangewys word ("U is die man!", 12 : 7), stuur die HERE aan hom 'n boodskap deur Natan wat uit 3 dele bestaan: 'n herinnering aan die seën van die HERE, die aanklag van gehoorsaamheid, en die aankondiging van Dawid se straf. Kyk of u die kern van elk van die 3 dele kan saamvat.
4. Watter verskil is daartussen Dawid se sondebelydenis (12 : 13) en dié van Adam (Gen. 3 : 11,12)? Kyk hoe Dawid sy sondebesef en berou in Psalm 32 onder woorde bring. Waarom dink u het die HERE dadelik Dawid se sonde vergewe (12 : 13)?
5. Watter ellende het Dawid wel deur sy sonde oor sy huis gebring (12 : 10,14)? Let ook op die redes wat die HERE in elke geval aangee waarom hierdie ellendes oor Dawid se huis sal kom.

**STUDIE 5**

***Lees 2 Samuel 13 en 14 : 23 - 33***

1. Die nasleep van Dawid se sonde kring al wyer uit in sy eie huis-houding: bloedskande (13 : 10 - 15) en broedermoord (13 : 28). Waarom dink u het juis hierdie twee ellendes oor sy huis gekom? Hoe hou dit verband met die onheil wat die HERE Dawid in 12 : 10.11 toegesê het?
2. Die feit dat Absalom ná die moord van Amnon gevlug het (13 : 34), is 'n aanduiding dat hyself geweet het dat sy optrede nie aangedryf was deur 'n liefde vir reg en geregtigheid nie, maar deur wraaksug. Kan u miskien, gedagtig aan Absalom se latere optrede (15 : 13,14), aan 'n ander verskuilde motief dink waarom hy Amnon wou dood hê?
3. Waarom dink u wou Dawid nie Absalom sien nie (14 : 24)? Het Absalom die voorkoms gehad wat by 'n koning pas (14 : 25 - 27)? Waarom dink u was hy nie geskik om ná Dawid koning te word nie (vgl. 14 : 29 - 32)? Was daar by Absalom enige teken van berou omdat hy Amnon vermoor het (14 : 32)?
4. Watter waarskuwing dink u hou Absalom se optrede in vir ouers wat nie ferm genoeg met hul kinders optree nie?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Samuel 15 : 1 - 16, 23 - 26; 16 : 5 ■ 14 en 18 : 1 - 18, 31-33***

1. Absalom se opstand teen sy vader het daarin bestaan dat hy die indruk geskep het dat hy beter as Dawid kon regeer, en die volk se guns ten koste van Dawid wou wen. Hoe het hy probeer om hierdie dinge te bereik (15 : 1 - 6)?
2. Waarom het Dawid uit Jerusalem gevlug (15 : 14)? Waarin kan 'n mens sien dat Absalom se opstand 'n verdieping in Dawid se geloofslewe bewerk het (15 : 25, 26)?
3. Waarom het Dawid homself in dié situasie beskou as iemand wat verdien om vervloek te word (16 ; 10 - 12)? In watter opsig is Dawid se optrede in daardie oomblikke 'n heenwysing na die lydensweg van Jesus Christus (vgl. Joh. 18 : 11 en 1 Pet. 2 : 23)?
4. Wie het uiteindelik aan Dawid die oorwinning oor Absalom besorg en hom weer op sy troon herstel (vgl. 18 : 9, 33)? Dawid was nie net bedroef oor Absalom se dood nie, maar ook oor sy sonde en opstand. Watter versugting spreek hy in sy droefheid uit (18 : 33)? Hierin vind ons 'n indirekte heenwysing na Christus. In watter opsig (vgl. Ps. 49 : 8 - 10; Rom. 5 : 8)?

**STUDIE 7**

***Lees 2 Samuel 19 : 9 - 15; 23 : 1 - 7 en hoofstuk 24***

1. Watter vergewensgesindheid betoon Dawid ná die oorwinning oor Absalom (19 : 9 - 15)? Waarom dink u was Dawid bereid om te vergewe?
2. Die laaste woorde van Dawid (23 : 1 - 7) is inderwaarheid 'n Messiaanse profesie. Hoe word dit deur Dawid se woorde in 23 : 2, 3 bevestig? Noem 3 dinge wat Dawid oor die komende Messias sê (23 : 3 - 5).
3. Uit 24 : 1 is dit duidelik dat die HERE Dawid toegelaat (selfs "aan gehits") het om die volk te laat tel. Dit was die begin van God se voorneme om Israel met sware tugtiging te tref (24 : 1). Waarom dink u het Dawid se gewete hom oor die volkstelling begin kwel en het hy God om vergifnis gesmeek (24 : 10; vgl. ook 24 : 9)?
4. Wanneer in die Ou Testament gesê word dat God berou het oor die gerig wat Hy oor sy volk wou bring (soos in 24 : 16), beteken dit nie dat Hy wispelturig is nie. Inteendeel, dit wys op sy genade. Ook in hierdie geval tree Dawid as pleitbesorger vir die volk op en betrek hulle sonde op homself (24 : 17). Watter heenwysing vind u daarin na die optrede van die Messias (vgl. Jes. 53 : 5 en Joh. 10 : 11)?

# *1 KONINGS: Die koninkryk skeur*

Die boek 1 Konings gaan aan waar 2 Samuel opgehou het. Dit begin by die dood van Dawid (972 v.C.) en beskryf dan die regeertyd van Salomo. Daarna beskryf dit die geskiedenis van Rehabeam en Jerobeam, onder wie die ryk in twee geskeur het: Juda in die suide (die twee-stammeryk) en Israel in die noorde (die tien-stammeryk). Dit vertel verder die geskiedenis van die eerste paar konings van Juda en Israel, tot by Josafat en Ahasia. Daar eindig 1 Konings.

Daarmee is die koningsgeskiedenis egter nie afgehandel nie. Die res van die geskiedenis van die konings tot waar die volk in ballingskap weggevoer is ( ± 560 v.C.) word verder vertel in die boek 2 Konings. Aanvanklik was 1 en 2 Konings één boek. Dit is eers later in twee verdeel soos ons dit vandag ken. Dit is geskrywe deur 'n onbekende skrywer, waarskynlik in die tyd van die ballingskap. Om-dat hierdie skrywer 'n koningsgeskiedenis van bykans 400 jaar geboekstaaf het, moes hy van bronne gebruik maak. Daarom kry ons in 1 en 2 Konings heelwat verwysings na bronne soos die **Boek van Salomo (1 Kon. 11 : 41) en die Kroniekboeke van die konings (bv. 1 Kon. 15 : 7).**

## Salomo se koningskap wys heen na Christus

Ongeveer die eerste helfte van 1 Konings (hoofstukke 2 - 11) gaan oor die geskiedenis van Salomo. Dit beskrywe sy wysheid, mag en rykdom, die luisterryke tempel en paleis wat hy laat bou het, maar ook Salomo se sonde. Net soos sy vader Dawid, was ook Salomo se regeertyd 'n vooruitwysing na die komende Konings-heerskappy van Jesus Christus. Waar Dawid se oorwinnings oor die vyande van Israel heengewys het na Christus se triomf oor Satan en sy magte, was Salomo se roem en rykdom 'n heenwysing na die majesteitlike heerlikheid van Christus se ewige koningskap.

## 'n Versugting na die volmaakte Koningskap

Maar dit moes duidelik uit die geskiedenis wees dat die koninkryk van Israel nie die eintlike Koninkryk was wat God vir sy volk bedoel het nie. Dit was onvolmaak, en het na iets groter en heerliker geroep. Daarom het dit gebeur dat die koninkryk in twee skeur en dat die konings van die twee ryke by herhaling in goddeloosheid val.

Daarom is 1 Konings meer as net 'n beskrywing van die koningsgeskiedenis. Elke koning se optrede word ook geweeg aan die opdragte van die HERE, spesifiek ten opsigte van afgodediens. Op enkele uitsonderings na is die bevinding dat die koning gedoen het "wat verkeerd was in die oë van die HERE"'. Telkens stuur die HERE dan 'n profeet (o.m. Ahia, Elia, Miga, Elisa, Jesaja) om die koning en die volk na die HERE toe terug te roep. Die hoogtepunt hiervan vind ons in die botsing tussen die profeet Elia en die goddelose koning Agab.

Die hele boek is dus daarop gerig om te openbaar dat die HERE waarlik as die enigste God regeer. Hierin neem 1 Konings 18 : 39 'n sentrale plek in, waar die volk uitroep: "Die HERE, Hy is God, die HERE, Hy is God!" (vgl. ook 1 Kon. 22 : 19).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
***Lees 1 Konings 1 en 2***
In hoofstukke 1 en 2 word vertel hoe Salomo die koningskap by Dawid oorgeneem het. Die sentrale mededeling in dié twee hoofstukke word in 2 : 12 en weer in 2 :.47 gegee: "En die koningskap is bevestig in die hand van Salomo".

1. Watter ooreenkoms is daar tussen die optrede van Adonia (1 : 5-10) en Absalom se vroeëre optrede (2

Sam. 14 : 25; 15 : 1-6)? Dink u dat Dawid sonder enige skuld was aan die optrede van sy seuns (vgl. 1:6)?
2. Nêrens vantevore is opgeteken dat Dawid beloof het dat Salomo hom as koning sou opvolg nie. Tog is dit uit hierdie hoofstuk duidelik dat hy wei so beloof het. Hoe gee Dawid dit te kenne (1 : 29-34)? Waarom was dit, nodig dat Salomo in die openbaar deur die priester gesalf word (vgl. 1 : 35; 36, 45)?*
3. Waarom het Adonia aan die horings van die altaar gaan vashou (1 : 50; vgl. ook Joab in 2 : 28)? Hoe wys Salomo in die insident met Adonia dat hy sy regering op reg en geregtigheid wil vestig (1 : 52, 53)?
4. Wat was verkeerd aan Adonia se versoek dat hy Abisag as vrou kon neem (2 : 17; vgl. ook 2 : 22)? Waarom het Salomo so onverbiddelik met Simeï opgetree (2 : 46-47; vgl. 2 Sam. 16 : 5-13 en 1 Kon. 2 : 8, 9)?

**STUDIE 2**

***Lees 1 Konings 3; 4 : 20-34 en 5*** *:* ***1-18***

Hoofstukke 3 tot 5 dien as inleiding tot die geskiedenis van Salomo se regeertyd. Dit vertel van sy koninklike rykdom en wysheid, en van sy voorbereidings vir die bou van die tempel.

1. Salomo se huwelik met Farao se dogter (3:1) was 'n aanduiding dat Israel wat eens 'n slawevolk was, nou deur God tot 'n volk van aansien verhef is. Watter praktiese voordele het die huwelik vir Israel ingehou (vgl. 9 :16)?
2. In 3 : 5 kan Salomo kies wat hy van God wil ontvang. Salomo maak 'n geloofskeuse: hy soek nie sy eie koninkryk nie, maar die koninkryk van God en sy geregtigheid. Dui aan hoe Salomo se antwoord (3 : 6-9) getuig van: (a) 'n persoonlike verhouding met die HERE; (b) dankbaarheid; (c) besef van eie onvermoë; (d) besef dat hy maar 'n dienaar van God is wat van God afhanklik is. Let ook op hoe Salomo se siening van sy taak ooreenkom met die taak van die owerheid aldus Romeine 13 : 1-7.
3. Dui aan hoe God se antwoord (3 : 11-14) getuig van; (a) sy goedheid en genade; (b) 'n heenwysing na die Messiasryk; (c) dat Hy as God van die verbond steeds gehoorsaamheid opeis.
4. Daar is verskeie ooreenkomste tussen 4 : 20-34 en die verbonds-belofte van die HERE aan Abraham (Gen. 12 : 2; 3; 17 : 3-8). Waarop dui die ooreenkomste (vgl. weer Jes. 1 ; 21, 26)?
5. Wie ontvang uiteindelik die eer en erkenning vir Salomo se wysheid - Salomo self, of die HERE (vgl. 5 ; 1-12)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Konings 6 : 1-13. 37-38; 7:1,2, 51; 8 : 1-15, 56-66***

Hoofstukke 6 tot 8 beskryf hoe Salomo die tempel van die HERE en 'n paleis vir homself laat bou het.

1. In 6 : 1 word verwys na 'n tydsverloop van 480 jaar na die uittog. Kyk of u Israel se woestynreis (Deut. 2 : 14), die tyd van die rigters en die regeertyd van Saul en van Dawid in die 480 jaar (6:1) kan inpas. Hoe lank het dit geneem om die tempel te voltooi (6 : 38)?
2. Kyk of u op grond van 6 : 2-10 vir u 'n voorstelling kan maak van hoe die tempelplan gelyk het, veral ten opsigte van die voor-hof, die hoofvertrek en die binnevertrek. Waarom dink u moes geen geluid van ystergereedskap by die bou van die tempel gehoor word nie (6 : 7)?
3. Watter voorwaarde stel die HERE vir sy inwoning (6 : 2)? Was die tempel werklik die plek waar die HERE sou kom woon (6 : 13; vgl. ook 1 Kor. 6 : 19 en Ef. 2 : 19-22)? Waarom word die tempel dan die huis van die HERE (7 : 51) genoem?
4. Waarom moes die ark van die HERE in die binneste vertrek van die tempel geplaas word (8 : 6; vgl. ook Eks. 26 : 31-34)? Wat was die betekenis van die wolk wat die huis van die HERE gevul het (8 : 10, 11; vgl. ook Eks. 40 : 33-38)?
5. Watter antwoord gee koning Salomo in sy openingsrede (8 : 56-66) op die voorwaarde wat die HERE gestel het (6 : 12, 13)?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Konings 9*** *:* ***1-9; 10*** *:* ***1-29*** *en* ***11*** *:* ***1-13***

Hoofstukke 9 tot 11 hervat die vertelling van Salomo se wysheid en aansien, maar vertel ook hoe hy hom tot afgodery laat verlei.

1. Na watter gebed van Salomo verwys die HERE in 9 : 3 (vgl. 8 : 29)? Let op hoe God sy beloftes in 9 : 3-9 steeds aan die bepalings van sy verbond verbind. Let ook op die ooreenkoms tussen 9 : 8, 9 en Deuteronomium 29 : 24-26 asook Jeremia 5 : 19; **22** : 8, 9.
2. Waarvandaan dink u het die koningin van Skeba gekom (vgl. Gen. 10 : 7, 26-30 asook Matt. 12 : 42)? Hoe blyk dit uit haar besoek dat Salomo maar net 'n dienaar van God, die ware Koning van Israel is(10 : 1,9)? Is daar enige aanduiding dat sy tot die diens van die ware God bekeer is?
3. Hoe getuig 10 : 23-25 daarvan dat Salomo se koninkryk eintlik 'n heenwysing is na die roem en heerlikheid van die koningsheerskappy van God in Jesus Christus (vgl. ook Ps. 99 : 1-3 en Matt. 2:1-11)?
4. Watter sonde het Salomo teen die HERE begaan (11 : 5-10)? Wat het aanleiding gegee tot Salomo se sonde (11 : 1)? Watter straf kondig die HERE oor Salomo aan (11 : 11, 12)? Waaruit blyk die genade van die HERE nog steeds (11 : 13)? Watter heenwysing na Christus vind ons in 11 : 13?

**STUDIE 5**

***Lees 1 Konings 11 : 26-43; 12*** *:* ***1-15; 14*** *:* ***1-31***

Hoofstukke 11 tot 14 beskryf die dood van Salomo en die daarop volgende skeuring van die ryk.

1. God se beloftes van 'n ewige koninkryk gaan bo Salomo uit, laat die profeet Ahia vir Jerobeam verstaan (11 : 30-38). Hoe is sy woorde 'n heenwysing na die koningsheerskappy van Christus?

2. Watter swak besluite van Rehabeam het tot die skeuring van die ryk bygedra (12 : 1-12)? Watter dieperliggende rede was daar vir Rehabeam se optrede (12 : 15)? Hoe het die HERE daarvoor gesorg dat Juda en Israel mekaar nie vernietig nie (12 : 21-24)?
3. Het Jerobeam volgens die wil van die HERE regeer (14 : 7-9)? Watter straf kondig Abia oor Jerobeam aan (14 : 10)? Let op dat Jerobeam 'n toonbeeld geword het van 'n goddelose koning in Israel (vgl. bv. 15 : 34; 16 : 19, 31).
4. Het Rehabeam volgens die wil van die HERE regeer (14 : 22-24)? Watter straf het die HERE oor Rehabeam gebring (14 : 25-28)? Hoe was Rehabeam se geskiedenis 'n versugting na die koms van die ware Koning?

**STUDIE 6**

***Lees 1 Konings 16 : 29 - 18 : 46***

In hoofstukke 16-18 bereik die botsing tussen die afgodediens in Israel en die diens van die ware God 'n klimaks in die verskriklike afgodery van koning Agab en teenoptrede van die profeet Elia.

1. As in ag geneem word dat Baäl beskou was as die god van reën, watter betekenis kry die droogte wat die HERE oor Israel gestuur het (16 : 31, 32; 17 : 1)?
2. Waarom dink u moes Elia gaan wegkruip (17 : 3) en hom eers 3 jaar later aan Agab gaan vertoon (18 : 1)?
3. Deur watter wonders betoon die HERE sy almag en sy trou aan Elia (17 : 6, 14-16, 21-24)?
4. Hoe maak die HERE dit voor die oë van die hele volk duidelik dat Baal maar net 'n afgod is en dat Hy alleen die ware God is (18 : 20-39)? Voor watter geloofskeuse word die volk gestel (18 : 21)? Watter besluit neem hulle uiteindelik (18 : 39)?
5. Waarom dink u het Elia die profete van Baal laat doodmaak (18 : 40)? Waarom het die HERE daarop reën oor die land gestuur? Het Agab saam met die volk tot inkeer gekom (18 : 45, 46)?

**STUDIE 7**

***Lees 1 Konings 19 : 1-21; 21 : 1-29 en 22 : 1-40***

1. Waarom dink u het Elia, ten spyte van al die vroeëre wonderdade van die HERE, moedeloos geword 419 : 10, 14)? Hoe het die HERE Homself in die gesig van Elia vertoon (19 : 12, 13)? Wat dink u het die gesig wat Elia gesien het, beteken?
2. Watter aandeel het Isébel in Agab se bose optrede gehad (vgl. 16 : 31; 19 : 2; 21 : 5-15)? Hoe het Isébel die Israelitiese reg misbruik om van Nabot ontslae te raak (21 : 9-13)? Van watter ander soortgelyke drogverhoor weet u wat eeue later in Jerusalem plaasgevind het (vgl. Matt. 26 : 57-68)?
3. Waaruit is dit duidelik dat Agab uiteindelik berou gehad het oor sy optrede met Nabot (21 : 27)? Is daar sprake van egte bekering by Agab?
4. In 22 : 19-23 vertel die profeet Miga van 'n gesig wat hy gesien het, waarin die HERE voorgestel word as dat Hy met die engele beraadslaag oor Agab en dat Hy 'n leuengees oor die profete laat uitgaan. Dink u dat die Here werklik 'n leuen sal stuur (vgl. Jak. 1 : 13-18)? Wat leer ons hierin oor hoe die Here die kwaad toelaat om uiteindelik sy Raad te dien?
5. Het Agab hom aan die waarskuwing van Miga gesteur (22 : 29, 30)? Hoe het Elia se woorde aan Agab (21 : 19) uiteindelik waar geword (22 : 34-38)?

* In 1 : 38, 44 is daar 'n opvallende verskil tussen twee Afrikaanse vertalings. Die 1933/53-vertaling noem dat die **Kreti en die Pleti** by was toe Salomo gesalf is; die 1983-vertaling sê dat dit **die koninklike lyfwag** was. Inderwaarheid verwys beide vertalings na dieselfde groep mense. Die Kreti en die Pleti was twee nie-Israelitiese bevolkingsgroepe in Israel: die Kreti was van die eiland Kreta afkomstig (vgl. 1 Sam. 30 : 14); die Pleti was uit die geledere van die Palestyne (oftewel Filistyne, vgl. 1 Sam. 30 : 16). Hierdie twee groepe het diens gedoen as die koninklike lyfwag.

## *2 KONINGS: Verval en ondergang van die twee ryke*

Eintlik sou die boek 2 Konings beter beskryf kon word met die naam Konings Deel 2. Soos in die vorige Bybelstudie aangedui is, was 1 en 2 Konings aanvanklik een boek wat eers later in twee gedeel is. Die verdeling van die twee boeke is dus eintlik maar kunsmatig. So gebeur dit dat 2 Konings eenvoudig die geskiedenis voortsit waar 1 Konings opgehou het.

Die laaste verse van 1 Konings meld dat Ahasia na Agab se dood koning geword het oor Israel . Die eerste verse van 2 Konings vertel dan verder hoe Ahasia aan sy einde gekom het. In 1 Konings 19 lees ons dat Elia sy mantel op Elisa laat val. In 2 Konings 2 lees ons verder hoe Elia in die hemel opgeneem word en Elisa sy mantel optel en hom as profeet van die HERE opvolg.

### Waaroor gaan 2 Konings?

Die boek 2 Konings kan in twee hoofdele verdeel word.

- **Hoof stukke 1 tot 8** gaan grotendeels oor die optrede van die profeet Elisa, veral sy optrede ten opsigte van die Arameërs en die koning van Aram.
- **Hoof stukke 9 tot 25** gaan oor die laaste konings van Israel en Juda tot en met beide koninkryke in ballingskap weggevoer is. Hierdie deel kan nog verder verdeel word:
  - — hoofstukke 9 tot 17 beskryf die geskiedenis van Israel en Juda afwisselend (net soos in 1 Konings gedoen is) tot waar Israel in ballingskap weggevoer is;
  - — hoofstukke 18 tot 25 beskryf Juda se geskiedenis dan verder totdat ook hulle in ballingskap beland het.

### Israel toonbeeld van afvalligheid

In hierdie hoofstukke kom die tragiek van die geskiedenis van die konings van Israel na vore. Dit is van elkeen van hulle opgeteken dat hulle gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE [vgl. 10 : 29; 13 : 2, 11; 14 : 24; 15 : 9, 18, 24]. Daarom is dit ook nie vreemd nie dat hulle geskiedenis met bloed bevlek is. Sameswerings en moorde was aan die orde van die dag sodat hele koningsfamilies uitgeroei is.

### Juda toonbeeld van genade

Die spoor van- sonde en afvalligheid loop ook deur die geskiedenis van die konings van Juda. Tog is die genade van God sigbaar in die optrede van godvresende konings soos Joas, Hiskia en Josia. Veral laasgenoemde twee konings se hervormings was hoogtepunte in die geskiedenis van Juda.

Anders as in Israel is daar in Juda nie 'n verandering van koningshuis nie. Die nageslag van Dawid bly op die troon van Juda tot die ballingskap toe. Daarin sien ons iets van die HERE se belofte aan Dawid dat sy troon sal vasstaan tot in ewigheid [2 Sam. 7 : 16]. Natuurlik was die konings van Juda nie die vervulling van die belofte nie. Hulle wys maar net heen na die eintlike Koning uit die huis van Dawid, Jesus Christus, in Wie die belofte van die HERE eintlik sy vervulling sou bereik.

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 2 Konings 1 en 2***

1. Hoe het Ahasia se optrede tydens sy siekte van sy ongeloof getuig? Waarom dink u het hy juis na Baäl-Sebub toe boodskappers gestuur? Vgl. die Woordelys agterin die 1983-vertaling onder die inskrywing Baäl-Sebub.
2. Hoe bevestig die boodskap van Elia aan Ahasia [1 : 16] die eerste gebod van die HERE? Dink u dit is in orde as mense vandag byvoorbeeld by toordokters gaan hulp soek vir hulle probleme? Waarom dink u so?

3. Waarom wou Elia nie dat Elisa moes by wees wanneer die HERE hom wegneem nie [vgl. Deut. 34 : 6][1]? Waarom dink u word dieselfde teken [water verdeel, 2 : 8, 14] gegee as by die uittog van Israel uit Egipte [Eks. 14] en hulle intog in Kanaän [Josua 3]?
4. Watter ooreenkomste bestaan daar tussen Moses, Elia en Jesus Christus blykens Deuteronomium 34 : 6,2 Konings 2:11, Lukas 9 : 33 en Handelinge 1 : 9?
5. Kon 'n nuwe skottel met sout [2 : 20] 'n brak fontein se water herstel? Waarom het die water dan reggekom [2 : 21]? Waarom dink u het Elisa so drasties teen die seuns van Bet-el opgetree [2 : 23, 24): omdat hulle hom beledig het, of omdat hulle die profete-amp van die HERE beledig het?[2]

**STUDIE 2**

***Lees 2 Konings 4 en 5***

1. Watter ooreenkomste bemerk u tussen die tekens wat die HERE deur Elia gedoen het [vgl. veral 1 Kon. 17] en dié wat Hy deur Elisa gedoen het [2 Kon. 4]?'
2. Was dit in daardie tyd toelaatbaar dat 'n skuldeiser iemand se kinders as slawe kon neem [vgl. Eks. 21 : 1 - 11; Lev. 25 : 39 - 41]? _
3. Hoe maak God Homself bekend in die wonder van die olieflessie [4:2-71, die opwekking van die seun van die Sunemmitiese vrou [2 : 18 -37]? [Let op dat Elisa in hierdie verse "man van God" genoem word.] Met watter wonderteken van Jesus kan die gebeurtenis van die twintig garsbrode vergelyk word [vgl. Matt. 14 : 14 - 21]?
4. Ten opsigte van die melaatsheid van Naäman, lees die inskrywing onder **melaatsheid** in die Woordelys agterin die 1983-vertaling. Waarom het die koning van Israel sy klere geskeur toe die melaatse Naäman by hom aankom?
5. Buiten sy melaatsheid, van watter ander kwaal dink u moes Naäman genees word [vgl. 5:11, 121? Wat het Naäman gesond gemaak — die water van die Jordaanrivier, of die sewe keer dat hy ondergeduik het [vgl. 5:15]?
6. Watter sonde het Gehasi begaan 15 : 20 - 24]? Wat was Gehasi se straf [5 : 27]? Wat beteken die uitdrukking "Vanwaar, Gehasi?" [5 : 25] In die lig van hierdie geskiedenis?

**STUDIE 3**

***Lees 2 Konings 6 en 7***

1. Ten spyte van verskeie pogings van uitleggers om fisiese verklarings te soek vir die byl wat op die water gedryf het [6:5-7], is dit duidelik dat ons hier met 'n wonderdaad van God te doen het. Hoe word die krag van God in hierdie insident geopenbaar?
2. Waarom wou die koning van Aram Elisa gevange neem [6:11- 141? Hoe getuig Elisa se woorde in 6 : 16 van sy geloof? Wat leer ons in hierdie geskiedenis [6 : 15 - 18] van die geestelike werklikheid wat die gewone oog nie kan sien nie, en watter troos put ons daaruit?
3. Waarom wou die koning [waarskynlik koning Joram, seun van Agab] Elisa doodmaak [6 : 311? Dit staan nie hier geskrywe nie, maar waarskynlik omdat hy Elisa verkwalik het omdat die HERE getalm het om Samaria uit die beleg van die Arameërs te bevry. Wat is Elisa se antwoord op die koning se dreigement [7:1]?
4. Op watter wonderbaarlike manier het die HERE in een nag die beleg en die hongersnood in Samaria beëindig [7 : 6, 7]? Het Israel dadelik geweet toe die HERE hulle verlos het? Wie het die goeie boodskap van hulle verlossing aan hulle oorgedra? Waarom moet ons die goeie boodskap van verlossing vertel aan mense wat nie daarvan weet nie [7 : 9]?

**STUDIE 4**

***Lees 2 Konings 9 en 10***

1. Waarom het die HERE Jehu as koning oor Israel laat salf |9 : 6 - 101? Waarom moes die koningshuis van Agab uitgeroei word [vgl. 1 Kon. 21 : 20 - 25]?
2. Waarom moes Joram se liggaam op die stuk grond van Nabot gegooi word [9 :' 25,26; vgl. ook 1 Kon. 21 ]? Hoe het die woorde van die HERE met betrekking tot die bose Isebel [1 Kon. 21 : 23 - 25] op die ou einde waar geword [2 Kon. 9 : 30 - 37]?
3. Watter slim strategie het Jehu gebruik om die profete van Baal uit te lok ten einde hulle dood te maak [10 : 18 - 28]?
4. Watter tragiese einde het Jehu se regering gehad [10 : 29 - 31]? Watter vooruitskouing van die ballingskap van Israel vind ons reeds in 10 : 32?

**STUDIE 5**

***Lees 2 Konings 13; 14 : 23 - 29 en 2 Konings 17***

In hoofstukke 13, 14, 15 en 17 lees ons van die laaste jare van die koninkryk van Israel voor hulle in ballingskap weggevoer is.

1. Die geskiedenis van Israel is vol van die genade van die HERE waarop die volk dan tipies met ondankbaarheid en ontrou antwoord. Hoe kom hierdie tipiese patroon weer in die regeringstyd van Joahas

[1] Profete-seuns 1'33/53-vertaling] was leerlinge van die profete wat saam gewoon het [byna soos in 'n klooster].

[2] 'n Mens kan maar net bespiegel waarom die seuns Elisa "kaalkop" genoem het. Moontlik het hy werklik 'n kaalkop gehad, ten spyte van sy jeugdige 30 jaar. Moontlik was sy hare en sy baard af geskeer [iets wat vir priesters in Lev. 21:5 verbode was]. Bes moontlik het hulle die woorde in figuurlike sin bedoel, byna soos iemand in ons tyd as 'n "leë kop" uitgeskel sou word.

na vore [13: 1 -7]?

2. In 13 : 10 lees ons van twee verskillende konings met die naam van Joas wat terselfdertyd regeer het. Kyk of u die besonderhede van die twee konings kan onderskei [vgl. 12 : 1, 2 en 13 : 10, asook 14 : 1).
3. By watter geleentheid het Elisa iemand anders "my vader, wa van Israel en sy ruiters" genoem (vgl. 2 : 12]? Waarom hierdie vreemde benaming?'[3]
4. Op watter manier maak die HERE deur Elisa bekend dat die konings van Israel se pogings in die diens van die HERE ontoereikend was 113 : 18, 19]? Op watter manier maak die HERE selfs na Elisa se dood bekend dat die woord wat Hy deur sy profeet gespreek het 'n lewegewende woord is [13 : 21]?
5. Van watter Jona lees ons in 14 : 25 [vgl. Jona 1:1]? Waaruit blyk die genade van die HERE steeds op hierdie laat stadium van Israel se geskiedenis [14 : 25 - 27]?
6. Op watter manier het die ondergang van die koninkryk van Israel tydens die regering van sy laaste koning begin [17 : 31? Hoe het die koning van Assirië wraak geneem oor Hosea[4] se sameswering teen hom 117 : 4 -61? Hoe was die uiteinde van Samaria inderwaarheid 'n finale aanklag teen Israel se voortdurende afgodery (17 : 24 - 41]?

**STUDIE 6**

***Lees 2 Konings 18 : 1 - 7, 13 - 20, 28 - 37; asook 2 Konings 19 en 20***

In hierdie hoofstukke lees ons van een van die hoogtepunte in die geskiedenis van Juda: die regering van koning Hiskia.

1. Waarom het die HERE Hiskia geseën [18:5-7]? Waaruit blyk die Assiriese koning se geweldige brutale en verwaande houding teenoor die HERE [18 : 19 - 20]?[5] Waarom dink u het die HERE Hiskia se manskappe opdrag gegee om nie die lastering van die Assiriese rabsake te antwoord nie [18 : 361?
2. Waarop grond Hiskia sy smeekgebed dat die HERE Juda moet verlos [19 : 15 - 19]? Hoe staan die eer van die HERE in die sentrum van die antwoord wat die HERE aan die Assiriese koning gegee het [19 : 21 - 28]? Watter teken gee die HERE aan Hiskia dat sy woorde oor die Assiriërs sal waar word (19 : 29 - 30]?
3. Waaruit is dit onbetwisbaar duidelik dat die HERE self aan Juda die oorwinning oor die Assiriërs gegee het [19 : 351? Hoe het die hoogmoedige Sanherib aan sy einde gekom [19 : 37]?
4. Getuig 2 Konings 20 : 1 - 6 daarvan dat die HERE wispelturig van plan verander? Wat leer ons uit hierdie verse van beproewing van geloof en die krag van die gebed van verootmoediging? Wat leer ons in 20 : 7 oor die HERE wat deur geneesmiddels genesing skenk aan die mens?
5. Waarom dink u vra Hiskia vir 'n teken (10:8; vgl. 20 : 1, 5 en 61? Watter teken gee die HERE vir hom [20 : 11]?
6. Waarom kondig Jesaja vir Hiskia aan dat sy nageslag in ballingskap weggevoer gaan word [20 : 13 - 181?

**STUDIE 7**

***Lees 2 Konings 23 : 31 - 37; asook 2 Konings 24 en 25***

In hierdie hoofstukke lees ons van Juda se laaste konings en hoe hulle in ballingskap na Babel weggevoer word.

1. Wat lees ons van Juda se laaste konings se optrede voor die HERE [23 : 32, 37; 24 : 91? Waarom het die HERE dit beskik dat die koninkryk van Juda deur die Babiloniërs verdelg is [24 : 3, 4]?
2. Watter droewige gevolge het die val van Jerusalem vir die tempel van die HERE gehad [24 : 13]? Wie het in die land oorgebly [24 : 14]? Wie is na Babel saamgeneem [24 : 15,16]? Waarom dink u het Nebukadnesar so gemaak?
3. Hoe het die toorn van die HERE ook oor die agtergeblewenes gekom [24: 17-25: 11]? Watter rykdomme is uit Jerusalem na Babel weggevoer 125 : 13 - 171?
4. Wat het van die laaste oorgeblewenes in Jerusalem en Juda geword [25 : 22 - 261? Waarom dink u het die koning van Babel Jojagin uit die gevangenis laat haal en hom in sy paleis laat bly [25 : 27 - 30]?

---

3 'n Strydwa en die perderuiters was destyds beskou as die grootste krag van 'n land se leer.

4 Hosea, die laaste koning van Israel , moet nie verwar word met die profeet Hosea wat in die tyd van Jerobeam II geprofeteer het nie [vgl. Hosea 1 : 1].

5 Die tartan, die rabsaris en die rabsake ['33/53-vertaling] was Assiriese titels: die "tartan" was die stafhoof van die leer; die "rabsaris" was die owerste van die koninklike hof; en die "rabsake" was die hoofskinker. In oorlogstyd het hulle almal bevelsposte in die Assiriese leer beklee.

# *1 KRONIEKE: DAWID - 'n Koning in diens van die Here*

Die naam "kronieke" beteken letterlik "sake van die dae". In 1 en 2 Konings lees ons dikwels van die "kroniekboeke van die konings" (bv. 1 Kon. 14 : 19; 2 Kon. 15 : 36). Daarmee word bedoel die amptelike annale van die koningshuise waarin belangrike sake dag na dag opgeteken is. Daardie amptelike kroniekboeke van die konings van Juda en Israel het intussen verlore gegaan.

Die twee Bybelboeke wat ons met die naam "Kronieke" ken, is egter nie sulke amptelike kroniekboeke nie. Dit bevat immers nie 'n dag-vir-dag-relaas van die gebeure aan die hof van die konings nie. Dit is eerder 'n beskrywing van belangrike *godsdienstige* gebeurtenisse in die tyd van die konings. Wat veral beklemtoon word, is die aanbidding van die Here in Juda tydens die regering van Dawid en sy nageslag.

## 1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia

Ons het nou al verskeie kere te doen gehad met twee Bybelboeke wat aanvanklik saam een boek gevorm het. So was dit die geval met 1 en 2 Samuel, en ook met 1 en 2 Konings. Desgelyks was 1 en 2 Kronieke aanvanklik een boek. Trouens, geleerdes is oortuig dat dit oorspronklik ook saam met die boeke Esra en Nehemia een lang boek gevorm het, en eers later om praktiese redes in vier afsonderlike boeke verdeel is.

## Waaroor gaan 1 Kronieke?

Die boek wat ons dan as 1 Kronieke ken, bestaan uit twee hoofdele:

— Hoofstukke 1 tot 9 word in beslag geneem deur lang geslagsregisters wat strek van Adam tot by die ballinge wat uit Babel teruggekeer het. 'n Mens is geneig om by hierdie hoofstukke verby te blaai, omdat dit net ritse en ritse name bevat. Tog is dit belangrike hoofstukke omdat dit die geslagslyn van die hele Ou-Testamentiese geskiedenis omvat.

— Hoofstukke 10 tot 29 gee 'n oorsig oor die geskiedenis van koning Dawid. Dawid se regeertyd word ook in die boek 2 Samuel beskryf, maar daar word gefokus op Dawid se militêre en politieke optrede. In 1 Kronieke val die klem egter anders: dit het eerder die oog op dinge wat Dawid vir die tempeldiens in Jerusalem gedoen het.

Dawid se koningskap word in 1 Kronieke duidelik as 'n *teokratiese* koningskap beskryf, dit wil sê 'n koningskap waarin God as die ware Koning erken word. Vir Dawid is die belangrike saak nie hoe hyself gedien word nie, maar hoe die HERE gedien word. Daarin wys die boek duidelik na 'n Koning wat groter is as Dawid, 'n Koning wie se Koningskap tot in ewigheid sal duur (1 Kron. 17). Dit is die Koningskap van Jesus Christus.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees 1 Kronieke 10 : 1 - 11 : 25***

1. In 10 : 6 lees ons dat Saul en sy drie seuns almal so gesterwe het. Op watter manier het Saul se seuns aan hulle einde gekom (vgl. 1 Sam. 31 :2)?
2. Waarom het die HERE Saul op so 'n tragiese manier aan sy einde laat kom (vgl. 10 : 13,14)? Wat was Saul se eintlike straf vir sy ontroue optrede (vgl. 10 : 14)?
3. In 11 : 1 lees ons dat "die hele Israel" Dawid koning gemaak het. Tog staan daar in 2 Samuel 2 : 4, 7 dat net die stam van Juda hom tot koning gesalf het. Hoe ver-klaar u hierdie oënskynlike teenstrydigheid (vgl. 2 Sam. 5)?
4. Dink u dat Dawid se woorde in 11 : 17 werklik bedoel was as 'n "uitdaging" dat iemand vir hom moet gaan water haal (vgl. 11 : 18, 19)? Die manne het gewone water vir Dawid gebring. Waarom sê hy dan in vers 19. "Sou ek die bloed van hierdie manne drink"?
5. Word die dapper dade van Dawid se helde vertel om hulle grootsheid te besing (vgl. 11 : 10, 14)? Is dit verkeerd om terug te dink aan die dapper dade van helde in ons voor-geslagte?

**STUDIE 2**

***Lees 1 Kronieke 13; 14; 15 : 1-3, 26-29; 16 : 1-3***

1. In 13 : 2 belê Dawid as't ware 'n "gemeentevergadering" om te besluit of die ark van God gehaal moet word. Let op die "demokratiese" besluit wat geneem word, maar wat steeds aan die wil van God onderworpe is. Kan ons hieruit iets leer oor besluitneming in die kerk van die Here?

Waarom was die ark van God in Kirjat-Jearim (13 : 6; vgl. ook 1 Sam. 5 : 22; 6 : 1-3; 7 : 1-2)? Waarom dink u is daar "in die dae van Saul" nooit na die ark van God gevra nie (13 : 3)? Hoe openbaar God aan ons in die geskiedenis van Ussa (13 : 9, 10) dat Hy nie sal duld dat sy opdragte verontagsaam word nie (vgl. Num 4 : 15)?

3. Hoofstuk 14 maak dit duidelik dat (a) Dawid deur die HERE as koning aangestel was, (b) dat Dawid dit geweet het en (c) dat Dawid ook in dié wete regeer het. Waaruit weet ons dit? Dink u dat ook moderne konings (owerhede) op hierdie manier moet regeer (vgl. ook Rom. 13 : 1-7)?
4. Waarom laat Dawid die ark eers op 'n wa vervoer (13 : 7) en dan verbied hy dat iemand anders as die Leviete dit mag dra (15 : 2)? (Vgl. 13 : 12; asook Eks. 25 : 13-15 en Deut. 10 : 8).?
5. Waarom dra Dawid 'n linne-skouerkleed in die optog voor die ark (15 : 27)? (Vgl. 1 Sam.2 : 28en22 : 18). Waarom kan hy die volk in die Naam van die HERE seën (16 : 2)? (Vgl. Lev. 9 : 22 en Num. 6 : 22-27). Watter heenwysing vind ons hierin na die Koningskap van ons Here Jesus Christus (vgl. HK Sondag 12)?

**STUDIE 3**

***Lees 1 Kronieke 16 : 37 - 17 : 27***

1. Waarom dink u het Dawid spesifiek die lofsang (16 : 41, 42) en die brandoffers (16 : 39, 40) by die tabernakel gereël? Watter twee komponente van ons hedendaagse ere-diens stem daarmee ooreen (vgl. Lev. 3 : 1-5; 5 : 9-13)?
2. Om watter rede weier God dat Dawid vir Hom 'n tempel bou (17 : 4-6)? (Vgl. ook Hand. 7 : 48, 49).
3. Op watter manier herinner God Dawid daaraan dat hy maar net 'n werktuig van God is wat net moet doen waar-toe God hom stuur (vgl. 17 : 7)?
4. In 17 : 8-14 maak God sy beloftes aan Dawid bekend. Watter van hierdie beloftes hou verband met Dawid se onmiddellike toekoms (17 : 8-10)? Watter beloftes sou in Salomo bewaarheid word (17 : 11-13)? Watter beloftes sou in Jesus Christus bewaarheid word (17 : 13, 14)?
5. Hoe het Dawid se gebed (17 : 16-27) eeue later in Jesus Christus waar geword? Watter troos is daar vir ons in sy gebed?

**STUDIE 4**

***Lees 1 Kronieke 18 tot 20***

1. In watter opsig is die geskiedenis wat in hierdie hoofstukke beskryf word, 'n vervulling van God se beloftes aan Dawid (vgl. 17 : 8-10)?
2. Hoe getuig Dawid se oorwinnings van die genade en trou van die HERE (18 : 6, 13) en van Dawid se dankbaarheid teenoor die HERE (18 : 11)? Wie was die Kreti en die Pleti (vgl. die voetnoot by die Bybelstudie oor 1 Konings)?
3. Hoe is die dwase optrede van die koning van Amnon beloon (19 : 1-7)? Dink u dat Joab se strategie teen die vyandelike oormag verstandigwas(19 : 10-12)? Het Joab sulke planne gemaak omdat hy nie op die HERE vertrou het nie (vgl. 19 : 13)?
4. Let op hoedat God sy genadige verlossing aan sy volk skenk deur werktuie wat Hy voorsien. In hierdie hoofstukke is dit Dawid en sy helde (Joab, Abisai, Elhanan en Jonatan). Dink u dat God steeds vandag redding bewerk deur menslike werktuie?

**STUDIE 5**

***Lees 1 Kronieke 21 en 22***

1. In 2 Samuel 24 : 1 lees ons dat die HERE Dawid aangehits het om die volk te tel. Hier in 1 Kronieke 21 : 1 staan dat die Satan hom aangehits het. Weerspreek die Bybel Hom-self hier (vgl. Job 2 : 1-6; 1 Kor. 10 : 13 en HK Sondag 10)?
2. Hoe bring Joab Dawid se verkeerde bedoeling met die telling onder woorde (21 : 3)? (Vgl. ook Eks. 30 : 16).
3. Let op die drie keuses wat God voor Dawid lê (21 : 12): die tydperke van beproewing word al minder, maar die aard van die beproewing al erger. Let ook daarop dat die berou van God (21 : 15) in die Ou Testament nie bedoel dat Hy in wispelturigheid van plan verander nie, maar dat Hy genade betoon.
4. As Dawid dan nie toegelaat was om self 'n tempel vir die HERE te bou nie, waarom het hy dan begin om voorbereidings daarvoor te tref (22 : 2-4)? (Vgl. 22:5-9). Watter rede word in 22 : 8 genoem waarom Dawid nie die tempel mag bou nie? Vergelyk dit met die redes in 17 : 5 en 1 Konings 5:3.
5. Waarom dink u was dit nodig dat die tempelbouer in vrede moes regeer (22 : 9)? Let op dat die naam "Salomo" dui op vrede. Hoe maak Dawid dit aan Salomo duidelik dat hy nie in eie krag die tempel sal kan bou nie (22 : 11, 12)? Wat was die doel van al Dawid se oorloë en roemryke oorwinnings, blykens sy woorde in 22 : 18, 19? Watter heenwysing bied dit na die Koningsheerskappy van Jesus Christus?

**STUDIE 6**

***Lees 1 Kronieke 23 : 1-5, 25-32; 25 : 1; 26 : 1, 6-8,12-20, 26-32; 27 : 1-6***

1. Dawid dek as't ware die tafel vir Salomo om die tempel-diens vir die HERE ordelik in te rig. Waarom was dit hierdie keer nie verkeerd om 'n sensusopname te maak nie (vgl. 21 : 2, 3)?

2. Maak 'n opname van die verskillende dienste in die tempel wat Dawid vooruit gereël het en ook wie daardie dienste moes behartig (23 : 28; 25 : 1; 26 : 1, 20, 29).
3. Waarom hoef ons vandag nie meer al hierdie seremonies wat Dawid so noukeurig gereël het, na te kom nie (vgl. Kol. 2 : 16, 17)?
4. Let op die interessante militêre dienspligstelsel wat Dawid ingevoer het: vir elke maand was 'n ander afdeling (van 24 000 man) aan diens (vgl. 27 : 1-6).

**STUDIE 7**

***Lees 1 Kronieke 28 en 29***

1. Waarom dink u word dit so dikwels in die koningsboeke gesê dat Dawid se "koningskap tot in ewigheid" sal duur (28 : 7, 8)? Watter goeie raad gee Dawid aan sy seun Salomo wat steeds vir ons in ons godsdienstige lewe geld (28 : 9)?
2. Waar het Dawid die plan van die tempel wat "by hom in die gees" was (28 : 12) vandaan gekry (vgl. 28 : 19)?
3. Waarom dink u is die laaste woorde van Dawid wat opgeteken is 'n lofprysende gebed tot die HERE (29 : 10-19) en 'n opdrag aan die volk om die HERE te loof (28 : 20)?
4. Hoe sou Salomo se regering in geheel 'n heenwysing wees na die Koningsregering van Jesus Christus (vgl. 29 : 25)?

## *2 KRONIEKE: Prinse uit die huis van Dawid*

Soos in die vorige Bybelstudie aangedui is, is 2 Kronieke eintlik die tweede deel van 1 Kronieke. Waar 1 Kronieke oor die regering van koning Dawid gegaan het, vertel 2 Kronieke verder van Dawid se nageslag: van Salomo en die konings wat na hom in Juda gekom het — tot by die ballingskap.

Hierdie tydperk van die koningsgeskiedenis word ook op 'n ander plek in die Bybel beskryf: in die boeke 1 en 2 Konings. Daarom is daar baie dele van 2 Kronieke wat amper woordeliks met daardie boeke ooreenkom (bv. 2 Kron. 9 : 1 - 12 en 1 Kon. 10 : 1 - 13).

Tog is 2 Kronieke nie 'n blote herhaling van 1 en 2 Konings nie. Daar is enkele opvallende verskille. Waar 1 en 2 Konings die koningsgeskiedenis van Juda én van Israel afwisselend vertel, konsentreer 2 Kronieke op die konings van Juda. Verder plaas 2 Kronieke groter nadruk op die tempel en die tempeldiens.

### Waaroor gaan 2 Kronieke?

Die feit dat 2 Kronieke die regeringstyd van die konings van Juda na vore bring, is van besondere belang. Daarmee benadruk dit die HERE se belofte aan Dawid dat sy troon sal bly staan tot in ewigheid (vgl. 2 Sam. 7 : 16).

Dit is egter duidelik dat die HERE se belofte aan Dawid oor meer gegaan het as maar net Dawid se eie nasate. Die Prins uit die huis van Dawid wat uiteindelik sy koninkryk sou bestendig tot in ewigheid, is Jesus Christus. Die boek is dus 'n profetiese heenwysing na die koninkryk van Christus.

Die koninkryk van Jesus Christus is 'n koninkryk waarin almal die Here God dien en Hom gehoorsaam. Ook hierheen wys die boek 2 Kronieke byna op profetiese manier.

(1) Dit wys na die volmaakte diens van die Here in sy koninkryk deur groot klem te plaas op die tempel en die tempeldiens.
Baie aandag word gegee aan die bou van die tempel onder Salomo (hfst. 2-7) en die latere herstel van die tempel en die tempeldiens onder Joas (hfst. 24), onder Hiskia (hfst. 29-31) en onder Josia (hfst. 34-35).

(2) Dit verwys na gehoorsaamheid in die koninkryk van God deur besondere aandag te gee aan die konings wat God se wil gedoen het. Dit was konings soos Asa (hfst. 14-16), Josafat (hfst. 17-20), Hiskia (hfst. 29-32) en Josia (hfst. 34-35).
'Die vertellings oor die ander konings, veral dié wat verkeerd gedoen het, word vinnig afgehandel, byna asof die skrywer haastig is om te vertel van die konings wat goed gehandel het.

Tog verswyg die skrywer nie die konings wat goddeloos op-getree het nie. Die goddelose konings (bv. Joram, Ahasia en Agas) het die volk herhaaldelik verlei om ontrou aan die HERE te raak. Die boek getuig egter van die verbondstrou van die HERE: telkens wanneer die volk in afgodediens verval, kom die HERE hulle tegemoet. Hy laat 'n nuwe koning uit die nageslag van Dawid opstaan wat hervormings aanbring en die diens van die HERE herstel.

Wanneer die volk egter bly terugval in afgodery, ervaar hulle die oordeel van God daarin dat Hy hulle in ballingskap laat wegvoer. Dit word uiteindelik duidelik dat God steeds 'n God van genade is. In die heel laaste 2 verse van die boek (36 : 23, 24) lees ons dat die Persiese koning Kores deur die Here gelei is om die volk na hulle land te laat terugkeer.

Dit is dus duidelik dat 'n mens in 2 Kronieke nie maar net 'n relaas kry oor konings van die verre verlede nie. Die boek is 'n getuienis van die HERE se verbondstrou en genade, en van sy oordeel.

Die boek maak ook ons oë oop vir die volmaakte heerskappy van God, 'n koninkryk waarin Hy met gehoorsaamheid gedien word. Hierdie koninkryk, weet ons uit die Nuwe Testament, het in Jesus

Christus deurgebreek.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**Studie 1**

***Lees 2 Kronieke 2 en 8***

Hoofstukke 2 tot 7 gaan oor hoe Salomo die tempel van die Here gebou het. In die studie van 1 Konings het ons reeds aandag aan hierdie tempelbou gegee. Daarom gaan ons nie weer alles daaroor nalees nie.

1. In hierdie hoofstukke word die tempel wat Salomo laat bou het, oor en oor 'n *huis vir die Here* genoem (bv. 2 : 1-5). Was dit Salomo se bedoeling om 'n *woonplek* vir God op te rig (2 : 6; vgl. ook Hand. 7 : 47, 48)? Wat was dan die werklike doel met die tempel (2 : 6)?
2. Waarom het Salomo soveel moeite gedoen om die tempel 'n kunstige bouwerk te maak (2 : 5, 7)? Waaruit kan 'n mens aflei dat Salomo die tempel laat bou het vir die eer van die HERE en nie vir eie eer nie (2 : 5, 12)? Dink u dat ons in navolging van die tempel steeds vandag skouspelagtige kerkgeboue moet oprig?
3. 3 Hoe dink u het dit gebeur dat Huram, die koning van Tirus en ongetwyfeld 'n heiden, in sy brief lofprysing aan die HERE uitspreek (2:11, 121?
4. Waarom was dit vir Salomo moontlik om soveel nie-lsraeliete in diens te neem vir sy bouwerke (2 : 17; 8 : 7-9)?
5. Waarom het Salomo besluit dat geeneen van sy vroue in Dawid se paleis mag inwoon nie (8 : 11; vgl. ook 1 Kon. 11 : 1, 2)?

**Studie 2**

***Lees 2 Kronieke 13, 14, 15 en 16***

Hierdie vier hoofstukke vertel van die eerste konings van Juda nadat die ryk onder Rehabeam in twee geskeur het. Maak vir uself in die loop van hierdie sewe studiestukke 'n lys van die agtereenvolgende konings van Juda. Teken terselfdertyd aan watter van die konings gehoorsaam was aan die HERE en watter nie.

1. Voor die geveg teen Jerobeam het Abia uitgeroep dat die HERE die koningskap aan Dawid gegee het as 'n *soutverbond.* So lui die 1933/53-vertaling (13 : 5). Die 1983-vertaling noem dit egter 'n *onverbreekbare verbond.* Hoe kan die vertalings verklaar word in die lig van Levitikus 2:13 en Numeri 18 : 19? Hoe was die soutverbond met die huis van Dawid 'n profetiese heenwysing na Jesus Christus?
2. Vertroue op die HERE is die treffendste kenmerk van die optrede van Abia (13 : 5-14) en van Asa (14 : 9-11). Hoe is hulle vertroue beloon (13 : 15-18; 14 : 12-15)? Dink u dat dit reg is vir 'n leër om soos Asa (13 : 14) en soos Abia (14 : 11), voor 'n geveg van die HERE te bid om die oorwinning aan hulle te gee?
3. In 14 : 7 sê koning Asa dat Juda die HERE gesoek het. Kyk of u uit hoof stuk 15 kan vasstel wat dit beteken om die HERE te soek. Watter lig kry ons uit hoofstuk 15 op ons roeping tot *daaglikse bekering?*
4. Waarom was dit verkeerd van Asa om 'n verbond met die koning van Aram te sluit (16 : 7-9)? Hoe kom Asa se verkeerde gesindheid na vore in sy optrede met die siener Hanani en met die res van die volk (16 : 10)? Hoe blyk sy verkeerde gesindheid selfs by sy siekbed (16 : 12)? Watter waarskuwing hou Asa se geskiedenis vir die gelowiges in?

**Studie 3**

***Lees 2 Kronieke 17 en 18***

1. Wat het koning Josafat gedoen om die volk van Juda te lei tot die regte diens van die HERE (17 : 6-9)? Waarom kan ons sê dat die roem van Josafat se regering nie aan hom as mens gegaan het nie, maar werklik die HERE toegekom het (17 : 10)?
2. Hoe het Josafat en Agab swaers geword (18 : 1; 21 : 6)? Watter ellendige gevolge het hierdie familieband vir die koningshuis van Juda ingehou (vgl. 21 : 4.6; 22 : 2-3, 10).
3. Watter houdingsverskil tussen Josafat en Agab kom na vore in 18 : 3-9? Waarom het al die profete gesê dat Israel die oorhand sal kry in die geveg (18 : 9-12)? Waarom het ook Miga aanvanklik dieselfde profesie as die ander profete gebring (18 : 14; vgl. ook 18 : 18-21)?
4. Miga staan in 18 : 23 as't ware in die beskuldigdebank voor die 400 leuen-profete van Agab. Wie is eeue later ook in die gesig geslaan en valse beskuldigings toegeslinger terwyl die waarheid van sy woorde in twyfel getrek is (Luk. 22 : 64-71; Joh. 18 : 37)?

**Studie 4**

***Lees 2 Kronieke 21 : 1-7; 22; 23 : 1-3, 9-15; 24 : 1-19***

In hierdie hoofstukke lees ons van Joram se rampspoedige huwelik met die bose Atalia, dogter van koning Agab van Israel. Ook van die ellendige invloed van Atalia op die koningshuis van Juda.

1. Wie het koning Joram verlei om verkeerd op te tree voor die HERE (21 : 6)? Waarom het die HERE steeds die koningshuis van Juda staande laat bly ten spyte van hulle goddeloosheid (21 : 7)?
2. Watter strafgerig (22 : 8) moes Jehu oor die familie van Agab bring (vgl. 2 Kon. 9 : 6-10)? Waarom het God ook Ahasia in die proses laat doodmaak (22 : 7; vgl. 22 : 2, 3)?
3. Watter ellendige toestand het na die dood van Ahasia oor die koningshuis gekom (22 : 9-10)? Hoe het die

HERE die huis van Dawid tog laat voort-gaan en uit die ellendige toestand verlos (22 : 11 - 23 : 3)?

4. Waaraan skryf u dit toe dat die jong koning Joas gedoen het wat reg was in die oë van die HERE (24 : 2)? Hoe het Joas die fondse in die hande gekry om die herstelwerk aan die tempel te laat doen (24 : 8-12)?
5. Waarom kan die nageslag van Joram 'n geslag van swakkelinge genoem word (vgl. 22 : 3, 4; 24 : 17, 18)? Hoe is die uiteinde van Joas 'n bevestiging dat die HERE diegene wat Hom haat tot in die derde en vierde geslag nie ongestraf laat bly nie?

**Studie 5**
**Lees 2 Kronieke 25** - **27**
Hoofstukke 25, 26 en 27 beskrywe agtereenvolgens Amasia, Ussia en Jotam se regeringstye oor Juda.

1. Waaruit is dit duidelik dat die HERE die band tussen Juda en Israel wou deurbreek (25 : 7-9)? Met watter gevolge het Amasia na die opdrag van die HERE geluister (25 : 10, 11)?
2. Hoe het die HERE na Amasia se afgodery sy ondergang bewerkstellig (25 : 20-25)? In 25 : 18 vind ons een van die min voorbeelde van 'n fabel in die Bybel. Wat dink u was Joas se bedoeling met die fabel?
3. Waarom het Ussia se mag en aansien so geweldig uitgebrei (26 : 5-8)? Wat het daartoe gelei dat Ussia ontrou teenoor die HERE begin optree het (26 : 16)? Hoe het die HERE Ussia oor sy ontroue optrede en onbekeerlike hart gestraf (26 : 19-21)?
4. Het die regering van Jotam op dieselfde tragiese noot as dié van sy voor ouers Amasia en Ussia geëindig? Waarom het hy groot mag verwerf en het sy groot ondernemings geslaag (27 : 6)?

**Studie 6**
**Lees 2 Kronieke 30 en 31**
In die Bybelstudie oor 2 Konings 18-20 het ons reeds heelwat aandag gegee aan die regering van koning Hiskia. In 2 Kronieke lees ons egter heelwat meer oor Hiskia se hervormings ten opsigte van die tempeldiens in Jerusalem.

1. Waarom kon Juda die Pasga nie op die vasgestelde tyd vier nie (30 : 3: 29 : 17, 34)? Wanneer was hulle veronderstel om die Pasga te vier (Num. 9 : 1-5)? Was dit toelaatbaar om die Pasga op 'n ander tyd te vier (Num. 9:6-11)?
2. Watter vermaning en bemoediging het Hiskia ingesluit in die briewe wat hy aan die stamme van Israel gestuur het (30 : 6-9)? Watter bedroewende reaksie het daar uit groot dele van Israel gekom (30 : 10)? Waarom was daar tog manne uit Israel wat hulle verootmoedig het (30 : 11)? Waarom was daar sedert Salomo nie so 'n fees in Jerusalem nie (30 : 25, 26)?
3. Hoe het Hiskia die daaglikse versorging van die priesters gereël (31 : 4-101? Watter beginsel vir die versorging van predikante is reeds in hierdie verse aanwesig?
4. Watter goeie getuienis vind ons in 31 : 21 van al Hiskia se doen en late? Watter getuienis vind ons in hierdie selfde vers van die goedheid en trou van die HERE?

**Studie 7**
**Lees 2 Kronieke 34** en **35; ook 36 : 11-23**
In hierdie hoofstukke lees ons van koning Josia se regering as 'n laaste opflikkering onder die konings voordat Juda in ballingskap na Babel weggevoer is.

1. Watter ander koning het ook op so 'n jong ouderdom koning van Juda geword (24 : 1)? Waarom dink u kon die jeugdige Josia, in teenstelling met baie van sy ouer voorgangers, dit regkry om nie links of regs in die diens van die HERE af te wyk nie (34 : 3)?
2. Watter belangrike ontdekking het die priester Hilkia in die tempel gemaak (34 : 14, 15)? Wat was koning Josia se reaksie op hierdie ontdekking (34 : 18-19)? Waarom het hy so gereageer (34 : 21)? Wat leer hierdie geskiedenis ons van God se genade vir berouvolle sondaars (34 : 26, 27)?
3. Om welke rede het Josia die Pasga in die eerste maand laat vier (35 : 1) en nie in die tweede maand soos Hiskia laat doen het nie (30 : 3; Num. 9 : 1-11)? Waarom dink u was die Pasga wat volgens die reëling van Josia gevier is, nog voortrefliker as dié van Hiskia (35 : 18; 30 : 26)?
4. Hoe het Juda van die HERE afvallig geraak in die tyd van koning Sedekia (36 : 12-14)? Watter bewyse van die verbondstrou van die HERE was daar selfs op hierdie laat stadium (36 : 15)? Waarom het die HERE hulle op die ou einde wel as ballinge na Babel laat wegvoer (36 : 16, 171?
5. Kyk of u die woorde van Jeremia waarna 36 : 21, 22 verwys kan opspoor in die boek van sy profesie. Watter belangrike openbaring oor die genade, almag en trou van die HERE vind ons in die laaste twee verse van 2 Kronieke?

## *ESRA EN NEHEMIA : Die tempel en die stad herbou*

Vir 4 eeue lank het die konings in Juda en Israel regeer. Daarvan het ons in die boeke Konings en Kronieke gelees. Ons het ook gelees hoe die konings en hulle onderdane oor en oor die HERE met hulle afgodery getart het, totdat die HERE hulle op die ou einde as ballinge laat wegvoer het — Israel na Assirië en Juda na Babilonië. En daar eindig die boeke van Konings en Kronieke.

Oor wat met die volk in ballingskap gebeur het, is daar maar min in die Bybel opgeteken. Brokstukke van dié geskiedenis kry ons wel in die boeke van die profete, veral Daniël 1 - 6, en in die boek Ester. Maar dit is asof die geskiedskrywers liewer maar oor hierdie vernederende 70 jaar in die geskiedenis van die volk stilbly. Dat dit vir hulle 'n tyd van geweldige sielewroeging was, is vir ons duidelik uit Psalm 137: "By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink ..."

In ieder geval blyk dit dat die ballingskap die nodige uitwerking gehad het: die volk het diep berou gehad daaroor dat hulle ontrou aan die HERE was (vgl. Esra 9). Hierop het die HERE weer genade aan sy volk betoon en dit so beskik dat hulle weer na hulle land kon terugkeer.

Wat 'n heuglike gebeurtenis vir die volk! Geen wonder nie dat die geskiedskrywers weer na die pen gegryp het. En so het die laaste twee geskiedenisboeke van die Ou Testament ontstaan: Esra en Nehemia. Soos reeds in die vorige Studiestukke aangedui is, was Esra en Nehemia oorspronklik een boek, saam met 1 en 2 Kronieke. Maar omdat die gebeure na die ballingskap eintlik 'n nuwe tydvak in die geskiedenis was, is Esra en Nehemia met verloop van tyd as twee afsonderlike boeke beskou.

### Waaroor gaan die boeke?

Die name van die boeke kan dalk die indruk wek dat hulle onderskeidelik oor die geskiedenis van Esra en Nehemia handel. Dit is egter net gedeeltelik waar. In die geval van Esra kom Esra as persoon eers in die laaste 4 hoofstukke van die boek ter sprake. Die boek is maar net na hom genoem omdat van ouds aanvaar is dat Esra die skrywer van die boek was. In Nehemia se geval is dit wel so dat Nehemia se optrede 'n belangrike plek in die boek inneem. Bowendien is groot dele van die boek uit Nehemia se eie geskrifte saamgestel.

Waaroor gaan die twee boeke dan? Oor die algemeen kan 'n mens sê dat in Esra vertel word hoe die volk uit ballingskap teruggekeer het en die tempel in Jerusalem herbou het; en in Nehemia hoe Jerusalem se mure herbou is. Die inhoud van die twee boeke kan soos volg saamgevat word:

### ESRA:

Die volk keer terug (hfst. 1 - 2);
Die tempel word herbou, ondanks teenstand (hfs. 3-6);
Esra reël die tempeldiens (hfst. 7 - 10).

### NEHEMIA:

Die mure van Jerusalem word herbou, ondanks teenstand (hfst. 1-7);
Die verbond met die Here word weer bevestig (hfst. 8 - 10); Die stadsmure word ingewy; allerlei hervormings deur Nehemia (hfst. 11-13).

### Godsopenbaring

Waarom het God hierdie boeke in die Bybel ingesluit? Watter Godsopenbaring is daarin opgesluit? In die eerste plek openbaar God in hierdie boeke sy **almag** en sy **trou.** Sy al-mag is sigbaar daarin dat Hy die geskiedenis van volke stuur en rig, selfs van heidenvolke, om sy raadsplan te laat ontvou. Kores, magtige koning van die Perse, is maar instrument in die hand van God om Juda uit ballingskap te laat terugkeer. God openbaar Homself ook as die God wat getrou is aan sy beloftes. Soos Hy beloof het, laat Hy sy berouvolle volk terugkeer na die land van belofte.

Wanneer Hy Juda laat terugkeer, is dit nie ter wille van hulle eie nasionale eer of aansien nie, maar ter wille van die eer van God self. Terug in Jerusalem is hulle eerste opdrag om die tempel van die HERE te herbou en om die tempeldiens weer tot sy eer in te rig. Daarvoor moes Esra en Nehemia sorg. In Esra en Nehemia het ons voorbeelde en staatsmanne wat die wet van God as hulle uitgangspunt gehad het en wat hulle krag in die gebed gevind het (bv. Esra 9 en Nehemia 1 en 5).

Ten diepste openbaar die HERE sy trou daarin dat Hy sorg dat sy beloftes oor die komende Messias in vervulling gaan. Die terugkeer van Juda en die herbou van die tempel en die stad was in werklikheid maar net die voorbereidings wat getref was vir die koms van die Messias. Eers 4 eeue later het Jesus Christus in die vlees gekom om deur sy bloed 'n koninklike priesterdom vir God tot eiendom te maak. Tog begin God reeds in die tyd van Esra en Nehemia om die tafel te dek.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Esra 1 .: 1 - 11; 2 : 1 - 2, 68 - 70; 3 : 1 - 13***

In hierdie hoofstukke lees ons hoe die volk uit ballingskap na Jerusalem teruggekeer het en onder leiding van Serubbabel die fondamente van die tempel gele het.

1. Ons weet dat Juda deur die Chaldeërs (Babiloniërs) na Babel weggevoer is (2 Kron. 36 : 18). Hoe het dit dan gekom dat die koning van Persië besluit om hulle te laat terugkeer (vgl. 1 Kron. 36 : 22; Dan. 5 : 24; 6 : 1; Jer. 25 : 12, 131? Van watter woord uit die mond van Jeremia lees ons in 1 : 1 (vgl. Jer. 29 : 10)?
2. Hoe getuig koning Kores se woorde in 1 : 2 van God se almag en opperheerskappy? Het Kores die HERE as sy eie God aanvaar (vgl. 1:31? Kan die Gees van die Here net in gelowige mense werk (1:11?
3. Watter stamme van Israel het teruggekeer (1 : 5; 2 : D? Wat was die belangrikste rede vir hulle terugkeer (1 : 5; 2 : 68)? Watter fonds het die familiehoofde gestig toe hulle in Jerusalem aangekom het (2 : 69)?
4. Watter bouwerk is heel eerste in Jerusalem opgerig (3 : 2)? Waarom dink u het die oues wat die eerste tempel gesien het, gehuil toe hulle die fondament van die nuwe tempel sien (3 : 12, 13)?

**STUDIE 2**

***Lees Esra 4 : 1 - 6 : 12***

Hoofstukke 4 - 6 beskryf hoedat vyandelike pogings om die tempelbou tot stilstand te bring, afgeweer is.

1. Wie was die teëstanders (vyande) van Juda en Benjamin van wie ons in 4 : 1 lees (vgl. 4 : 1, 2; 2 Kon, 17 : 24)? Het hulle regtig, soos hulle beweer het (4 : 2), dieselfde God as die Jode gesoek (vgl. 2 Kon. 17 . 25 - 28, 40 - 41)? Watter lig werp hierdie geskiedenis op Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou in Johannes 4 : 20 - 22?
2. Waarom dink u wou Serubbabel nie dat die Samaritane die tempel help bou nie (4 : 3)?
3. Watter pogings het die vyande van Juda agtereenvolgens in die regeertyd van koning Kores, Darius, Ahasveros en Artasasta aangewend om die tempelbou in die wiele te ry (4 : 4 - 7)?
4. Met betrekking tot die brief van Bislam en sy trawante (4:7- 16), let op (a) dat dit in Aramees vertaal is (4 : 7) omdat die Persiese koning Aramees gepraat het; en (b) dat hulle na Palestina verwys as "Wes-Eufraat" (4 : 10, 11, 16), omdat die Persiese koning die hele wes van die gebied Euf raatrivier (met inbegrip van Palestina) so genoem het.
5. Aan watter rebelse optrede het die Jode hulle vantevore skuldig gemaak (4 : 12) wat in die annale van Babilonië opgeteken sou wees (4 : 19; vgl. 2 Kron. 38 : 13)? Hoe het die HERE beskik dat die werk aan die tempel kon voortgaan (5:6 17; 6:1- 12)?

**STUDIE 3**

***Lees Esra 6 : 13 - 22; 7 : 1 - 28***

Hoofstuk 6 beskryf die voltooiing van die tempel, en hoofstuk 7 hoe Esra toe die tempel-diens kom reël het.

1. Watter rol het die profete Haggai en Maleagi gehad in die voltooiing van die tempel (5:1; vgl. ook Haggai 1 : 1 - 4, 12 - 15)?
2. Hoe vergelyk die offers by die inwyding van die tempel met die offers waarmee die tempel van Salomo ingewy is (vgl. 6 : 17 met 2 Kron. 8 : 631? Waarom dink u was daar so 'n verskil? Waarom het hulle 12 bokke by die inwyding van die tempel geoffer (6 : 17)?
3. Uit watter stam van Israel het Esra gekom (7:1-5)? Watter amp het Esra beklee (7 : 6,11,12)? Waarom was Esra uitnemend geskik om die tempeldiens in Jerusalem kom reël (7 : 6, 10)? Wat was Esra se opdrag by monde van koning Artasasta (7 : 17, 25, 26)?
4. Het die hele volk uit die ballingskap teruggekeer (7 : 13)? Het almal wat teruggekeer het dit almal saam gedoen (vgl. 2:1,2 met 7 : 7)? Watter opvallende ooreenkoms is daar tussen die groep wat onder leiding van Serubbabel teruggekeer het (veral 1 :6 - 8) met die groep wat onder leiding van Esra teruggekeer het (veral

7 : 15, 16)?

**STUDIE 4**

***Lees Nehemia 1 en 2***

1. Hoe getuig Nehemia se gebed in 1 : 5 - 11 (a) van sy sondebesef (1 : 6, 7); (b) van God se verbondstrou (1 ; 8,9); en (c) van Nehemia se gebedsvertroue (1 : 111?
2. Waarom was Nehemia bedroef (1 : 3, 4)? Hoe het Nehemia se droefheid onder koning Artasasta se aandag gekom (2:1, 3)? Watter versoeke van Nehemia het koning Artasasta toegestaan (2:5- 8)?
3. Waarom het Nehemia Jerusalem se mure heimlik in die nag gaan besigtig (2:11 - 15; vgl. 2 : 10)? Waarom het hy aanvanklik nie eens vir die Joodse leiers gesê dat hy die stadsmure kom herbou nie (2 : 16; vgl. 6 : 18)? Sou u, in die lig hiervan, sê dat alle geheime optrede noodwendig sondig en verkeerd is (vgl. Ef. 5 : 12,13)?
4. Hoe het Nehemia die volksleiers oorreed om die stadsmure te herbou (2 : 17, 18)?

**STUDIE 5**

***Lees Nehemia 4 : 1 - 23; 6 : 1 - 14***

In hierdie hoofstukke sien ons dat daar, net soos by die tempelbou, vyandelike pogings was om die herbou van die stadsmure te verhoed. Maar deur God se genade word ook hierdie pogings afgeweer.

1. Hoe het die Jode die Samaritane se spot (4 : 2, 3) afgeweer (4 : 6)? Hoe het hulle die Samaritane se dreigemente (4 : 7, 8) afgeweer (4 : 9, 13 - 15)? .
2. In watter opsig het die dreigemente wel die bouwerk vertraag (4 : 16 - 21)? Watter pragtige wisselwerking tussen vertroue op die Here en eie verantwoordelikheid vind ons in Nehemia se optrede (4:17- 23I? Hoe het Nehemia deur sy eie voorbeeld leiding gegee (4 : 23)?
3. Met watter verdagmaking het Sanballat en sy trawante probeer om Nehemia te laat terugdeins van sy taak (6:5- 7)? Hoe het Nehemia hierdie aanval afgeweer (6:8-9)?
4. Hoe het Sanballat en Tobia probeer om Nehemia deur 'n valse profesie te beïnvloed (6 : 10, 131? Op watter manier het Nehemia hierdie nuwe aanval afgeweer (6 : 11)? Hoe dink u het hy geweet dat die profesie vals was (6 : 12)?

**STUDIE 6**

***Lees Nehemia 6 : 15 - 7 : 3; 8 : 1 - 19; 9 : 1 - 5***

1. Waarom moes die omringende nasies uiteindelik erken dat die voltooiing van die muur die werk van God was (6 : 15, 16)? Het Tobia werklik met sy optrede goeie bedoelings gehad, soos sy Joodse vriende Nehemia wou laat verstaan (6 : 18,19)?
2. Waarom het Nehemia soveel maatreëls getref ten opsigte van die stadspoorte en die wagte op die mure (7:1-3)?
3. Waarom was dit juis Esra wat die wetboek aan die volk voorgelees het (8:2-6, 10; vgl. Esra 7 : 6, 11, 23)?
4. Waarom dink u het die hele volk opgestaan toe Esra die wetboek oopmaak (8:6)? Wat sê dit as ons vandag by openbare gebede opstaan? Wat was die betekenis van die opheffing van die hande (8 : 7; vgl. ook Ps. 134 : 2 en 1 Tim. 2 : 8)? En wat het dit beteken dat hulle neergebuig het met hulle aangesig na die aarde toe (8 : 71? Waarom hef ons vandag nie meer ons hande op en buig ons nie meer na die aarde toe wanneer ons bid nie?
5. 5! Wat was die betekenis van die huttefees (8 : 15; vgl. Lev. 23 : 41 - 43)? Wat was die uiteindelike doel van al die gebede en feeste en vasdae en seremonies wat Esra die volk laat onderneem het (9:1- 5)?

**STUDIE 7**

***Lees Nehemia 13***

1. Wie was Bileam en waar in die geskiedenis het hy opgetree (13 : 2; vgl. Num. 22 : 1 - 121?
2. Waarom het Nehemia Tobia se huisraad uit die voorhof van die tempel uitgegooi (13 : 8, 9)?
3. Watter regstelling het Nehemia gemaak ten opsigte van die dienswerk van die Leviete (13 ': 10 - 13)?
4. Hoe het Nehemia verhoed dat daar verder op die Sabbat handel gedryf word (13 : 15-21)?
5. In 13 : 23 - 29 lees ons dat Nehemia al die Jode wat met heidense (vreemde) vroue getrou het, uit die volk verdryf het. Waarom het die HERE sulke huwelike verbied (13 : 26,27; Deut. 7 : 1 - 4)? Was dit die eerste keer dat die volk van sulke heidense huwelike skoongemaak is (vgl. Esra 10)? Wat sê die apostel Paulus oor huwelike tussen gelowiges en ongelowiges (1 Kor. 7 : 12 - 16)?

Let wel: In hierdie studie slaan ons Nehemia 3 oor, waarin vertel word wie watter dele van die stadsmure herbou het. Omdat hierdie hoofstuk ons 'n idee gee van hoe die stadsopset in die tyd van die Here Jesus daar uitgesien het, is dit tog interessant om dit deur te gaan en te vergelyk met 'n kaart van die destydse Jerusalem (bv. Op bl. 512 van die 1983-vertaling).

## *JOB: Die ware godsdiens*

Met die boek Ester het ons aan die einde gekom van ons studie van die historiese boeke van die Ou Testament. Die volgende groep boeke waardeur ons voëlvlug gaan, is die digterlike boeke. Die boek Job is die eerste van die digterlike boeke. Met uitsondering van die eerste twee hoofstukke en die laaste 11 verse van die boek is Job in geheel een groot digwerk.

In Job en in die ander digterlike boeke (Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, Klaagliedere) leer ken ons die Hebreeuse digkuns van die Ou Testament. Anders as die moderne digkuns wat ons ken, maak hierdie digkuns nie van *klankrym* gebruik nie, maar van *gedagterym.* In gedagterym bevat opeenvolgende versreëls dikwels verwante gedagtes. Soms bou die tweede gedagte op die eerste voort; soms vorm dit 'n teenstelling; soms bevat dit 'n blote herhaling. Sulke digkuns kry ons in die boek Job.

### Waaroor gaan Job?

In die boek Job leer ons wat ware godsdiens werklik is. Aan die begin van die boek leer ken ons Job as 'n godvresende man wat baie geseënd is deur die Here. Dan kom Satan voor God staan en beweer dat Job God dien net omdat God hom soveel seëninge skenk. Hy beskuldig Job dus van 'n selfsugtige godsdiens.

Is Job se godsdiens werklik so? God weet dat dit nie so is nie. Om dit te bewys, laat Hy Satan toe om Job van al sy seëninge te ontneem. Die gevolg is dat een ramp na die ander Job tref. Waarom dit gebeur, kan Job nie begryp nie. Nog-tans berus hy in God se optrede en hou nie op om Hom te dien nie. Daarmee is Satan verkeerd bewys. Terselfdertyd is aangetoon wat ware godsdiens van die gelowiges is: om God as die soewereine (vrymagtige) God te aanbid en te dien.

Die boek eindig egter nie daar nie. Want Satan kom met 'n volgende aanklag: Job het net 'n mooiweersgodsdiens. Ontneem Job sy gesondheid, beweer hy, en hy sal ophou om God te dien. Weer laat God Satan toe om Job te tref, hierdie keer met vreeslike siektes. Weer kan Job nie die rede vir sy lyding begryp nie.

Dan kom drie vriende Job in sy siektetoestand besoek. Hulle is Elifas, Bildad en Sofar. Saam met Job probeer hulle die redes vir sy ellendes deurvors. Die grootste deel van die boek (Job 3 tot 31) is dan 'n weergawe van die gesprekke tussen Job en sy vriende — in digvorm.

Die drie vriende van Job probeer hom met allerlei waarhede oor die sondigheid van die mens troos. Die oorsaak vir Job se lyding, sê hulle, lê by sonde wat Job of sy kinders gedoen het. Waarom anders straf God hom dan so? Job antwoord hulle telkemale dat hulle hopelose troosters is. As hy dan *gestraf* word, is hy daarvan oortuig dat hy onskuldig gestraf word.

In hoofstukke 32 tot 37 tree 'n vierde vriend toe tot die gesprek. Sy naam is Elihu. Hy bied ook maar skrale troos vir Job, maar kom ten minste tot die besef dat 'n mens verder moet kyk as net Job se lyde. Job het te doen met die vrymagtige wilsbesluite van God wat die mens nie kan begryp nie.

Uiteindelik praat God self met Job, in 'n donderstorm (Job 38 tot 41). Anders as wat 'n mens sou verwag, verduidelik Hy nie vir Job waarom die rampe oor hom gekom het nie. Hy wys Job bloot daarop dat Hy as die Skepper dinge doen en bedink wat ver bo die mens en die menslike verstand verhewe is. Die mens kan God nie bevraagteken nie. Ons moet Hom maar net dien as die soewereine en almagtige God. Job kom weer tot dieselfde slotsom as vroeër: hy aanvaar dat God vrymagtig is en bly Hom dien (Job 42). Die boek eindig dan met die blye berig dat die Here Job se omstandig-hede weer verander het en hom twee keer soveel gegee het as wat hy gehad het.

So het Satan se aanklag teen God se diens in die stof gebyt. Bo alle twyfel staan dit vas dat ware

godsdiens nie om eie-belang gaan nie. Ware godsdiens beteken om God te dien net omdat Hy God is en om dit wat Hy doen en besluit, in die geloof te aanvaar sonder om dit te bevraagteken. Ware godsdiens van die gelowige strek God dus tot eer.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.[6]

**STUDIE 1**

***Lees Job 1 en 2 : 1-10***

1. In hierdie hoofstukke word die voorgeskiedenis van die boek vertel. 1. Waaraan kan 'n mens sien dat Job se rykdom nie sy godsdiens ondermyn het nie (vgl. 1:5)?
2. Met watter beskuldiging teen Job het Satan God uitgedaag en wat was God se antwoord (1 : 6-11)?
3. Hoe het Job gereageer op die rampe wat hom getref het (1 : 20-22)? Was dit soos Satan verwag het?
4. Hoe verskil Satan se tweede beskuldiging van sy eerste en watter antwoord het God hierop gegee (2 : 1-6)?
5. Watter ellendes het daarna oor Job gekom (2 : 7-8)? Hoe was sy vrou se houding deel van Job se beproewing (2 : 9)? Hoe het Job op hierdie nuwe beproewing gereageer (2 : 10)?

**STUDIE 2**

***Lees Job 2 : 11-13; 3; 4 : 1-11; 5 : 8-19***

Job se drie vriende kom om hom te troos. Elifas begin met sy troos-poging.

1. Waaraan kan 'n mens sien dat Job se vriende geskok en verslae was oor wat hom oorgekom het (2 : 12,13)?
2. Waarom het Job sy geboortedag vervloek (3 : 1-26; vgl. veral 3 : 13, 17, 20, 23, 26)?
3. Watter versigtige verklaring het Elifas gegee vir die ellendes wat Job oorgekom het (vgl. 4:7)?
4. Watter advies het hy aan Job gegee hoe om uit sy ellende te kom (5 : 8)? Hoe motiveer hy sy advies (5 : 11, 15, 16)?

**STUDIE 3**

***Lees Job 8 : 1-6; 20-22; 9 : 1-4; 19-26; 10 : 1-6; 11 : 1-6.***

Bildad en Sofar tree nou ook tot die gesprek toe.

1. Watter waarheid neem Bildad as uitgangspunt (8 : 3)? Watter verkeerde afleiding maak hy uit die waarheid (8:4)? Watter advies gee hy daarom aan Job (8 : 5-6, 20-21)?
2. Dink Job anders as Bildad oor God se geregtigheid (9 : 1-3,19)? Dink Job dat die rampe wat hom oorgekom het, sy eie skuld is (9 : 21)? Ontken hy daarmee dat die mens in sy sonde skuldig voor God staan (9 : 20, 22)?
3. Waarvoor smeek Job in sy gebed voor God (10 : 2)? Watter nuwe lig gee die kruisdood van Christus op hierdie smeekgebed van Job?
4. Watter groot waarheid spreek Sofar uit oor hoe groot die mens se sonde voor God is (11 : 6)? Hoe stem dit ooreen met ons belydenis oor die mens se sonde (vgl. HK V/A 13; DL hfst. 2.2)? Dink u dat hierdie waarheid werklik vir Job in sy omstandighede tot troos kon wees?

**STUDIE 4**

***Lees Job 16 en 19***

Hierdie is van die hoofstukke waarin Job sy vriende antwoord.

1. Hoe het Job sy vriende se troospogings bevind (16 : 2)? Waarom (16:4-6)?
2. Lees Job se aangrypende beskrywing van sy lyding in 16 : 7-16. Hoe vergelyk hierdie lydensbeskrywing met dié in Psalm 22 : 6-21? Wie se lyding word in Psalm 22 beskrywe (vgl. Matt. 27 : 35, 43)? Dink Job steeds dat dit wat hom oorgekom het, sy skuld is (16: 17)? Draai Job daarom sy rug op God (16 : 18-21; vgl. ook 13 : 15)?
3. Vergelyk 19 : 1-22 weer met die lydensbeskrywing in 16 : 7-16. Wie het by uitnemendheid die straf van God onskuldig gedra ten einde die aanklag van Satan finaal tot 'n einde te bring (vgl. Rom. 8 : 33, 34)?
4. Na watter Losser wat sal triomfeer, verwys Job 19 : 23-25? Waarom kon Job ná hierdie woorde in verse 26 en 27 met soveel sekerheid verklaar dat hy sal lewe en God sal sien? Watter troos kry óns uit Job se woorde?

**STUDIE 5**

***Lees Job 32 : 1-6; 33 : 14-33; 36 : 22-33***

In hierdie hoofstukke tree 'n vierde vriend, die jong Elihu, wat tot nou toe stil gesit en luister het, ook tot die gesprek toe.

1. Waarom gee God in die Bybel soveel woorde van oordeel straf (33 : 16-17)?
2. Wil God die mens aan die dood oorgee (33 : 18)? Hoe red God die mens uit die dood (33 : 22-25)? Watter

[6] Indien u 'n volledige studie van die boek Job wil doen, sal die boek *Geveg met God* van prof. JH Kroeze vir u van groot hulp wees

perspektief gee die Nuwe Testament op hierdie woorde (vgl. veral 1 Tim. 2 : 3-6)?

3. Watter houding behoort die gelowige in te neem wanneer onverklaarbare dinge op sy lewenspad kom (36 : 22-23)?
4. Waartoe spoor Elihu die gelowige wat swaarkry, aan (36 : 24-25)? Waarom mag ons God nie verkwalik as ons nie verstaan waarom Hy ons laat swaarkry nie (36 : 26)? Watter redes is daar om God te loof en te prys, selfs wanneer dit met ons swaar gaan (36:26-31)?

**STUDIE 6**

***Lees Job 38 en 39***

In hoofstukke 38 en 39 praat God met Job vanuit 'n stormwind.

1. Tot hiertoe het Job vrae gevra oor God se optrede. Mag die mens God se dade bevraagteken (38 : 2)? Wie is dit wat eintlik antwoorde kan eis (38 : 3)?
2. God is bo ons vrae verhewe omdat Hy Skepper van alles is. Noem drie opsigte waarin sy skeppingswerk betuig dat God ver bo ons verhewe is (38 : 4-21).
3. God is nie net Skepper nie, maar ook die Onderhouer van alle dinge (vgl. HK Sondag 10). Hieraan herinner God Job in 38 : 22-38. Maak 'n lys van al die natuurverskynsels wat hierdie verse genoem het om God se Onderhoudingsmag — ver bo die mens se vermoëns — te openbaar.
4. Maak 'n lys van al die wilde diere wat in hoofstuk 39 beskryf word. Waarom dink u word al hierdie diere genoem?
5. Waarom, aldus 39 : 35, het God na al sy skeppingsdade verwys? Watter belydenis vind 'n mens in Job se antwoord (39 : 36-37)? Tot watter nuwe insig het God se woorde Job gebring (39 : 38)?

**STUDIE 7**

***Lees Job 40 en 42***

In die slothoofstukke voltooi God sy gesprek met Job. Die afloop van Job se geskiedenis word ook vertel.

1. Watter antwoorde sou u gee op die vrae wat God in Job 40 : 1 -3 stel? Hoe lei God se beskrywing van die seekoei en die krokodil in 40 : 10-28 'n mens tot 'n duidelike antwoord (vgl. 40 : 19, 27-28)?
2. Is dit moontlik dat enige mens hom deur sy eie mag kan red (40 : 9)? Watter heenwysing na God se genade in Christus is hierin verskuil?
3. Tot watter besef het Job aan die einde van sy worsteling gekom (42 : 2)? Watter troos is daar vir elke gelowige in 42 : 2 opgesluit? Waarom sit Job uiteindelik vol berou, in sak en as (42 : 3-6)?
4. Waarom dink u het God vir Job op die ou einde meer gegee as wat hy vroeër gehad het (42 : 10-17)? Hoe kan ons God se genade leer ken uit dit wat Hy elke dag vir ons gee?
5. Skryf nou in u eie woorde neer wat dit behels om God te dien.

# *PSALMS: Gebede van die kerk*

Die bekendste digwerke in die Bybel is sonder twyfel die Psalms. Die boek Psalms, soos ons dit ken, is in die Joodse tradisie genoem die "Boek van die lofliedere". Dit is inderwaarheid 'n bundel van 150 Ou-Testamentiese liedere wat deur verskillende gelowiges onder verskillende omstandighede gedig is.

Soos by die digkuns in die boek Job, vind ons ook in die Psalms nie klankrym nie, maar die tipies Hebreeuse gedagte-rym. Opeenvolging van verwante gedagtes of teenstellings kom algemeen voor. Op hierdie manier het die psalmdigters hulle lofliedere gedig.

## Wat is 'n psalm?

Op verskillende plekke word die psalms verskillend getipeer. In Psalm 57:1 word dit 'n gedig genoem; in Psalm 74:1 'n onderwysing; in Psalm 87:1 'n lied; in Psalm 90:1 'n gebed. Samevattend sou ons kon sê dat psalms *gebede in die vorm van gedigte en liedere is, waaruit ons kan leer.*

Die boek Psalms bevat sulke gedigte van verskeie digters. Een van die vrugbaarste digters was ongetwyfeld Dawid, van wie 'n groot aantal psalms (bv. Psalms 3 tot 41) in die bundel opgeneem is. Daar is ook psalms van Salomo (bv. Ps. 72), Asaf (Psalms 73 tot 83), die kinders van Korag (Psalms 42 tot 49) en Moses (bv. Ps. 90).

'n Verskeidenheid van omstandighede het hierdie digters tot verskillende gemoedstemminge gelei. Hierdie gemoedstemminge het hulle in gebedsworsteling voor God uitgestort en, onder leiding van die Heilige Gees, in digvorm neergeskrywe. Die gevolg is dat gelowiges van alle tye onder 'n verskeidenheid van gemoedstemminge met die psalms kan identifiseer.

In sy kommentaar op die boek Psalms kan Calvyn nie uitgepraat raak oor die waarde van die psalms vir die gelowige vandag nie. Hy skryf:

*Daar is geen boek waarin die mens duideliker en mooier lofprysings vind oor God se besondere genadegawes en al sy werke nie. Daar is geen boek waarin meer bevrydinge, meer getuienisse en meer ervarings van God se voorsienigheid en vaderlike sorg oor ons vertel word nie. Daar is geen boek waarin ons in die manier om God te loof, volmaakter onderwys word en waarin ons vuriger gedryf word in die oefening van die godsvrug nie. Daar is geen boek wat ons leer om ons kruis te dra, soos die Psalmboek nie.*

## Verskillende soorte psalms

Sommige psalms is duidelik met die oog op die erediens geskrywe. Ander psalms het weer 'n meer persoonlike aanslag. Oor die algemeen word daar 12 soorte psalms onderskei:

1. Lofpsalms, byvoorbeeld Psalm 33, 68, 96-100, 103, 105.
2. Koningspsalms (wat aardse konings besing), byvoorbeeld Psalm 2, 18.
3. Liedere wat die koningskap van die Here besing, byvoorbeeld Psalm 47, 93 en 96-99.
4. Klaagliedere van die enkeling, byvoorbeeld Psalm 3,38, 42 en 140-143.
5. Klaagliedere van die volk, byvoorbeeld Psalm 44, 74 en 79.
6. Dankliedere van die enkeling, byvoorbeeld Psalm 9, 18, 32, 107 en 116.

7. Dankliedere van die volk, byvoorbeeld Psalm 67, 124 en 135.
8. Seën- en vloekpsalms, byvoorbeeld Psalm 1, 28, 134 en 137.
9. Bedevaartsliedere, byvoorbeeld Psalm 84 en 120-134.

10. Oorwinningsliedere, byvoorbeeld Psalm 18, 46, 66 en 76.
11. Geskiedkundige psalms, byvoorbeeld Psalm 78, 105, 106 en 114. 12. Lofliedere op die wet,

byvoorbeeld Psalm 19 en 119.

## Christus in die psalms

Sommige moderne teoloë is traag om Christus in die Psalms raak te sien. Hulle argumenteer dat ons die Psalms moet lees as produkte van hulle eie tyd en Christus nie vanuit die Nuwe Testament daarin moet terugverplaas nie.

Nogtans sien ons dat Jesus self, wanneer Hy uit die Ou Testament aanhaal, dit die meeste kere uit die Psalms doen. Behalwe die 13 keer waar Hy in sy prediking direk uit die Psalms aanhaal, noem die evangeliste letterlik tientalle gebeurtenisse in sy lewe wat direk in die Psalms voorspel is. Dink maar aan Psalm 22:19: "Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad". Matteus sê dat hierdie profesie aan die voet van die kruis van Jesus vervul is (Matt. 27:35). Ook Psalm 110 bevat, aldus Handelinge 2:34, 'n heenwysing na Jesus Christus.

Wanneer Jesus na sy opstanding aan die Emmausgangers verskyn (Luk. 24), wys Hy hulle daarop dat alles wat oor Hom geskrywe is "in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word" (Luk. 24:44). In die Psalms word daar dus reeds in die Ou Testament uitdruklik van Jesus Christus geskrywe. In die Psalms kan ook die kerk van die Nuwe Testament jubelend meesing oor Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here. Ons het dus nie ander liedere nodig om van Christus te kan sing nie.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Efesiërs 5:19; Kolossense3:16; l Korintiërs 14:15; Psalms 33,100 en 145***

Die drie Psalms is voorbeelde van lofpsalms. Psalm 33 is waarskynlik by feesgeleenthede gesing en Psalm 100 by die tempeldiens. Psalm 145, wat ook 'n voorbeeld van 'n alfabetiese (akrostiese) psalm is, vorm die inleiding tot die groot loflied waarmee die Psalmbundel eindig (Psalms 145-150).

1. Waarvoor kan gelowiges in Nuwe-Testamentiese tye (dus vandag) die Psalms gebruik (vgl. Ef. 5:19; Kol. 3:16)? Wat is die verhouding tussen 'n mens se gevoel en jou verstand wanneer jy psalmsing (1 Kor. 14:15)?
2. Watter soort psalm is Psalm 33 (vgl. vers 1, 2)? Watter hoedanighede van God word in Psalm 33:4,5 besing? Watter dade van Hom word in verse 6 en 7 besing? Hoe moet ons dit verstaan dat die HERE alles *deur sy Woord*gemaak het (33:6; vgl. Gen. 1:3; Joh. 1:1-3; Heb. 1:1,2)?
3. By watter geleentheid is Psalm 100 in Ou-Testamentiese tye gesing (100:1, 4)? Wie word in hierdie psalm opgeroep om die Here te loof (100:1)? Wat moet almal van die HERE bely (100:3)?' Na watter "poorte" en 'Voorhowe" verwys vers 4 (vgl. die 1983-vertaling, asook Ps. 116:19)? Watter hoedanighede van die HERE word in hierdie Psalm geloof (100:5)?
4. Waarom staan Psalm 145 as 'n alfabetiese psalm bekend? In die Psalm word agtereenvolgens oor die volgende gesing: die *grootheid* van God, die *goedheid en koningskap van* God, die *troue sorg* van die HERE. Kyk of u kan aantoon waar die een onderwerp na die volgende oorgaan In Wie vind Psalm 145:13 'n vervulling in die Nuwe Testament (vgl. Luk. 1:33)?

**STUDIE 2**

***Lees Psalms 2,45,110 en 99***

Hierdie Psalms is voorbeelde van koningspsalms. Die koningspsalms besing gewoonlik in die eerste plek 'n aardse koning, maar is dikwels ook 'n heenwysing na die hemelse Koning, Jesus Christus.

1. Wie is die nasies, die volke en die konings van die aarde (Ps. 2:1, 2) wat teen die gesalfde van die HERE saamspan (vgl. bv. 1 Kon. 11:14-25)? Na watter koning(s) in Israel sou "die Gesalfde van dieHere"invers2konverwys? Wie is die Gesalfde wat uiteindelik waarlik Seun van God was (2:7; vgl. ook Hand. 13:33 en Heb. 1:5)?
2. Psalm 45 word beskou as 'n bruilofpsalm vir 'n aardse koning. Watter bevestiging kan u uit verse 10-16 hiervoor vind? Watter aanduidings vind u in die Psalm dat dit óók heenwys na Jesus as die Messiaskoning (vgl. ook Heb. 1:8, .9)?
3. Psalm 110 is die mees aangehaalde Psalm in die Nuwe Testament. Kyk in 'n Naslaanbybel hoeveel aanhalings u daarvan in die Nuwe Testament kan opspoor. Hoe moet ons vers 1 in die lig van Handelinge 2:34 verstaan? Watter koning was ook 'n priester volgens die orde van Melgisedek (110:4; vgl. ook Gen. 14:18 en Heb. 5:10)?
4. Psalm 99 is 'n voorbeeld van 'n Koningspsalm wat uitdruklik die Koningskap van die HERE besing. Oor wie

almal regeer die HERE volgensverse 1-3? Watter eienskap van die HERE word in verse 4-5 besing? Uit watter optrede van die HERE in die geskiedenis is dit duidelik dat Hy heilig is (verse 6-7)? Watter eienskappe van die HERE word invers 8 besing wat ons ook in artikel 20 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely?

**STUDIE3**

***Lees Psalm 22:1-23; Psalm 42,74 en 79***

Hierdie vier psalms word geklassifiseer onder die klaagliedere. Psalms 22 en 42 is klaagliedere van enkelinge. Psalms 74 en 79 is klaagliedere van die volk.

1. In watter opsig voel die digter verlate as hy aan die HERE se optrede met vroeëre geslagte dink (22:1-6)? Watter verwysings na die ellende van die digter kan terselfdertyd ook heenwysings na die lyding van Christus wees (vgl. Matt. 27:39,47-49)? In watter vers van die psalm verander die klaaglied in 'n danklied, en waarom?
2. Waarna verlang die Koragiete in die klaaglied van Psalm42 (verse 1-5)? Wie was die Koragiete (vgl.2 Kron.20:19)? Watter goddelose gespot moes die digter van Psalm 42 verduur (42:4)? Watter weerklank van hierdie woorde hoor ons in 2 Petrus 4:3,4? Vind u in hierdie klaaglied enige heenwysing na Christus?
3. Uit watter tydperk van die geskiedenis van die volk Israel kom die klaaglied van Psalm 74 waarskynlik (vgl. 74:3-8; 2 Kron. 36:17-20)? Waarop beroep die psalmdigter hom in sy smeking voor die HERE (vgl. verse 12-17)? Gaan dit in hierdie klaaglied oor die naam van die volk of die Naam van God wat verdedig moet word (74:18-22)?
4. Uit watter tydperk van die geskiedenis kom hierdie klaaglied waarskynlik (vgl. 79:1-7; 2 Kron. 36:17-20)? Kan u die gebedselemente van berou, smeking om skuldvergifnis, smeking om hulp en lofprysing in hierdie psalm aantoon (verse 8-13)?

**STUDIE 4**

***Lees Psalm 32,116,67 en 124***

Hierdie Psalms is almal dankliedere. Psalms 32 en 116 is dankliedere vir die enkeling. Psalms 67 en 124 is dankliedere van die volk van die HERE.

1. Waarvoor dank die psalmdigter Dawid die HERE in Psalm 32? Hoe was Dawid se lewe voordat hy sy sonde befy het (32:3-4)? Aan watter sonde van Dawid dink 'n mens onwillekeurig by hierdie Psalm (vgl. 2 Sam. 12:9-13)? Hoe is hierdie Psalm 'n onderwysing (vers 1) vir elke sondaar (vgl. verse 1,2,8-11)?
2. Dit is duidelik dat die HERE die digter van Psalm 116 uit doodsgevaar gered het. In watter omstandighede van doodsgevaar kon hy moontlik verkeer het (verse 3-8)? Op wie kan 'n mens ve-trou en op wie nie as jy in doodsgevaar verkeer (verse 10-11)? Hoe wil die Psalmdigter sy dank aan die HERE bewys (verse 12-19)?
3. Waarvoor word die HERE in Psalm 67 gedank (vers 7)? Waarom sou hierdie Psalm uitstekendby die Pinksterfees van die volk gepas het (vgl. Eks. 23:16)? Hoe is Psalm 67 'n dankbare vooruitgryping na die oes van die volke wat by die Pinksterfees in Handelinge 2 deel gekry het aan die heil van Israel ?
4. Waarvoor moet Israel die HERE in Psalm 124 loof en dank? Watter beelde word gebruik om die dreigende gevaar te beskryf (verse 4-11)? Tot watter dankbare belydenis kom die mens wat deur die HERE verlos is (vers 8)? Waarom pas hierdie verse uitstekend as aanvangsverklaring (votum) by elke erediens?

**STUDIE 5**

***Lees Psalms 1,137,84 en 126***

Psalm 1 is 'n leergedig wat seën uitsing. Psalm 137 is 'n voorbeeld van 'n "vloekpsalm". Psalms 84 en 126 is bedevaartsliedere wat pelgrims op pad na die tempel van die Here gesing het

1. Watter dinge, leer Psalm 1 ons, doen die gelowige nie (vers 1)? Watter dinge doen hy wel (vers 2)? Watter seën word die mens wat die Here dien, in hierdie Psalm toegesing (vers 3)? Waarmee word die goddelose mens vergelyk (vers 4)? Wat is die goddelose mens se uiteinde (vers 5)? Waarom (vers 6)?
2. Onder watter omstandighede het die volk Psalm 137 gesing (verse 1-4)? Waaroor huil die ballingvolk (vers 1) en waarin moet hulle vreugde vind (vers 6)? Watter ellende (vervloeking) word oor die vyande van die volk van die HERE afgebid (verse 7-9)? Gaan hierdie Psalm maar net oor die vyande van die volk of oor die vyande van die HERE self (vgl. ook Ps. 139:21)? Mag gelowiges in hulle gebede bid dat allerhande ellendes oor hulle vyande sal kom (vgl. Matt. 5:44)?
3. Waarnaverlang die digter van Psalm 84 (vgl. verse2-5)? Waarom kan die pelgrim op sy uitputtende reis volhard (verse 6-8)? Let op die gedagterym in vers 11 waarmee die digter sy blydskap uitroep wanneer hy by die tempel van die HERE aankom Vind hy sy vreugde in die tempel van die HERE of in die HERE van die tempel (verse 12-13)?
4. Wanneer en hoe het die HERE die lot van Sion verander (Ps. 136:1; vgl. 2 Kron. 36:22,23)? Na wie neem die gelowige in tye van swaarkry sy toevlug en waarom (136:4)? Met watter sekerheid is die gelowige in sware tye getroos (136:5-6)?

**STUDIE 6**

***Lees Psalms 46,66 en 105***

Psalms 46 en 66 is oorwinningsliedere wat in oorlogstye gesing is. Psalm 105 is 'n geskiedkundige psalm, met ander woorde 'n psalms wat die geskiedenis beskryf.

1. Waaruit is dit duidelik dat Psalm 46 in oorlogstyd gesing is (verse 7-10)? Waarom hoef die gelowige in oorlogstyd nie werklik bang te wees nie (verse2en3)? Aan wie kom die eer van die oorwinning toe (vers 11)?

2. Is Psalm 66 voor of na die veldslag geskrywe (verse 10-12)? Kom oorlog oor gelowiges deur die beskikking van God of nie (verse 11-12)? Waarom (vers 10)? Watter gesindheid en optrede pas by die gelowige aan wie die HERE die oorwinning in die oorlog gegee het (verse 13-20)?
3. Oor watter tydperk in die geskiedenis van Israel gee Psalm 105 'n oorsig?
4. Waarom moet die gelowige aan die geskiedenis terugdink (verse 2-7)? Hoe leer ken ons God in sy optrede met Israel deur die geskiedenis (verse 7-10)?

**STUDIE 7**

***Lees Psalm 19 en Psalm 119:1-16,153-176***

Hierdie twee psalms besing die wet van die HERE.

1. Waaruit kan die mens die heerlikheid van God leer ken (Ps. 19:1-*1)1* Waaruit kan ons Hom nog duideliker leer ken (verse 8-10)? In watter opsig kom dit wat ons in Psalm 19 sing, ooreen met dit wat ons bery in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis? Watter gesindheid bring die wet van die HERE in die hart van die gelowige (verse 12-15)?
2. Let op dat Psalm 119, net soos Psalm 145, 'n alfabetiese lied is. Kan die gelowige in eie krag God se gebooie nakom (119:8,10)? Hoe laat die HERE ons by sy gebooie hou? Kan ons ooit God se wet ten volle nakom (119:5)? Wie alleen het daarin geslaag om God se wet volmaak te onderhou? Hoe word die seën (welgeluk-saligheid) van Psalm 119:1-3 in Jesus Christus aan ons geskenk (art 23 NGB)?
3. IsdiegeboóievandieHEREvirdiedigtervanPsalmll9'nlusof 'n las (vers 174)? Onderhou die gelowige God se wet om te kan lewe, of lewe die gelowige om God se gebooie te kan onderhou (vers 175)?
4. Hoewel die Psalmdigter daarop staan dat hy nie van God se gebooie afwyk nie (vers 157), sê hy tog dat hy soos 'n verlore skaap gedwaal het (vers 176). Hoe moet ons hierdie twee punte bymekaar uitbring? Watter plek neem die gebooie van die HERE in die daaglikse bekering van die gelowige in?

## *SPREUKE: Die boek oor die wysheid*

Saam met Prediker en Job (asook enkele psalms soos Psalm 49 en 73) behoort Spreuke tot die sogenaamde *wysheids-literatuur* van die Ou Testament. *Wysheid* moet nie verwar word met geleerdheid of met slimmigheid nie. *Wysheid* soos dit in die wysheidsliteratuur beskryf word, het te doen met lewensinsig én vaardigheid in die lewenskuns. Hierdie literatuur wil die leser lei na die regte lewensinsig en die kuns aanleer hoe om reg te lewe.

### Wysheid in masjaal-spreuke

Die boek Spreuke beskryf die ware lewenswysheid in die vorm van 'n verskeidenheid spreuke. Wat is 'n spreuk? Volgens ons woordeboeke is 'n spreuk 'n sinryke gesegde. In Spreuke word hierdie sinryke gesegdes in 'n digvorm gegiet, sodat dit ook leergedigte genoem kan word. Die besondere aard van die spreuk in die Ou Testament word egter ten beste beskryf deur die Hebreeuse woord *masjaal.*

*'n Masjaal* is 'n spreuk waarin 'n bepaalde waarheid baie skerp en sterk (byna in die oortreffende trap) gestel word. As voorbeeld kan genoem word Spreuke 12:21: "Geen enkele onheil tref die regverdige nie". Hierdie stelling is duidelik 'n baie sterk oordrywing, maar juis daarin lê die besondere trefkrag van die *masjaal.*
Die Hebreeuse naam van die boek Spreuke is dan *Mesjalim.* Dit gee 'n mens 'n goeie idee van die inhoud van die boek. Spreuke is 'n bundel van masjaal-uitsprake waarmee die mens tot die regte lewensinsig en lewenskuns gelei word.

### 'n Versameling van verskillende skrywers

Die volle opskrif van die boek is *Die mesjalim van Salomo.* Daarmee word nie bedoel dat al die spreuke in die bundel deur Salomo opgestel is nie. Die meeste spreuke word wel aan Salomo verbind, naamlik dié in hoofstukke 1 -22 en 25-29. Die bundel bevat ook die woorde van die wyse manne (22:17 -24:34), die woorde van Agur (hfst. 30) en die woorde van Lemuèl (hfst. 31).

Wie hierdie spreukeversameling gedoen het, is onbekend. Uit 25:1 blyk dit dat die spreuke van hoofstukke 25-29 deur manne van koning Hiskia versamel is. Wie uiteindelik die eindredaksie van die boek behartig het, weet ons nie. Ons weet wel dat al die spreuke in die bundel opgestel en versamel is onder inspirasie van die Heilige Gees. In die finale instansie kom die wysheid dus van God.

### Waaroor gaan die spreuke?

Ons het reeds gesien dat die boek by wyse van masjaalspreuke die lesers en hoorders tot die ware lewenswysheid en lewenskuns wil lei. Om hierdie doel te bereik, word 'n groot verskeidenheid van onderwerpe oor die praktyk van die lewe aangeraak.
Hierdie onderwerpe word nie sistematies een na die ander behandel nie. Gevolglik lyk die boek na 'n versameling spreuke wat onsamehangend saamgeflans is. Dit blyk egter dat die volgende sake wel deeglik deur verskillende spreuke behandel word:

1. Wat wysheid is en waar dit vandaan kom.
2. Wysheid in teenstelling met dwaasheid.
3. Die wysheid in die persoonlike lewe van die enkeling.
4. Die wysheid in die optrede van 'n mens in die gemeenskap. Onder andere word onderlinge gesprekke, regverdige optrede, die betekenis van vriendskap en die verhouding met die teenoorgestelde geslag in die kalklig gestel.

Die sentrale gedagte van die boek kan in 'n enkele sin saamgevat word: die mens word aangemoedig om wysheid te soek en toe te pas, wysheid wat begin by en gegrond is in die vrees van die HERE.

### Spreuke en die Nuwe Testament

Vir die Nuwe-Testamentiese gelowige is die boek Spreuke van groot waarde. Dit leer ons wat ware

wysheid is en waar om dit te vind. In Jakobus 1:5 word ons juis geleer om die wysheid wat ons kortkom, van God te bid, en in 1 Timoteus 4:7, 8 om ons daarin te oefen om in toewyding aan God te lewe. In hierdie dinge gee die boek Spreuke ons juis praktiese leiding.

Ten diepste lei die boek Spreuke reeds in die Ou Testament na Jesus Christus toe. Jesus is dié Wysheidsleraar by uitnemendheid, soos Hy Homself in sy bergrede en gelykenisse betoon (vgl. Matt. 7:28, 29). Dit is opvallend dat Jesus dikwels in sy prediking masjaal-spreuke gebruik het (bv. Matt. 7). Die volkome wysheid van God het in Jesus Christus tot openbaring gekom (Joh. 14:10) en skenk Hy deur die Heilige Gees aan sy kerk (Joh. 16:7-13).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tyd-perk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Spreuke 1:1-9; 2:1-6; 3:1-12***

In hierdie verse word gesê wat wysheid is, waar dit vandaan kom en wat die doel daarvan is.

1. Wat is die doel van die spreuke (1:2-4)? Wie almal kan na die spreuke luister (1:3-6)? Waar kom die wysheid van die spreuke vandaan (1:8-9; 2:6)? Hoe verstaan u Jakobus 1:5 in die lig hiervan?
2. Wat is die grondslag van alle wysheid (1:7)? Wat is die eindpunt van alle wysheid (2:1-5)?
3. Die vrees van die HERE (1:7) is nie 'n verskriktheid nie, maar 'n bepaalde optrede en gesindheid jeens die HERE. Watter optrede en gesindheid behels dit (3:5-7)? Hoe verstaan u Jakobus 3:13-17 in die lig hiervan?
4. Watter insig het ons nodig wanneer die HERE ons tugtig (straf) (3:11,12)? Watter troos en watter waarskuwing het ons in die wete dat die HERE in 'n verbondsverhouding met ons staan (vgl. Jes. 64:8, 9; Jer. 3:19)?

**STUDIE 2**

***Lees Spreuke 1:20-33; 9:1-18***

In hierdie verse word wysheid en dwaasheid teenoor mekaar gestel en as persone voorgestel.

1. Waarmee word wysheid vergelyk in 1:20-33? En in 9:1-6? Wat dink u word met die vergelykings bedoel? Kan u 'n verband tussen hierdie vergelykings en die gelykenis van die saaier sien (Matt. 13)?
2. Oor watter 3 dinge word die dwase mens in 1:22 deur die wysheid tereggewys? Watter ander optrede is ken-merkend van die dwaas aldus Spreuke 14:16, 15:7 en 18:2?
3. Wat is die gevolge vir die mens wat die teregwysing verontagsaam (1:24-31)? Watter belofte is daar vir die mens wat wel op die teregwysing ag gee (1:23, 33)?
4. Waarmee word dwaasheid vergelyk in 9:13-18? Watter uitlokkende voorstel bevat haar woorde in 9:17? Wat is die uiteinde van die mens wat die dwaasheid navolg (1:32,18)? Wat bereik die mens wat die wysheid navolg (9:6)? Watter verband sien u met Jesus se woorde in Johannes 14:6?

**STUDIE 3**

***Lees Spreuke 4:1-27***

Spreuke 4 beskrywe die uitwerking wat wysheid op die lewe van die enkeling het.

1. Op watter manier bekom ouers die wysheid om aan hulle kinders te leer (4:1-4)? Watter perspektief kry ons hieruit op die praktyk van kategese?
2. Is dit werklik so dat 'n mens jou lewe kan verleng deur na die wyse raad van jou ouers te luister (4:10; vgl. ook die 5e gebod)? Dink aan praktiese voor-beelde van hoe 'n mens se lewe op aarde kan verkort as hy wyse raad verontagsaam.
3. Watter sintuie van die mens is aldus 4:20-27 betrokke in die gang van wysheid in jou persoonlike lewe? Waarom moet 'n mens veral let op wat in jou hart omgaan (4:23)? In watter opsig is jou hart die oorspronge van die lewe wat jou lewe bepaal (4:23; vgl. veral Luk. 6:43-45)?
4. Watter deugde is daar in die persoonlike lewe van die mens wat wysheid omhels? Maak 'n lys na aanleiding van Spreuke 13:4; 14:17,29; 15:1, 15, 18; 19:11, 20:1 (let veral op die treffende beskrywing in 23:29-36!).

**STUDIE 4**

***Lees Spreuke 10:8-21; 13:1-5,13-24***

Hierdie verse leer wysheid oor hoe ons met ander mense moet kommunikeer.

1. Watter uitwerking het die woorde van 'n wyse mens op die samelewing (10:11-13, 20-21)? Moet die wyse mens daarom te alle tye sy opinie gee (10:14)? Is daar tye wanneer die wyse mens liewer glad nie moet praat nie (10:19; 13:3)? Hoe vergelyk dit met Jakobus 1:19?
2. Wat is kenmerkend van die woorde van 'n dwaas (10:18,19)? Watter gevolge het die woorde van 'n dwaas (10:10,21)? Waarom moet 'n mens versigtig wees vir die mooipraatjies van goddelose mense (10:11)?
3. Wat moet die gelowige se houding tot leuens wees (13:5)? Watter twee gevolge van leuens word in 13:5 genoem? Watter rede word in Efesiërs 4:25 bygevoeg waarom ons altyd die waarheid moet praat?
4. Waarom is dit beter om die geselskap van dwase mense te vermy (13:20)? Waarom moet ouers nie stilbly as

hulle kinders tugtiging en straf nodig het nie (13:24)?

**STUDIE 5**

***Lees Spreuke 10:1-9, 22-32; 15:13-30***

**In** hierdie gedeelte hoor ons dat regverdige optrede deur die HERE beloon word.

1. Hoe word 'n mens vir regverdige dade deur God beloon (10:3,6,7,27)? Watter ellende daarenteen kom oor die mens wat allerlei onreg pleeg (10:3,7,27)?
2. Die voorspoed en seën in die lewe van die regverdige mens word by wyse van masjaal-spreuke op oordrewe wyse gestel. Kyk watter aanduidings u in 15:17,17:1 en 19:1 kry dat mense wat reg doen, ook maar in hierdie lewe kan swaarkry en in 17:16 dat ook goddelose mense materiële welvaart kan beleef?
3. Watter verskil maak wysheid dan wanneer 'n mens teenspoed en armoede beleef (10:28; 15:24 en ook 3:11,12)? Watter lig gee Psalm 73 op hierdie selfde saak? En Romeine 8:18-24? Hoe verskil die lewe van die wyse mens dan van die lewe van 'n dwaas (15:13,15, 30)? 4. Wie het die geregtigheid wat in Spreuke geëis word, volmaak volbring (vgl. Matt. 5:17; Rom. 10:4)? Watter loon ontvang die gelowiges uit die volmaakte geregtigheid van Christus (Rom. 3:21-24)?

**STUDIE 6**

***Lees Spreuke 17:17;  18:24; Spreuke 27***

Hierdie verse, veral hoofstuk 27, leer ons die deugde van vriendskap.

1. In watter opsig, sê die Spreukedigter, is 'n vriend vir jou meer werd as 'n broer? Wat is 'n kenmerk van 'n goeie vriend (17:17)? Watter gevaar hou verkeerde vriende in (18:24)?
2. Waarom kan 'n mens op 'n vriend wat jou seermaak, reken (27:5,6)? Watter kenmerk van goeie vriendskap word hierdeur na vore gebring?
3. Watter vreugde bring vriendskap vir 'n mens (27:9)? Watter voordeel hou vriendskap in vir die opbou van 'n mens se persoonlikheid (27:17)?
4. Spreuke 27:14 leer ons dat daar 'n regte tyd is om 'n regte woord te spreek, 'n Mens kan selfs 'n goeie ding op 'n verkeerde tyd sê. Hoe dink u moet hierdie spreuk gestalte kry in 'n mens se vriendskappe?

**STUDIE** 7

***Lees Spreuke 2:16, 17; 5:1-20; 6:20-27; 12:4; 18:22; 19:4; 21:19; 31:10-31***

Hierdie verse handel oor die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.

1. Wat lê, aldus 2:17, ten grondslag van die huwelik tussen man en vrou (vgl. ook Mal. 2:14)? Wie, behalwe die man en vrou, is dus direk betrokke by egskeiding?
2. Waarom is die verleiding van 'n prostituut bedrieglik (5:3-4; 6:24-25)? Watter verwoestende gevolge hou hoerery vir 'n mens in (5:5-14; 6:26-27)? Waarvan is hoerery 'n bedroewende teken (22:14)? Hoe sorg die Here dat dit nie vir 'n mens nodig is om in hoerery betrokke te raak nie (5:15-20; vgl. ook 1 Kor. 7:2)?
3. Wie bring man en vrou in die huwelik by mekaar uit (19:14)? In watter opsigte is jou huweliksmaat vir jou tot groot seën en vreugde (5:15-20; 12:4; 18:22; 19:14)? Watter optrede kan ondermynend op 'n huwelik inwerk (21.19)?
4. Maak 'n lys van die eienskappe van die deugsame vrou wat in 31:10-31 besing word. Wat is, binne die opset van die boek Spreuke, die grootste deug wat 'n vrou kan besit (31:30)?

# *PREDIKER: Die sin van die lewe*

## Naam en skrywer

Prediker 1:1 is die opskrif van die boek: *Die woorde van die Prediker.* Hieruit kom ook die naam van die boek: *prediker,* 'n Prediker was iemand wat in die volksvergadering van Israel opgetree het. Die boek is moontlik geskryf om in die volksvergadering voorgelees ; te word.

Die prediker stel homself bekend as die seun van Dawid, die koning in Jerusalem. Dit lyk dus of Salomo die skrywer was. Uit die taal en styl en omstandighede van die boek is dit egter duidelik dat die boek lank na die tyd van Salomo geskryf is, waarskynlik eers na die ballingskap. Die skrywer wil dus nie te kenne gee dat hy self Salomo is nie, maar bedoel slegs om die wysheid waarmee hy skryf, aan Salomo te verbind. Salomo was immers bekend vir sy wysheid.

## 'n Wysheidsboek

Na Spreuke en Job is Prediker die laaste van die sogenaamde *wysheidsboeke* in die Ou Testament. Ons het reeds in die studie van Spreuke gesien dat die *wysheid* wat in hierdie boeke beskryf word, nie geleerdheid of slimmigheid is nie, maar wel lewensinsig en vaardigheid in die lewenskuns.

Waar Spreuke die leser na wysheid op feitlik elke lewensterrein wou lei, spits die Prediker hom op 'n baie bepaalde faset van die wysheid toe. Hy lei die leser om na te dink oor die sin van die lewe.

## Ondersoek na die sin van die lewe

Hierin lei die Prediker sy leser op 'n baie besondere manier. Hy stel homself voor as iemand wat besluit het om ondersoek in te stel na die sin van die lewe (1:13). Hy skryf dan in sy boek neer hoe die ondersoek verloop het en tot watter slotsom hy gekom het.

Die slotsom waartoe hy kom, laat 'n mens aanvanklik skrik. Hy bevind naamlik dat alles tevergeefs is (1:2). Dit skryf hy oor en oor, byna soos 'n refrein, regdeur die boek (2:15,26; 3:19; 4:4,16; 6:9; 7:6; 8:10; 11:8; 12:8). Alles kom tot niks en is 'n gejaag na wind. Dit is tog 'n baie siniese en swartgallige lewenshouding.

Dit word egter mettertyd duidelik dat die Prediker hierdie tevergeefsheid toeskryf aan alle dinge "onder die son" (bv. 1:3,14; 2:11,17,19,22; 3:16; 4:3,15). Die slotsom waartoe hy kom, is dus hoe alle dinge lyk as dit op *horisontale vlak,* sonder God, bekyk word. So beskou, lyk die lewe inderdaad tevergeefs. Sonder God is daar geen sin in die lewe nie (2:25).

Maar as 'n mens verder as die lewe "onder die son" kyk, dan sien jy raak dat God in beheer is (3:14) en dat alles wat ons is en het, 'n gawe uit God se hand is (2:24; 3:13). Hoewel die mens nie altyd God se weg met hierdie wêreld kan verstaan nie, weet ons dat Hy alles goed en volmaak doen (3:11). Binne God se raadsplan is alle dinge dus sin-vol.

## Die oë gerig op God

Die Prediker spoor dus aan om in alles God voor oë te hou. 'n Lewe in diens van God is 'n sinvolle lewe (3:12). Want net God kan ons uitlig uit die tevergeefse kringloop waarin die mens vanweë die sonde beland het.

So is Prediker ten diepste 'n heenwysing na Jesus Christus. In Christus het God ons immers losgeruk uit 'n lewe van sinloosheid wat net in die dood eindig. In Christus stuur ons lewe op 'n sinvolle doel af: die ewige lewe by God (vgl. 1 Kor. 15:17, 18).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tyd-rooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Prediker 1***

Hoofstuk 1 bied die inleiding tot die boek. Ook gee die Prediker sy slotsom oor die sinvolheid van die mens se moeitevolle arbeid onder die son.

1. Met watter doel het die Prediker alles wat onder die hemel gebeur, onder-soek(l:13; vgl. veral die 1983-vertaling)?
2. Tot watter slotsom kom die Prediker oor die sin van die mens se moeite-vollearbeid(l:3,14)? Watter soort arbeid vind die Prediker in hierdie verse sinloos?
3. Wanneer en waarom het die mens se arbeid "krom" geword, met baie wat daaraan ontbreek (1:15; vgl. Gen. 3:17-19)?
4. Is die gelowige se arbeid *in die Here* ooit tevergeefs (vgl. 1 Kor. 15:58)?

**STUDIE 2**

***Lees Prediker 2***

In hoofstuk 2 stel die Prediker ondersoek in of daar, buiten moeitevolle arbeid, enig-iets anders onder die son is wat die lewe sinvol kan maak.

1. Tot watter slotsom kom die Prediker oor die moontlikheid dat plesier die lewe sinvol kan maak (2:1)? En die vrolikheid van sterk drank (2:3)?
2. Watter groot eiendomme het hy daarna vir homself bekom (2:4-8)? Watter groot prestasies het hy bereik (2:9-10)? Watter sin het hy op die ou einde in hierdie dinge gevind (2:11)? Waarom kan rykdom nie sin aan die lewe gee nie (vgl. Matt. 16:26)?
3. Is wysheid beter as dwaasheid (2:13-14)? Waarom kan selfs wysheid nie 'n sinvolle lewe vir die mens waarborg nie (2:14-19)?
4. Waarom is plesier en eet en drink en rykdom en wysheid in sigself nie verkeerd nie (2:24; vgl. ook 5:17-19)? Wanneer word hierdie dinge in 'n mens se lewe sinvol (2:25)? Wat maak hierdie dinge egter 'n gejaag na wind (2:26)?

**STUDIE 3**

***Lees Prediker 3***

In hoofstuk 3 wys die Prediker daarop dat God tog alle dinge beheer. Selfs die goddelose mens is, sonder dat hy dit wil erken, onder God se beheer.

1. Watter noodwendigheid is daar in die lewensloop van mense en plante (3:2)?
2. Watter uiteenlopende dinge word die mens van tyd tot tyd verplig om te doen, sonder dat hy daarin 'n keuse het(3:3-8)? Aan watter uiteenlopende emosies is hy van tyd tot tyd blootgestel (3:3-8)?
3. Wie bepaal die tye van die lewensloop, optrede en emosies van die mens (3:1,11)? Kan ons verstaan waarom Hy dit so laat gebeur (3:11)? Wat weet ons wel van alles wat Hy laat gebeur (3:11,14)?
4. Watter doen en late van die mens is sinvol (3:12,13)? Waarom (3:14,15)?
5. Wat is kenmerkend van die mens se lewe "onder die son" (3:16)? Watter verskil maak God hieraan (3:17)? Waarom laat God dan toe dat onreg gepleeg word (3:17)?
6. Watter lewensverwagting het die mens onder die son, sonder God (3:19-20)?

**STUDIE 4**

***Lees Prediker 4 en 5***

In hoofstukke 4 tot 6 wys die Prediker op onreg en eensaamheid van diegene wat sonder God lewe. Ook wys hy op die sinloosheid van roem en rykdom.

1. Waarom sou die goddelose mens wens om liewer nie te lewe nie (4:1-3)?
2. In watter twee uiterstes beland 'n mens in jou beroepslewe as jy nie God voor oë het nie (4:4-6)?
3. Waarom is 'n eensame mens se lewe sinloos (4:7,8)? Waarom is dit beter om nie alleen te wees nie (4:9-12)? Kan die gelowige ooit werklik eensaam wees (vgl. Ps. 121; Matt. 28:20)?
4. Waarom kan roem en aansien nie 'n mens se lewe sinvol maak nie (4:13-16)?
5. Kan godsdiens ook sinloos wees (4:17)? Watter godsdiens is sinvol (4:17)? Waarteen moet 'n mens dan in jou diens aan die Here waak (5:1-5)? Watter wysheid deel die Prediker in 5:6 met Spreuke 1:7?
6. Waarom kan rykdom vir die goddelose mens sinloos wees, maar sinvol vir wie die Here vrees (5:8-19)?

**STUDIE 5**

***Lees Prediker 7:15-29 en 8:1-17***

In hoofstukke 7 en 8 keer die Prediker, na 'n paar algemene spreuke, terug na die kwessie van wysheid. Nou egter sien hy wysheid soos die Spreukedigter, naamlik as geloofsinsig.

1. Gaan dit altyd goed met die gelowiges en altyd sleg met goddelose mense (7:15)? Let wel: Iemand wat "alte regverdig" is (7:16), is iemand wat ander harder as homself oordeel; en "buitengewoon wys" (7:16) is die mens gewoonlik in sy eie oë. "Alte goddeloos" (7:17) dui waarskynlik op die mens wat homself in alles verontskuldig omdat hy tog maar net 'n son-daar is (vgl. 7:20).

2. Kan 'n mens sonder God wysheid vind (7:23,24)? Waarmee vergelyk die Prediker die skaarsste van ware wysheid (7:27,28)? Watter gevolge het wysheid op 'n mens se lewensuitkyk (8:1)?
3. Wat is die houding van die wyse mens teenoor die owerheid (8:2-5)? Beteken dit dat owerhede altyd reg optree (8:6-10)? Waarom laat verkeerde optrede van 'n owerheid misdaad in 'n land toeneem (8: ll-12a)? Oor watter geloofswysheid beskik die gelowige onder sulke omstandighede (8:12b-15)?
4. Wat het die goddelose mens van al sy gewerskaf onder die son (8:16)? Kan 'n mens die raad van God begryp (8:17)? Waarom is dit so (8:17; vgl. ook art. 14 NGB)?

**STUDIE 6**

***Lees Prediker 9 en 10***

In hierdie hoofstukke gaan die Prediker voort om te besin oor wysheid en dwaasheid. Maar eers het hy enkele gedagtes oor lewe en dood.

1. Watter na-doodse vooruitsig het die mens sonder God (9:2-6)? Is daar dan in die oë van die goddelose enige rede om 'n regverdige lewe te lei (9:2,6)? Hoe maak die spreekwoord in 9:4b hierdie houding duidelik?
2. Watter lewensvreugde het die mens met die geloofsinsig dat God oor jou lewe die wag hou (9:7)? Watter verskil maak dit aan jou huwelikslewe (9:9)? En aan jou beroepslewe (9:10)?
3. Waarom is dit dwaas om deur ambisie gedryf te word (9:11-12)? Moet die waarde van wysheid gemeet word aan erkenning deur die samelewing? Watter antwoord gee die gelykenis van die arm wyse man hierop (9:14-16)?
4. Hoe laat die dwaasheid van goddelose mense dikwels die werk van die wyses skeefloop(10:l)? Watter effek het dit op die regering van 'n goddelose owerheid (10:5-7,16-19)? Moet 'n mens minder gehoorsaam wees aan so 'n owerheid (10:4,20)? 5. Watter voorbeelde gebruik die Prediker om te verduidelik dat 'n mens moet besin voor jy begin (10:8-11)?

**STUDIE 7**

***Lees Prediker 11 en 12***

In die laaste twee hoofstukke kom die Prediker uiteindelik tot 'n konklusie oor die sin van die lewe.

1. Hoe verduidelik die beeldspraak in 11:1 dat 'n mens nie net iets hoef te doen as jy vir jouself voordeel daarin sien nie?
2. Met watter beeld verduidelik die Prediker dat die gelowige, omdat hy weet dat God in beheer is, doen wat sy hand vind om te doen (11:3-6)?
3. Hoe verskil die lewenshouding van die gelowige (11:7-8) van dié van die goddelose (vgl. 4:2-3)? Hoe het God die angel van die dood, die duisternis en die nietigheid (11:8) verslaan (1 Kor. 15:55-56)?
4. Waarom pas dit nie by 'n gelowige jongmens om met 'n lang gesig deur die lewe te gaan nie (11:9-10)?
5. Watter verskillende fasette van die ouderdom beskryf die Prediker met die beelde in 12:1-5? Hoe beskryf hy die verskeurdheid wat die dood meebring (12:6-7)? Waartoe lei die dood vir die gelowige (12:7b)? En vir die goddelose (12:8)?
6. Tot watter finale slotsom kom die Prediker oor dit wat die lewe sinvol maak (12:13)?

Vir 'n vollediger studie van Prediker word die boek *Die woorde van die Prediker* (deur prof. JH Kroeze) of *Moeg getob* (deur prof. HF van Rooy) aanbeveel.

## *HOOGLIED EN KLAAGLIEDERE: Liefdesvuur en rousmart*

Ons was nou vir 'n geruime tyd besig met die studie van die digterlike en wysheidsboeke van die Bybel. Dit was die boeke Job, Psalms, Spreuke en Prediker. Daar bly nou nog twee kort boeke oor wat tot hierdie groep behoort, naamlik *Hooglied en Klaagliedere.*
Die ooreenkoms tussen *Hooglied* en *Klaagliedere* is dat altwee in werklikheid 'n versameling van gedigte is. Daar hou die ooreenkoms ook op. Die aard van die gedigte verskil hemelsbreed, soos ook in die name van die twee boeke weerspieël word.

* *Hooglied* (in Hebreeus: "Lied van die liedere") is 'n bundel liefdesliedere wat jubelend oor die menslike liefde sing.
* *Klaagliedere* is 'n bundel treursange wat met diepe droefheid weeklaag oor die ellendes wat die ballingskap oor Israel gebring het.

Verder is daar 'n tydspan van ongeveer 3 eeue tussen die twee boeke. Geleerdes reken dat *Hooglied* in die tyd van Jerobeam (± 880 v.C.) geskryf is, en *Klaagliedere* in die tyd van die ballingskap (± 580 v.C.).

### Waaroor gaan Hooglied?

Soos baie van die wysheidsboeke word ook *Hooglied* toegeskryf aan Salomo (1:1). Dit is egter waarskynlik dat die bundel slegs aan Salomo opgedra was. Dit is 'n bundel van huweliksliedere, bruidsliedere en bruidegomsliedere wat almal die skoonheid en egtheid van die ware liefde tussen man en vrou besing.

Dit is treffend dat *Hooglied* leer dat die natuurlike liefde tussen man en vrou 'n mooi gawe van die HERE is. In 8:6 word dit "’n vlam van die HERE" genoem. Daarom moet man en vrou hulle liefdeslewe, met al die geestelike en liggaamlike aspekte daarvan, as gawe van die HERE in gehoorsaamheid aan Hom geniet.

Wanneer ons Efesiërs 5:25-32 lees, word dit duidelik dat ons in *Hooglied* moontlik ook 'n heenwysing na Christus het. Die gemeenskap tussen man en vrou moet gesien word as 'n uitbeelding van die verhouding tussen Christus en sy kerk, lees ons in Efesiërs 5:32. *Hooglied*gee juis 'n uitnemende beskrywing van dié vurige en innige huweliksliefde van man en vrou. Daarmee gee dit vir ons dus ook 'n idee van die intense liefde wat Christus vir sy kerk koester.

### Waaroor gaan Klaagliedere?

Wie *Klaagliedere* geskryf het, weet ons nie. Ons kan egter die tradisie aanvaar dat Jeremia die liedere gedig het nadat hy gesien het hoe Jerusalem verwoes word. In hierdie liedere word trane gestort oor Jerusalem soos daar in begrafnisliedere van daardie tyd trane gestort is oor die weduwee wat in eensaamheid agterbly. Nadat die volk in ballingskap weggevoer is, is Jerusalem immers verlate soos 'n jong vrou (1:15) wat 'n weduwee geword het (1:1).

Die liedere is terselfdertyd 'n belydenis dat die verbondsvolk swaar teen die HERE gesondig het en dat hulle die ballingskap as straf uit die hand van die HERE verdien het (bv. 1:5). Daarmee saam bevat die liedere 'n oproep tot bekering en getuig dit van hoop op verlossing.

Die algehele Godverlatenheid waarvan die liedere sing (bv. 3:1-9) het natuurlik eers in Christus voluit werklikheid geword. Nie Jerusalem nie, maar Christus het die toorn van God in sy volle felheid deurgemaak - sodat óns daarvan verlos kon word.

### Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe [1]Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Hooglied 1 en 2***

Hierdie twee hoofstukke bevat afwisselend liedjies waarin die bruid en die bruidegom voor hulle troue van mekaar droom. Die afwisseling word duidelik na vore gebring in die 1983-verta-ling.

1. Wys 2 beelde aan waarmee die bruidegom sy bruid in hierdie hoofstukke beskryf en 2 waarmee sy hom beskryf.
2. Waarom is die bruid so bruingebrand (1:5-6)? Watter werk doen die bruidegom (1:7-8)?
3. Watter belangrike waarskuwing bevat 2:7 vir ongetroude jongmense (vgl. ook 3:5 en 8:4)? Hoe dink u moet 'n mens in die praktyk van die lewe op hierdie waarskuwing ag slaan?
4. Wat leer 2:6 ons in verband met die eksklusiewe aard van die liefde en die huwelik? Watter verband het hierdie vers met Genesis 2:24 en 1 Korintiërs 7:2?

**STUDIE 2**

***Lees Hooglied 3:6 - 5:1***

Hierdie hoofstukke bevat liedere oor die huweliksdag self, weer afwisselend gesing.

1. Watter koninklike kenmerke het die bruilofstoet volgens 3:6-11? Wie staan en kyk met verwondering na die bruilofstoet (3:11)? Van watter ander koninklike stoet lees ons in Matteus 21:8-11?
2. Soek een plek in hierdie hoofstukke wat die *onkeerbaarheid* van die liefde besing.
3. Watter ooreenkoms vind u tussen Hooglied 4:7 en Efesiërs 5:25-27? Watter aspek van die huwelik word deur die beeldspraak in 4:12 beskryf?
4. Dink u dat 5:1 'n aanmoediging vir mense is om dronk te word van wyn? Lees in hierdie verband ook Efesiërs 5:18.

**STUDIE 3**

***Lees Hooglied 5:2 - 6:12***

In hoofstuk 5 vertel die bruid 'n droom wat sy gehad het, 'n nagmerrie waarin haar geliefde wegraak en sy hom nie weer kan kry nie. Hoofstuk 6 is terug by die werklikheid, met 'n loflied deur die bruidegom.

1. Hoe kom die *intensiteit* van die liefde na vore in die droom van die bruid?
2. Watter faset van die liefde word onderstreep deur die vraag van die vroue in 5:9?
3. Dink u dit is gepas dat die bruid haar bruidegom haar *vriend* noem (5:16)? Waarom dink u so?
4. Wat is die "tuin" van die bruidegom waarheen die bruidegom afgeloop het (6:2; vgl. spesifiek 4:12,13)? Is ons Bruidegom ooit werklik weg sodat ons Hom nie kan kry nie (vgl. Joh. 14:23-28)?

**STUDIE 4**

***Lees Hooglied 6:13 - 8:14***

Na nog enkele liefdesliedere van die bruidegom en bruid, word die liefde besing.

1. Let op hoe die seksualiteit en liggaamlike aantrekkingskrag tussen man en vrou in 7:1-12 besing word, nie as iets wat laag en vuil is nie, maar as 'n natuurlike deel van die huwelikslewe.
2. Op watter manier word die intieme aard van die liefde tussen man en vrou in 8:3 beskryf?
3. Hoe word die deug van maagdelike ongeskondenheid van die bruid in 8:5 en 8:8,9 besing?
4. Waarom is die hartstog van die liefde in die huwelik goed en mooi (vgl. 8:6, veral in die 193 3/53-vertaling)?

**STUDIE 5**

***Lees Klaagliedere 1***

1. Hoe word die vroeëre en die huidige toestand van Jerusalem in 1:1 deur die digter beskryf?
2. Waaraan kan die verlatenheid van die stad gesien word (1:4)? Waarom is die stad verlate (1:5)?
3. Wat was die oorsaak van Jerusalem se ellendige omstandig-hede (1:8,9)? Het die dinge buite die wil van die HERE om plaasgevind (1:10-15)?
4. Wat bely die digter in 1:18 oor die HERE? Waarom kan hy dit te midde van al die ellende wat Jerusalem beleef, van die HERE bely (1:18-21)?

**STUDIE 6**

***Lees Klaagliedere 3***

1. Waarom is dit moontlik dat in een gedig twee oënskynlik botsende dinge soos in 3:8 en 3:56 gesê word? En soos in 3:3 en 3:31?
2. Vir wie het die woorde van 3:1-3 en 3:14,15 in later tye volkome waar geword (vgl. Matt. 27:39-48)?
3. Wat is vir die digter te midde van die ellendige omstandig-hede steeds 'n vaste anker (3:21-26)?
4. Waartoe word die volk in 3:40-42 opgeroep? Waarom kan die woorde in 3:59 ("verskaf my tog reg") nie beskou word as 'n bewys vir menseregte nie? In wie verskaf die HERE aan ons volkome reg en geregtigheid?

**STUDIE 7**

***Lees Klaagliedere 5***

1. Hoe kan 5:7 met Eksodus 20:5 in verband gebring word? Dink u dat 'n mens heeltemal losgemaak kan word van die oortredings wat jou voorouers teenoor God begaan het? Hoe word ons wel daarvan bevry?
2. Wat besef die digter maar al te goed oor die volk se eie aandeel in hulle ondergang (5:16)?
3. Hoe word die koningsheerskappy van die HERE selfs te midde van hierdie bedroewende omstandighede

besing (5:19)? Waarom verwys die digter na 'n *ewige* troon van die HERE (vgl. Luk. '1:33)?

4. Wat leer ons uit die bekende woorde van 5:21 oor die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en ons eie verantwoordelikheid?

## *JESAJA: Die evangelis onder die profete*

Met die studie van die boek Jesaja verskuif ons aandag nou na die laaste groep boeke van die Ou Testament, naamlik die profetiese boeke. Jesaja is die eerste van die sogenaamde vier Groot Profete (Jesaja, Jeremia, Esegiël, Daniël). Die oorblywende 12 profetiese boeke (van Hosea tot Maleagi) staan tradisioneel bekend as die Klein Profete.

### Profesieë: boodskappe van God

Anders as wat 'n mens miskien sou dink, bevat die profetiese boeke nie allerlei toekomsvoorspellings nie. Die profete in die Bybel moet nie verwar word met die heidense waarsêers en sieners wat bloot probeer het om die toekoms te voorspel nie. Nee, 'n profeet was iemand wat 'n boodskap van God aan die mense deurgegee het. So 'n boodskap was dan 'n profesie.

Dikwels het die profesieë maar min met die toekoms te doen gehad. Gewoonlik was die profesie 'n boodskap van vermaning oor dinge wat die volk destyds verkeerd gedoen het, met 'n waarskuwing dat God heilig is en ongehoorsaamheid nie sal duld nie. As die volk bly oortree, sal die HERE se oordeel oor hulle kom.

God se boodskap van troos het 'n belangrike plek in die profesieë gehad. In tye van beproewing moes die profete die volk troos met die sekerheid dat Hy hulle sal uitred. Hoewel die profete gewoonlik van verlossing uit destydse ellendes gepraat het, het die profesieë beslis 'n dieper dimensie gehad. Dit het ook, en veral, getuig van die volmaakte Verlosser wat God sou stuur om die mens uit sy sondeellende te verlos: sy Seun Jesus Christus.

### Jesaja 'n boodskap van oordeel én verlossing

Hiervan is die profesieë van Jesaja 'n sprekende voorbeeld. Jesaja het geleef en opgetree in die tyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, wat konings in Juda was (Jes. 1:1), dit wil sê van ± 742 tot 681 v.C. Die eerste 39 hoofstukke van die boek bestaan uit profesieë waarin die profeet die volk oor hulle sondige optrede vermaan: hulle is skuldig aan oppervlakkige vormgodsdiens; hulle buit hulpelose mense uit; in oorlogsgevaar vertrou hulle meer op wêreldse magte as op die HERE.

In hoofstukke 1-39 word die volk by herhaling gewaarsku: As julle julle nie bekeer nie, sal die HERE julle in ballingskap laat ondergaan. Terselfdertyd beloof die HERE dat Hy, as die volk berou en bekering toon, die straf van hulle sal wegweer of hulle daarvan sal verlos. In sekere hoofstukke (bv. 28-35) word God se oordeel en sy verlossing as 't ware in dieselfde asem aangekondig. In hoofstukke 40-66 verskuif die toneel na 150 jaar later. Die volk is dan reeds weggevoer as ballinge. Daar in die vreemde bring die profeet aan hulle 'n troosprofesie van verlossing en terugkeer. Hier-die hoofstukke toon soveel verskille van die eerste 39 dat teoloë oor die algemeen daarna verwys as *Deutero-Jesaja* ("die tweede Jesaja").

Omdat die ballingskap so lank na Jesaja se leeftyd plaasgevind het, beweer verskeie geleerdes dat hoofstukke 40 tot 66 nie deur Jesaja self geskryf is nie, maar later deur iemand bygevoeg is. Hoe dit ook al sy - of Jesaja dit self geskryf het en of dit later deur iemand anders bygewerk is -ons aanvaar steeds dat die profesieë van die Heilige Gees kom en Woord van God is.

### Waaroor gaan Jesaja?

Die 66 hoofstukke van die boek word deur 'n historiese tussenstuk (hfst. 36-39) in twee hoofdele verdeel: 1-35 en 40-66. Die indeling van die boek is verder soos volg:

1) Die eerste hoofdeel (hfst. 1-35) bevat profesieë
   oor Juda en Jerusalem (1-12);
   oor 'n aantal heidennasies (13-23);
   oor die eindtyd van die wêreld (24-27);

oor Juda se verhouding met die wêreldmoondhede (28-35).
2) Die "tussenstuk" (hfst. 36-39) vertel van die beleg van Jerusalem, van Hiskia se siekte en van gesante uit Babel.
3) Die tweede hoofdeel (hfst. 40-66) bevat troosprofesieë aan die volk in ballingskap (40-55); met die oog op die eindtyd (56-66).

In geheel openbaar God Homself in hierdie profesieë as die drie-maal Heilige wat sy Heiligheid handhaaf. Hy duld geen aantasting van sy heiligheid nie. Hy sal ook self toesien dat sy heerlikheid die aarde sal vul.

## Christus in vooruitsig gestel deur Jesaja

In hierdie profesieë' word die Messiasfiguur so duidelik uitgebeeld dat daar al na Jesaja verwys is as "die evangelis onder die profete". In die Nuwe Testament is Jesaja dan ook dié profetiese boek wat by verre die meeste aangehaal en op Christus toegepas word - ongeveer 512 keer!

In die eerste 39 hoofstukke word die Messias hoofsaaklik as die Messias-koning uit die geslag van Dawid beskryf; in hoofstukke 40 tot 66 word Hy hoofsaaklik geteken as die lydende Kneg. Hierdie twee beskrywings staan nie teenoor mekaar nie, maar kom in Jesus Christus pragtig by mekaar uit: Hy is die ewige Koning uit die geslag van Dawid, maar 'n Koning wat sy Koninkryk langs die weg van lyding vestig.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Jesaja 1:1-20; 6:1-13; 7:13-17***

In hoofstuk 6 lees ons hoedat die HERE Jesaja as profeet roep.
In hoofstuk 1 stel die HERE sy volk in die beskuldigdebank. In hoofstuk 7 beloof Hy aan hulle die Immanuel-teken.

1. Watter aanklagte lê die HERE voor sy volk in 1:3,4? Met watter beproewings het die HERE hulle alreeds getugtig (1:7)? Het die volk hulle aan die tugtiging gesteur (1:5)?
2. Watter aanklagte bring die HERE in 1:13-17 teen sy volk in? En in verse 21-23? Watter straf hou die HERE aan die volk voor as hulle hulle nie bekeer nie (1:20)? Watter genade sal Hy betoon as hulle na Hom luister (1:18,19)?
3. Wat was die betekenis daarvan dat Jesaja die Here op 'n troon sien sit het (6:l; vgl. Openb. 19:4-6)? Watter ooreen-koms het Jesaja se troonvisioen in 6:1,2 met dié van Johannes in Openbaring 4:2-8? Watter lig werp die ooreenkomste op die verstaan van Jesaja 6?
4. Waarom het die volk nie die boodskap van die HERE verstaan nie (6:9-10)? Hoe het die Here Jesus hierdie woorde in verband gebring met die verstaan van sy gelykenisse (vgl. Matt. 13:10-15)?
5. Wanneer is die seun waarvan Jesaja in 7:14 praat, gebore (vgl. 7:16; 8;3,4)? Hoe weet ons dat hierdie profesie verder heenwys na die geboorte van Jesus Christus (vgl. Matt. 1:20-23)? Wat beteken "Immanuel" (vgl. Matt. 1:23)?

**STUDIE 2**

***Lees Jesaja 9:1-16; 10:5-7,12-16; 11:1-16***

In hierdie gedeelte het die profesieë teen die heidenvolke reeds begin (vgl. hfst. 10). Tog slaan die heilsprofesie van die Messias by herhaling deur (vgl. hfst. 9 en 11).

1. Waaruit weet ons dat Jesaja 9:5,6 'n toekomsblik op die geboorte van Christus is (vgl. Luk. 1:30-35; 2:11)? Wat word in 9:5,6 oor die Messias geopenbaar (vgl. ook 28:29; Matt. 28:18; Ef. 2:14)?
2. Waarom sal die HERE Efraim en Samaria se vyande teen hulle ophits (9:8,12)? Wie is die simboliese "kop" en "stert" van die volk (vgl. 9:14)? Waarom sal die HERE die "kop" en die "stert" afkap (9:15,16)?
3. Watter troos van die Here kom byna soos 'n refrein regdeur die oordeelsprofesie voor (vgl. 9:11,16,20)?
4. Waarom sal Assirië dit regkry om die volk van die Here te oorwin (10:5,6)? As Assirië dan 'n instrument van tugtiging in die hand van die HERE is, waarom sal Hy hulle nogtans straf(vgl. 10:12-14)? Met watter beeld beskryf Jesaja Assirië se hoogmoed (10:15)?
5. Na wie verwys 11:1 se "takkie" en "loot" wat uit die stomp van Isai sal uitspruit (vgl. 53:2; Rom. 15:12 en Openb. 22:16)? Waarom word Hy beskryf as 'n "takkie wat uitspruit" (vgl. Job. 14:7-9)? Hoe bevestig 11:2 dat Jesaja in hierdie deel van die komende Messias profeteer (vgl. ook Mark. 3:16)?

**STUDIE 3**

***Lees Jesaja 24 en 25***

Hierdie hoofstukke bevat 'n profesie oor die voleinding van die wêreld, met 'n blye uitkyk op die verloste volk van die Here.

1. Waarom sal die Here in die eindoordeel die aarde verwoes (24:1; vgl. ook 24:5; 2 Pet. 3:10)?
2. Wat sal in die voleinding 'n skerp teenstelling vorm met die verwoeste aarde (24:14-16,23)?
3. Sal dit net die volk Israel wees wat in die voleinding die HERE sal dien (25:3,6)? By watter gebeurtenis in die Nuwe Testament het God sy beloftes openlik na die heidennasies toe uitgebrei (vgl. Hand. 2)?
4. Hoe weet ons dat die finale vervulling van hierdie profesie in die voleinding sal plaasvind (vgl. 25:6 en Openb. 21:4)?

**STUDIE 4**

***Lees Jesaja 31 en 32***

In hoofstuk 31 waarsku Jesaja die volk om nie op wêreldmagte te steun nie. Hy wys hulle daarop dat die Here in ewigheid sal regeer.

1. Waarom tas dit die eer van die HERE aan as sy volk op Egipte met sy militêre magte vertrou (31:1)? Waarom is dit dwaas van Israel om op 'n wêreldmoondheid soos Egipte te steun (31:3)? Waaruit blyk dit dat die volk nie net op politieke nie, maar ook op godsdienstige terrein agter die heidene aangeloop het (31:7)?
2. Hoe weet ons dat Jesaja in 32:1 nie maar net na die regering van 'n goeie aardse koning verwys nie (vgl. 32:2-5)? In watter opsig sal die Koninkryk van die Messias hierdie sondige bedeling regmaak (vgl. 32:3,4 met 6:9,10)?
3. Watter valse gerustheid is daar by die vroue en dogters van die volk (32:9-11; vgl. ook 2 Pet. 3:3-9)?
4. Waar in die Nuwe-Testamentiese tyd het die profesie van 31:15 in vervulling gegaan (vgl. Hand. 2:2-4)?
5. Watter geestelike vrug sal die heilsregering van die Messias oplewer (32:16,17)?

**STUDIE 5**

***Lees Jesaja 40***

Met hierdie hoofstuk begin die tweede hoofdeel van die boek Jesaja. Dit kondig die verlossing van die volk uit ballingskap aan, maar ook die verlossingswerk van die Messias.

1. Waarmee moet die volk van die Here getroos word (40:2)? Watter skuld het Jerusalem voor die Here gehad en hoe moes hulle daarvoor "betaal" (40:2; vgl. 5:13-16)? In wie het die trooswoorde van 40:2 hulle volle betekenis gekry (vgl. Joh. 19:30; Matt. 26:28)?
2. Na watter pad in die woestyn verwys 40:3 (vgl. 49:8-11)? Wie is die wegbereider na wie 40:3 eintlik heenwys, en vir wie berei hy die weg (vgl. Matt. 3:1-3)?
3. Watter goeie boodskap moet Jerusalem uitroep (40:9-11)? Hoe hou hierdie goeie boodskap ver-band met die koms van Christus (vgl. Matt. 1:23)?
4. Noem 3 dinge wat deur die reeks vrae in 40:12-26 oor God geopenbaar word.
5. Noem 3 eienskappe van God wat in 40:27-31 verkondig word. Watter troos bied hierdie verse vir iemand wat moeg of moedeloos is?

**STUDIE 6**

***Lees Jesaja 49:1-7; 50:4-11; 52:7-15; 53:1-12***

Hierdie hoofstukke is toegespits op die openbaring van die Kneg van die HERE. Die Kneg kom self aan die woord.

1. Wie sou gesien kon word as die kneg wat die HERE gestuur het om sy volk uit ballingskap terug te bring (49:6; vgl. ook 45:1 -4)? Waaruit weet ons dat die Kneg van die HERE in hierdie verse verder heenwys na Jesus Christus (vgl. 49:1 met Matt. 1:21; 49:6 met Luk. 2:32)?
2. In 50:6-9 word die Kneg van die HERE bekendgestel as iemand wat voor die hof gedaag word en moet ly. Watter ooreenkoms het hierdie beskrywing met Jesus Christus (vgl. veral Matt. 26:59-67)?
3. Waaroor jubel die volk in 52:8-12? Hoe maak 52:14,15 dit duidelik dat Jesaja se profesie die hele tyd oor méér gegaan het as net koning Kores wat Israel uit Babel laat terugkeer het?
4. Kyk hoeveel verwysings u in Jesaja 53:1-12 kry wat met die gekruisigde Christus in verband gebring kan word. Let veral op 53:3 en Markus 9:12; 53:5 en 1 Petrus 2:24; 53:6 en 2 Korintiërs 5:21; 53:9, Lukas 23:33, Matteus 27:57 en Johannes 19:4.

**STUDIE 7**

Lees Jesaja 55,61 en 62

Die HERE roep sy volk om na Hom toe te kom. Hy bring vir hulle die genadejaar.

1. Watter prys vra die HERE vir die verlossing wat Hy skenk (55:1)? Waartoe nooi die HERE elkeen wat geestelik honger en dors is, uit (55:3,6)? Wie neem ons geestelike honger en dors finaal weg (vgl. Joh. 6:35)? Wat is ons geestelike honger en dors?
2. Waarvandaan kom die mens se geloof en bekering (55:7-11)? Is dit moontlik dat diegene wat God in sy ewige raad uitverkies het, verlore sal gaan (55:10-11)?
3. Hoe word die profesie van 61:1,2 deur Jesus op Homself van toepassing gemaak (vgl. Luk. 4:17-21)? Wat is die "jaar van die welbehae van die HERE" waarvan ons in 61:2 lees (vgl. Lev. 25:9)? Hoe het dit betrekking op die verlossingswerk van Christus?
4. Hoe is die herstel van Jerusalem soos in 62:1 -5 geprofeteer, 'n profesie van die herstel en vernuwing wat God by die voleinding sal bewerk (vgl. Openb. 21:1,2,10-11,23-27)?

## *JEREMIA: 'n Man van smarte*

Jeremia is die tweede van die sogenaamde Groot Profete. Die HERE het Jeremia geroep om as profeet in Juda op te tree in die laaste jare tot en met die ballingskap.
Jeremia was nog jonk (± 16 jaar) toe hy profeet geword het (1:6). Die HERE het hom gestuur as oordeelsprofeet oor Juda en die nasies (1:10; 3:12, ens.). Groot dele van sy profesieë is opgeteken deur Barug (36:32). Jeremia het 'n lang dienstyd gehad, bykans 60 jaar, wat breedweg in 3 tydperke ingedeel kan word:

* As jong profeet tree hy op in die tyd van koning Josia (± 627 - 609 v.C.). Josia was 'n godvresende koning wat na die HERE geluister het en na Manasse se dood pragtige godsdienstige hervormings in Jerusalem aangebring het (vgl. 2 Kon. 22 en 2 Kron. 34). Die profesieë van Jeremia 1 - 6 val naastenby binne hierdie tydperk. Na die dood van Josia word Jojakim koning in Jerusalem, wat die volgende tydperk van Jeremia se werk inlei (609 - 598 v.C.). In hierdie tyd moes hy die boodskap aan die koning en volk deurgee wat hulle nie graag wou hoor nie: dat die HERE hulle beslis as ballinge in die hand van Babel oorgee. Hulle het hierdie boodskap met groot vyandigheid aan-gehoor. Jeremia 7 - 20, 26 - 36 en 46 - 51 bevat profesieë uit hierdie tyd.
* Die laaste fase van Jeremia se lewe (597 - 586 v.C.) begin met die aanstelling van Sedekia as koning in Jerusalem. Ook hierdie koning moes van Jeremia hoor dat hy hom aan Babel moet onderwerp as tugtiging van die HERE. Sedekia wou egter nie luister nie. Sedekia het Jeremia laat toesluit en laat martel. Soms het hy ter nouernood aan die dood ontkom. Met die inname van Jerusalem en die dood van Sedekia word Jeremia vrygelaat en bring hy sy laaste jare saam met die ballinge in Egipte deur. Profesieë uit hierdie tyd is opgeteken waarskynlik in Jeremia 21-25 en 37-45.

Jeremia het maar 'n alleen-lewe gehad. Hy was nooit getroud nie, want die HERE het hom dit verbied (16:2-4). Sy vrou- en kinderloosheid moes vir die volk 'n toonbeeld wees van die ellende wat vir hulle voorlê. Ook baie ander dinge wat die profeet gedoen en oorgekom het, sou, saam met sy woorde, 'n lewende profesie vir die volk wees.
Die lyding wat hy deurgemaak het, was 'n treffende voorafskaduwing van die Man van Smarte, Jesus Christus. Die feit dat Jeremia deur die volk verwerp is en onskuldig deur die owerheid gestraf is, was op sigself reeds heenwysings na die lydensweg wat die Messias sou bewandel.

Die kragtigste Christusverkondiging vind ons egter in Jeremia se prediking van die *nuwe verbond* (Jer. 31:31-33). God sal self die eise van sy verbond nakom. Hy sal herstel vir sy volk bring sodat hulle nie vanweë hulle sonde tot niet gaan nie. Dit sal Hy doen deur 'n afstammeling wat uit die huis van Dawid gebore sal word (33:15). Hierdie profesie is vervul in Jesus Christus.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE l**

***Lees Jeremia 1.***

In hoofstuk 1 word beskryf hoe die HERE Jeremia geroep het om profeet te wees.

1. Wanneer het die HERE Jeremia bestem om sy profeet te word (1:5)? Kan u ook aan persone in die Nuwe Testament dink wat so vir hulle roeping bestem was (vgl. Luk. 1:15 en Gal. 1:15)? Watter afleiding kan ons hieruit maak oor ons elkeen se eie uitverkiesing en roeping?
2. Watter beswaar het Jeremia teen sy roeping gehad (1:6)? Hoe het die HERE op sy beswaar geantwoord (1:7)? Wat leer ons hieruit oor die vrymoedigheid waarmee elke dienaar van die HERE (bv. 'n ouderling of predikant) moet optree?
3. Watter opdrag het die HERE aan Jeremia gegee (1:10)? Met watter gesag kon Jeremia die opdrag uitvoer (1:9)? Met watter troosvolle sekerheid kon hy dit doen (1.19)?
4. Watter twee gesigte het die HERE Jeremia laat sien (1:11,13)? Wat het elkeen van die gesigte beteken (1:12,14)? Let op die voetnoot-opmerking by 1:12 in die 1983-vertaling.

**STUDIE 2**

***Lees Jeremia 2:1-9; 7:1-23.***

1. Hoofstuk 2 is die begin van Jeremia se profesieë van waarskuwing teen Juda. In hoofstuk 7 begin sy profesieë' in die tyd van koning Jojakim. Waarom vergelyk die HERE sy volk met 'n bruid wat haar liefde verloor het (1:2)? Waar elders in die Bybel word die volk of die kerk ook met 'n bruid vergelyk (vgl. bv. Hosea 2:18,19; Openb. 21:2,9)? Watter soortgelyke aanklag as dié in 2:2 hoor die kerk in Openbaring 2:4?
2. Waaroor kla die HERE sy verbondsvolk aan in 2:3-9? Het die volk enige grond gehad om te dink dat die HERE hulle in die steek gelaat het (2:3-8)?
3. Op watter gronde het die priesters valse vertroue by die volk probeer skep dat hulle vir hulle vyande onaantasbaar is (7:4,10)? Hoe word die gelowiges van die Nuwe Testament teen soortgelyke valse vertroue gewaarsku (1 Tess. 5:3)? Waarop is egte vertroue gegrond?
4. Noem drie dinge waaroor die HERE se toorn oor die volk opgewek word (7:9-20). By watter ander geleentheid is die woorde van 7:11 weer op die tempel van toepassing gemaak (vgl. Luk. 9:46)? Hoe trek die eis en belofte van God se verbond saam in 7:23?

**STUDIE 3**

***Lees Jeremia 27:1-15; 28:1-17.***

Jeremia se profesieë in die tyd van koning Sedekia begin in Hoofstuk 27. Hierdie hoofstukke beskryf 'n geval waar Jeremia se optrede 'n profesie was.

1. Wat was die simboliese betekenis van die juk wat Jeremia op sy nek moes dra (27:2,12)? Watter raad het die valse profete vir Sedekia en die volk gegee (27:9,10)? Waarom was dit verkeerde raad (27:12-15)?
2. Watter valse profesie het Hananja (Gananja) voor die volk uitgespreek (28:1-4)? Beide Hananja en. Jeremia het geprofeteer: "So sê die HERE!" Hoe kan die ware profeet van die valse profeet uitgeken word (28:7-9)? Waaraan kan 'n valse profeet, aldus 1 Johannes 4:1^6, uitgeken word?
3. Waarom het Hananja die juk van Jeremia gebreek (28:10,11)? Waarvan was die juk gemaak (28:13)? Waarvan moes Jeremia 'n nuwe juk maak (28:13)? Wat was die simboliese betekenis daarvan (28:14)?
4. Wat was die finale teken van die HERE aan die volk dat Hananja 'n valse profeet was (28:15-17)?

**STUDIE 4**

***Lees Jeremia 31.***

Jeremia 31 is 'n sentrale hoofstuk van die boek. Dit bevat die profesie van verbondsherstel deur die HERE.

1. Op grond waarvan bewys die HERE genade aan sy volk (31:3)? Hoe beskryf die HERE sy verhouding met Israel in 31:9? Hoe weerklink hierdie woorde by die gelowiges van die Nuwe Testament (vgl. Matt. 6:9 en Rom. 8:15)? Hoe reageer God in sy liefde op die ongehoorsaamheid van sy volk (31:20)?
2. In watter opsig sal die HERE sy volk weer "bou" (31:4; vgl. 31:6-9)? Watter reaksie sal dit by die volk voortbring (31:12,13)? Watter reaksie pas by die gelowige wat deur Christus losgekoop is van sondeskuld?
3. Wie is die kinders oor wie Rama en Ragel huil (31:15)? Hoe word hierdie woorde in Matteus 2:18 op die koms van die Messias van toepassing gemaak? Watter troos het die HERE vir Rama en Ragel (31:16,17)?
4. Wat beteken die uitdrukking "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" blykens 31:29,30? Watter verband hou hierdie woorde met Eksodus 20:5?
4. Hoe verskil die nuwe verbond wat die HERE sal oprig van die ou verbond (31:32,33)? Hoe is die woorde van 31:34 van toepassing op Christus (Joh. 14:6-9)?

**STUDIE 5**

***Lees Jeremia 32:1-7, 42-44; 33:1-26.***

1. Waarom het Sedekia Jeremia laat opsluit (32:2,3)? Wat moes Jeremia vanuit sy gevangenskap in opdrag van die HERE doen as troosprofesie aan die volk (32:7)? Wat was die simboliese betekenis van hierdie daad (32:42-44)?
2. Hoe sal dit duidelik word dat die HERE die lot van Juda en Jerusalem verander het (33:9-13)? Watter lotsverandering wat eers in Christus volkome waar sou word, beloof die HERE aan sy volk in 33:6-8?
3. Watter ooreenkomste sien u tussen 33:14-17 en die Messiaanse profesieë van Jesaja 9:5,6 en 11:1? Dink u dat 33:14-17 ook 'n profetiese heenwysing na die Messias bevat?
4. Hoe verduidelik die HERE in 33:25,26 dat sy verbond 'n ewige verbond is en dat Hy nooit sy daad van uitverkiesing omkeer nie? Hoe word God se trou aan sy uitverkiesing ten opsigte van Israel bevestig in Romeine 11:28,29?

**STUDIE 6**

***Lees Jeremia 36.***

1. Wat het Jeremia in die boekrol geskrywe (36:1)? Waarom kon hy nie self die boekrol in die tempel gaan voorlees nie (36:5; vgl. 33:1)? Wie moes dit toe gaan voorlees (36:5,6)?
2. Aan wie moes Barug die boekrol gaan voorlees (36:16)? Waar en by watter geleentheid het hy dit voorgelees (36:9,10)? Met watter doel moes hy dit voorlees (36:2,7)?
3. Waarom het die vorste van die volk vir Barug en Jeremia aangeraai om te gaan wegkruip (36:16-19)? Hoe het die woorde van die profesie die koning ter ore gekom (36:20)? Wat het die koning met die boekrol laat doen (36:23)? Watter verdere opdrag het hy gegee (36:26)?
4. Watter straf het die HERE oor koning Jojakim uitgespreek omdat hy die boekrol laat verbrand het (36:29,30)? Hoe is die boekrol wat verbrand is, vervang (36:28,30)? In watter opsig was die nuwe beter as die oue (36:32)?

**STUDIE 7**

***Lees Jeremia 51:1-19,52-64.***

In hierdie hoofstuk word Jeremia se profesie gerig teen die na-sies, spesifiek Babel.

1. Waarom kondig die HERE sy oordeel oor Babel aan (51:5)? Wie dien as instrument in die hand van die HERE om die mag van Babel te breek (51:11)?
2. Wie het (selfs in die goue tydperk van hulle mag) die beheer oor die Babiloniërs gehad (51:7)? Waarom het die HERE mag oor al die konings en die nasies (51:19)? Hoe wyd strek die mag van die HERE (51:15,16)?
3. Babel word nie net gestraf oor die ellende wat hulle die verbondsvolk van die HERE aangedoen het nie. Wat is eintlik die diepste grond vir die oordeel oor hulle (51:17,18,53)?
4. Wat moes Seràja in opdrag van Jeremia gaan doen om sy profesie teen Babel met simboliese optrede uit te beeld (51:61-64)?

# *ESEGIËL: Die profeet van die Gees*

Esegiël was 'n jonger tydgenoot van Jeremia. As jong man van 25 jaar is hy in die jaar 598 v.C. saam met koning Jojagin na Babilonië in ballingskap weggevoer. In die vyfde jaar van die ballingskap het die HERE Esegiël geroep om profeet te wees.

Anders as Jesaja en Jeremia, profeteer Esegiël as balling vanuit die ballingskap. Hy moes dus in die donkerste tydperk van Juda se geskiedenis as profeet dien.

Die profesieë in die boek Esegiël word op verskillende maniere aangebied. Soms is dit in die vorm van visioene wat hy gesien het (bv. hfst. 1 en hfst. 10); soms profeteer hy by wyse van simboliese optrede (bv. hfst. 4 en hfst. 24); soms by wyse van gelykenisse (bv. hfst. 15 en hfst. 17).
Esegiël se profesieë kan in vier hoof-dele ingedeel word:

- *Hoofstukke 1-24* bevat profesieë uit die eerste vyf jaar van sy dienstyd (593-588 v.C.) toe Jerusalem nog nie verwoes was nie. Hierdie profesieë is gerig op dié deel van die volk wat nog in Jerusalem agtergebly het en wat gedink het dat Egipte hulle uit die hand van die Babiloniërs kan red. Aan hulle profeteer Esegiël dat ook hulle die ballingskap nie sal vryspring nie.
- *Hoofstukke 25-32* bestaan uit onheilsprofesieë teen die heidennasies, veral teen Tirus en Egipte. Die HERE sal hulle koninkryke ten gronde rig vanweë hulle hoogmoed, veral hulle hoogmoedige optrede teenoor die volk van die HERE.
- *Hoofstukke 33-39* is heilsprofesieë wat tot troos van Juda in ballingskap gepreek word. Die HERE sal sy volk verlos en hulle vyande ten gronde rig.
- *Hoofstukke 40-48* profeteer van die herstel van die volk van die HERE. Hy sal in die heiligdom van sy tempel in hulle midde kom woon. Hy sal vir hulle 'n God wees en hulle sal sy volk wees.

## Die verlossing van die volk en Christus

'n Baie belangrike aspek van Esegiël se profesieë is die eer van die HERE. Juda se ongehoorsaamheid en die na-sies se aanmatigende houding het sy eer aangetas. Daarom het sy toorn teen hulle ontvlam. Maar dit dien ook die eer van die Here dat sy volk weer verlos en herstel word. Daarom bring Hy verlossing vir sy volk.

Die verlossing van die volk het ook 'n ewigheidsdimensie en wys heen na die verlossing in Jesus Christus (veral hfst. 34). Daarom word God by herhaling in die visioene beskryf as die Almagtige wat op sy troon sit en regeer. Ook God se almag, sy alomteenwoordigheid en alwetendheid word in Esegiël duideliker uitgebeeld as in die ander profesieë.

## Die Heilige Gees en die herstel van die volk

Die Heilige Gees neem ’n prominente plek in Esegiël se profesieë in. Die Gees lei Esegiël in sy profesieë (bv. 2:2; 3:24), maar word ook geprofeteer as die Gees wat herstel vir die volk van die HERE bring. Die Gees lei die volk tot volkome gehoorsaamheid.

In die Gees kom woon die HERE ook onder sy volk in die nuwe tempel. Ook die nuwe tempel en die nuwe Godstad van Esegiël 40-48 het ewigheidsbetekenis en wys heen na die herstel van God se skepping in die voleinding. Dit is dan ook opvallend dat daar sterk ooreenkomste tussen die profesieë van Esegiël en die boek Openbaring bestaan.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
***Lees Esegiël 1:1-4, 27-28; 2:1 - 3:3; 3:16-27.***

In hierdie hoofstukke word die roeping van Esegiël beskrywe.

1. Waar en wanneer het die HERE Esegiël geroep om as sy profeet op te tree (1:1-3)?
2. Op watter manier het die HERE sy Woord aan Esegiël bekend gemaak (1:1)? Gebruik 'n Naslaan-Bybel om vas te stel by watter ander geleenthede God Homself geopenbaar het in 'n stormwind (1:4) omring deur 'n reën-boog(l:28). Wat is die betekenis van hierdie openbaring (1.28)?
3. Hoe het die HERE Esegiël vir sy drag toegerus (2:2; 3:24)? Watter ander diensknegte van die HERE is ook so toegerus (Hand. 1:8)? Rus God sy dienaars vandag steeds so toe?
4. Waarom dink u moes Esegiël die boekrol opeet (3:3)? Wie anders moes ook 'n boek eet en waarom (Openb. 10:9-11)? .
5. Waarmee word Esegiël in 3:17-21 vergelyk? Hoe moet die vergelyking vertolk word (vgl. 33:1-7)?

**STUDIE 2 Lees Esegiël 11.**

***Esegiël kondig die oordeel van die HERE oor Juda en Jerusalem aan.***

1. Wie lei Esegiël in hierdie nuwe visioen (11:1,5)?
2. Watter verkeerde raad gee die slegte leiers aan die volk (11:3-4; vgl. ook Jer. 29:4-7)? Watter oordeel kondig Esegiël oor die volk aan (11:9)? Om watter rede bring die HERE oordeel oor sy volk (11:12)? En met watter doel(11:10,12)?
3. Waarop dui die woorde van die HERE in 11:16: "Ek het self vir hulle 'n heiligdom geword" (vgl. Openb. 21:22)?
4. Watter beloftes van verlossing en herstel van die volk gee die HERE reeds in 11:17-19? Waarom kan ons sê dat die woorde van 11:20 verbondstaal is (vgl. Lev. 26:9-12)? Sou u sê dat oordeel oor ongehoorsaamheid deel van God se verbondsbeloftes uitmaak (11:20,21)?
5. Wat is die hoogtepunt van die gesig wat Esegiël gesien het (11:22-23)? Hoe sluit dit aan by die sentrale gedag-te van Esegiël se profesieë?

**STUDIE 3**

***Lees Esegiël 16:1-19,48-54,60-63.***

Die HERE se verbond bly ewig staan, ten spyte van die ontrou van die volk.

1. Waarmee word Jerusalem in 16:1-5 vergelyk? In watter ander profesie vergelyk die HERE sy volk met 'n kind wat Hy grootgemaak het (Jes. 1:2)? Waarom is dit 'n gepaste vergelyking (Gen. 12:1-3)?
2. Wat is die kern van God se verbond met sy volk (16:8)? Hoe vergelyk dit met Vraag en Antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus?
3. Waarmee word God se genade en ontferming in die gelykenis uitgebeeld (16:9-14)? Waarmee word die volk se troueloosheid vergelyk (16:15-19)? Waartoe roep die HERE sy volk op in 16:52-54?
4. Hoe raak die volk se troueloosheid God se verbondsliefde (16:60)? Watter uitwerking sal dit op die volk hê (16:61-63)? Waarna verwys die woorde "ewige verbond" in 16:60 (vgl. Luk. 1:33,72)? Hoe sal die HERE volkome versoening vir sy volk bewerk (16:63; vgl. Ef. 2:16)?

**STUDIE 4**

***Lees Esegiël 26:1-6; 27:1-9; 28:1-7; 29:1-16.***

In hierdie hoofstukke kondig Esegiël die gerig van God oor die nasies aan.

1. Waarom sal die HERE wraak neem op Tirus (26:2)? Wat sal Tirus se straf wees (26:3,4)?
2. Waarmee het Tirus die toorn van die HERE nog verder opgewek (27:3)? Waaruit het die rykdom en roem van Tirus geblyk?
3. Wat was die dieptepunt van Tirus se sonde voor God (28:2-5,9)? Watter straf ontvang hulle uit die hand van God (28:7,8)?
4. Hoe vergelyk die sonde van Egipte met dié van Tirus (29:3)? Tot watter besef sal die HERE se straf die Egiptenaars bring (29:6,9)? Watter blyke van vervulling van die profesie oor Egipte in 29:14,15 kan ons vandag sien?

**STUDIE 5**

**Lees Esegiël 34.**

Vanuit die oordeelsprofesie begin die verkondiging van God se genade gestalte kry: die HERE is vir sy volk soos 'n herder vir verdwaalde skape.

1. Na wie sou verwys word met die gelykenis van die herders wat self vet word maar hulle skape nie laat wei nie (34:2-4)? Hoe is hierdie gelykenis vandag van toepassing op ampsdraers in die kerk wat hulle plig versuim?
2. Waarmee word die volk van God in die gelykenis vergelyk (34:5,6)? Waarom? Hoe dink **u** kan hierdie beeld op die Nuwe-Testamentiese volk van God toegepas word?
3. Wie is die goeie herder wat na sy skape sal omsien aldus 34:11? Wat word Wat word daarmee bedoel dat Hy sy skape sal red uit al die plekke waar hulle verstrooi is (34:12)?
4. In watter bekende Psalm word die HERE ook met 'n herder vergelyk? Kyk hoeveel ooreenkomste u tussen die Psalm en Esegiël 34:11-15 kan vind. Wie word in Johannes 10:11-15 met 'n goeie herder vergelyk?
5. Watter nuwe aspek word by die gelykenis betrek in 34:16-20? Waarop dui hierdie aspek (vgl. ook Matt. 25:31-33)?
6. Hoe word hierdie gelykenis met God se verbondstrou in verband gebring in 34:30 (vgl. ook 11:20)?

**STUDIE 6**

***Lees Esegiël 37.***

Die herstel van die volk van die HERE
word aangekondig.

1. Watter gesig het die HERE Esegiël hierdie keer laat sien (37:1-10)? Wat is die betekenis van die dor bene aldus 37:11? Wat is die betekenis van die gees uit die vier windstreke wat lewe in die doodsbeendere geblaas het dus 37:14? Wat leer hierdie gesig ons van die werking van die Heilige Gees oor die algemeen?
2. Watter buitengewone teken moes Esegiël voor die volk doen (37:16,17)? Wat is die betekenis daarvan (37:21)? Wanneer en hoe het die belofte van een koning onder wie die volk verenig word (37:22), werklikheid geword? Hoe weet ons dit (37:24,25)?
3. Waaruit is dit duidelik dat hierdie profesieë van Esegiël verder wys as maar net die verlossing van die volk uit ballingskap (vgl. 37:23)?
4. Hoe weet ons dat God hier verkondig hoe Hy die beloftes van sy *verbond* sal uitvoer (vgl. 37:23,26-27)? Watter uitwerking sal die HERE se verbondstrou op die nasies hê (37:28)?

**STUDIE 7**

***Lees Esegiël 39:25-29; 40:1-6; 43:1-12; 48:29-35.***

Die nuwe tempel en die nuwe Jerusalem as simbool van God wat in die midde van sy volk kom woon.

1. Wat was God se doel met die ballingskap waarin Hy sy volk gestuur het (39:28)? Watter besondere openbaring van die Heilige Gees vind ons in 39:29? Kyk in 'n Naslaan-Bybel watter ander profeet ook hierdie selfde Gees-profesie na vore bring. Hoe het die profesie by die Pinkstergebeure in vervulling gegaan (Hand. 2:17)?
2. Watter gebou het Esegiël in 'n visioen vanaf die hoë berg gesien (40:2; vgl. ook 43:7)?
3. Kyk in 'n Naslaan-Bybel hoeveel ooreenkomste u tussen Esegiël 43:1 -7 en die boek Openbaring kan opspoor. Wat kan u daaruit aflei oor die finale vervulling van Esegiël se profesie?
4. Waar elders in die Bybel (benewens Eseg. 48:30-34) word ook in besonderhede vertel van die afmetings wat die stad Jerusalem sal hé (vgl. Openb. 21)? Wat kan ons daaruit aflei oor die finale vervulling van Esegiël se profesie?
5. Watter verbondswoorde van die HERE vind ons by die tempelvisioen (43:9) en die stadsvisioen (48:35)? Watter troos vir die gelowiges van alle tye vind u in hierdie verbondswoorde?

## *DANIËL: Die wêreldmagte tuimel*

Daniël was 'n jonger tydgenoot van Esegiël. Aldus Daniël 1:1-6 was Daniël waarskynlik as jong seun deel van die Joodse ballinge wat in die jaar 598 v.C. saam met koning Jojakim na Babilonië gedeporteer is. In Babilonië ontvang hy saam met die jong seuns van adellike afstamming spesiale opvoeding aan die hof van die koning. Hy word egter deur die HERE begenadig as 'n verklaarder van drome en 'n siener van gesigte.

### Anders as die ander profete

Daniël se profesieë verskil van die ander profete in meer as een opsig:

- In die eerste plek rig hy sy profesieë nie tot die volk nie, maar hy tree op in die hofhouding van wêreldse konings.
- Verder is dele van sy profesieë nie in Hebreeus nie, maar in Aramees geskrywe (nl. hfst. 2:4 - 7:28).
- Origens bevat die boek nie profesieë in die gewone sin van die woord nie. Die eerste 6 hoofstukke beskryf geskiedenis; die laaste 6 hoofstukke apokaliptiese visioene, dit wil sê gesigte wat toekomstige gebeure simbolies beskrywe.

### Wie het die boek geskryf en wanneer?

Wie die boek geskrywe het, is onseker. Dit is duidelik dat die geskiedenis-deel van die boek deur iemand anders as Daniël self geskryf is, want dit verwys na Daniël as "hy" en "hom". Die apokalips-deel is 'n versameling van visioene wat blykbaar deur Daniël self opgeteken is, want daarin is Daniël self aan die woord ("ek, Daniël" - bv. 10:2).

Die tyd waarin Daniël opgetree het, word duidelik in die boek self aangegee: vanaf die begin van die ballingskap i Babilonië (1:1,2), regdeur die regeertyd van konings Nebukadnesar (2:1), Belsasar (7:1) en Darius (9:1) tot in die regeertyd van koning Kores (10:1). Daniël se optrede oorspan dus feitlik die volle 70 jaar van die ballingskapstyd.

### Waaroor gaan die boek?

Hierbo is reeds gesê dat die eerste 6 hoofstukke beskrywings bevat van dinge wat met Daniël gebeur het, en die laaste 6 hoofstukke visioene (gesigte) wat hy gesien het. Dit sluit die volgende in:
*Hoofstuk1:* Daniël en sy vriende word opgevoed aan die hofhouding van die koning van Babel.
*Hoofstuk 2:* Daniël verklaar Nebukadnesar se droom van die beeld.
*Hoofstuk 3:* Die 3 vriende gemartel: in die vuuroond.
*Hoofstuk 4:* Daniël verklaar Nebukadnesar se droom van die boom.
*Hoofstuk 5:* Daniël lê die muurskrif vir Belsasar uit.
*Hoofstuk 6:* Daniël word bedreig: in die leeukuil.
*Hoofstukke 7 tot 11* beskryf 'n aantal visioene wat Daniël gesien het oor die wêreldmagte.

In geheel openbaar die boek Daniël aan ons die grootheid van God teenoor die wêreldmagte. God laat nie toe dat konings hulle teen Hom verhef of met Hom spot nie. Sulke konings bring Hy tot 'n val. God en Hy alleen regeer oor al die nasies. Daarom is imperiale moondhede wat nasies aan hulle wil onderwerp, aanmatigend en 'n verpersoonliking van die Antichris. Veral in Antiochus (hfst. 8-12) vind ons 'n voorloper van die Antichris.

Daniël getuig egter nog duideliker van die Christus self, veral in sy profesieë oor die Seun van die mens. In aansluiting hierby noem Jesus Christus Homself later die Seun van die mens (vgl. Dan. 7 en Matt. 10:23; 16:27 en ander tekste).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Daniël 1.***

Hierdie inleidende hoofstuk beskryf hoe die jonge Daniël en sy vriende in ballingskap aan die hof van 'n heidense koning opgevoed word

1. Uit watter deel van die Joodse bevolking het Daniël en sy vriende gekom (1:3,4,6)?
2. Waarom het die koning dié jongmanne op 'n spesiale dieet geplaas (1:5)? Waarom was Daniël van mening dat hy hom sou verontreinig as hy hierdie dieet sou volg(l:8; vgl. Lev. 11:46,47)? Watter dieet het Daniël en sy drie vriende wel gevolg (1:12,16)?
3. Hoe het God Daniël en sy vriende se getrouheid beloon (1:15)? Watter ander gawes het God aan die vier jong manne gegee(l:17)? Met watter doel het God hierdie gawes aan hulle gegee (1:19^0)?
4. Hoe word God se almagtige beskikking in hierdie geskiedenis bekendgemaak?

**STUDIE 2**

***Lees Daniël 2***

In hierdie hoofstuk verklaar Daniël 'n droom van koning Nebukadnesar waarin God die verloop van die aardse koninkryke tot die einde te kenne gee.

1. Op watter manier wou Nebukadnesar seker maak dat, wie ook al sy droom vir hom uitlê, die waarheid sou praat(2:8,9)? Op watter manier was die towenaars se antwoord (2:11) onbedoeld 'n bevestiging dat Daniël se insig uiteindelik van God af kom?
2. Wat het Daniël gedoen om die geheim van die koning se droom te leer ken(2:18)? Hoe het dit toe aan Daniël bekend geword (l:19)? Op watter manier het Daniël die eer aan God laat toekom vir die wysheid en insig wat hy ontvang het, in sy binnekamer (2:19-23) en in die openbaar (2:26-30)?
3. Wat was die betekenis van die droombeeld se (a) kop van goud (2:38); (b) die bors en arms van silwer (2:39); (c) die maag en heupe van brons (2:39); (d) die bene van yster (2:40)? Waarom dink u beskou die meeste verklaarders dit as heenwysings na die wêreldryke van (a) die Babiloniërs; (b) die Perse (vgl. 8:20); (c) die Grieke (vgl. 8:21); en (d) die Romeine?
4. Met watter deel van die droombeeld word aangetoon dat die wêreldryke as gevolg van ondertrouery van die volke tot 'n val sal kom (2:42,43)?
5. Wat is die betekenis van die klip wat sonder mense toedoen losraak en die hele beeld fynstamp (2;34-35,4445)? Watter verkondiging van die Koningsheerskappy van Jesus Christus vind ons in hierdie verse?
6. Wat was Nebukadnesar se reaksie op Daniël se uitleg van die droom (2:47-49)?

**STUDIE 3**

***Lees Daniël 4.***

In hierdie hoofstuk is koning Nebukadnesar aan die woord. Hy vertel hoe God hom in sy hoogmoed deur 'n droom tot bekering en nederigheid geroep het

1. Is Nebukadnesar, by terugskouing oor wat hom oorgekom het, bereid om God as die Almagtige en Allerhoogste te erken (4:2-3)?
2. Watter droom het Nebukadnesar gehad wat hy aan Daniël vertel het (4:8-16)? Watter uitleg het Daniël aan die droom gegee (4:25-26)? Watter raad het Daniël daarop aan die koning gegee (4:27)? Het die koning na sy raad geluister (4:28-30)?
3. Wat was die kernsonde van Nebukadnesar voor God (4:30)? Met watter ellendes het God Nebukadnesar gestraf (4:31-33)?
4. Wat was die afloop van al die ellende wat oor Nebukadnesar gekom het (4:34-36)? Is daar enige aanduiding dat Nebukadnesar die Here toe begin dien het? Wat word in hierdie hoofstuk oor God se Majesteit, sy Almag en van sy algemene genade geopenbaar?

**STUDIE 4**

***Lees Daniël 3 en 6.***

Hierdie twee hoofstukke vertel die martelaarsgeskiedenis van Daniël en sy drie vriende: die vuuroond en die leeukuil.

1. Waarom wou koning Nebukadnesar al die volke en nasies dwing om die beeld wat hy laat oprig het, te aanbid (3:5)? Wat was die straf vir ongehoorsaamheid aan die koning se bevel (3:6)?
2. Waarom wou Sadrag, Mesag en Abednego nie aan die bevel gehoor gee nie (3:14-18)? Wat was die koning se reaksie op hullewoorde (3:19-22)? Wat het met die drie manne in die vuuroond gebeur (3:23-25)? Waaraan was dit duidelik dat God hulle daar in die oond te hulp gekom het (3:25)?
3. Hoe het Nebukadnesar verder met die 3 manne gehandel (3:26-27)? Hoe het die hele gebeurtenis daartoe bygedra dat God ver-heerlik is (3:28-30)?
4. Waarom het koning Darius se ministers 'n aanklag teen Daniël probeer kry (6:4,5)? Watter plan het hulle gemaak om wel 'n aanklag teen hom te bewerkstellig (6:7-13)? Waarom **het** die koning sleg gevoel oor die aanklag (6:15)? Waarom kon hy die klag nie tersyde stel nie (6:16)?
5. Met watter wens het Darius Daniël in die leeukuil laat gooi (6:17)? Hoe het God Daniël tussen die keus veilig

bewaar (6:20-23)? Watter lot het daarop die manne wat Daniël aangekla het, getref (6:25)? Hoe het die gebeure met Daniël in die leeukuil daartoe bygedra dat die eer aan God gegee is (6:26-28)?

**STUDIE 5**

***Lees Daniël 5.***

In hierdie hoofstuk lê Daniël die muurskrif vir die goddelose koning Belsasar uit as 'n berig van Godsoordeel.

1. Op watter manier het Belsasar in sy dronkenskap God as 't ware uitgetart en belaster (5:2-4)?
2. Hoe het God in die openbaar gewys dat Hy nie met Hom laat spot nie(5:5)? Wat was Belsasar se onmiddellike reaksie daarop (5:6)?
3. Waarom dink u kon die koning se towenaars en waarsêers nie die muurskrif lees of uitlê nie (5:7-8)? Hoe het dit gekom dat Daniël geroep is om die muurskrif te ontsyfer (5:9-13)?
4. Wat was die woorde wat op die muur geskrywe was (5:25)? Wat het die woorde beteken (5:26-28)? Aan wie wou Belsasar daarop eer betoon (5:29)? Aan wie moes hy eerder eer betoon het? Hoe het die woorde nog in daardie selfde nag waar geword (5:30)?

**STUDIE 6**

***Lees Daniël 7.***

Hierdie hoofstuk is inderwaarheid 'n uitbreiding op die visioen van hoofstuk 2. Weer word in 'n naggesig gewys op die wêreldryke wat kom en gaan, maar hierdie keer word klem gele op die finale Messiaanse heerskappy van die Seun van die mens.

1. Waarop wys die "vier winde van die hemel" in 7:2 (vgl. Eseg. 37:9)? Wie is dit dan hiervolgens wat die see in beroering bring en die vier diere daaruit laat opklim?
2. Hoe word die vier wêreldryke in 7:4-6 voorgestel? Let op dat die vier wêreldryke ooreenstem met dié wat in die visioen van 2:31-38 voorkom.
3. Let pp die sterk ooreenkomste tussen die naggesig van die vierde dier (7:7,8) en die visioen van die Antichris wat Johannes in Openbaring13beskryf. Kyk hoeveel ooreenkomste u kan aanteken
4. I^tookopdieooreenkornstetussen7:9enOpenbaring 1:14. Wie dink u is dan "die Oue van Dae" (“Hy wat ewig lewe") na wie 7:9 verwys?
5. Wie is die Seun van die mens waarvan 7:13 praat? Wat word in hierdie hoofstuk openbaar oor die koninkryk van die Seun van die mens (7:13-18)? Wat gebeur met hom wat lastering teen die Allerhoogste uitspreek (di. die Antichris, vgl. 7:24-26)? Aan wie behoort die finale oorwinning oor die wêreldryke (7:27)?

**STUDIE 7**

***Lees Daniël 9:1-3,20-27; Daniël 12.***

In hoofstuk 9 verskyn 'n engel aan Daniël om hom te troos oor toekoms van die bondsvolk. Hoofstuk 12 bevat die slot-woorde ^ die profesie.

1. Hoe het Daniël geweet dat die volk sewentig jaar in ballingskap sou wees (9:2; vgl. ook Jer. 25:12)?
2. Hoeveel jaar, sê die engel in 9:24, moet daar verloop voordat d ware verlossingvir die volk sal kom? As 'n mens ingedagte hou dat die volk teen±600v.C. inballingskapweggevoer is, naaste: hoe lank voor die koms van Christus sou sewentig sewejaartalle verstryk wees? Dink u dat die 70 sewejaartalle letterlik verklaar moet word?
3. Watter "volk van 'n vors wat kom" (9:26) het uiteindelik in geskiedenis 70 jaar n.C. die heiligdom (die tempel) verwoes C die inskrywing onder *Tempel* in die Woordelys agterin die 19 vertaling)?
4. Na watter verlossing verwys 12:1? Watter ooreenkomste tussen 12:l,2 en Openbaring 20:12-15 kan u aanteken? Waarom dink u is daar so 'n sterk ooreenkoms?

## *HOSEA: Verworpe liefde*

Hosea is die eerste van die 12 klein profete. Die klein profete het op verskillende tye van die geskiedenis van Israel en Juda opgetree. Hoewel dit moeilik is om te sê presies wanneer elk van dié boeke geskryf is, is hulle in hoofsaak gerangskik volgens die tydsorde van die drie hoofperiodes in die geskiedenis van Israel:

* Die eerste 6 boeke (Hosea tot Miga) dateer uit die 8e eeu voor Christus, in die tyd van konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia.
* Die daaropvolgende 3 boeke (Nahum, Habakuk, Sefanja) dateer uit die 7e eeu, die jare voor die ballingskap.

Haggai en Sagaria is geskrywe ty-dens die ballingskap (6e eeu) en Maleagi na die terugkeer uit die ballingskap (6e - 5e eeu v.C.).

Hosea sê self in 1:1 dat hy in die tyd van konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia geprofeteer het. Hy was dus 'n tydgenoot van Jesaja en 'n jonger tydgenoot van Amos.
Na die uiterlike geoordeel, het dit in dié tyd met die volt goed gegaan: weelderige paleise, sterk vestings, ryk oeste, groot offergawes. Maar van binne afwas hulle lewe verrot. Hulle het ontrou aan die HERE geraak en saam met die HERE ook ander gode begin dien, Daardeur het hulle die HERE geweldig vertoorn.

Die HERE het Hosea na die volk toe gestuur om hulle uit hulle ontrou nj Hom toe terug te roep. Die besondere boodskap wat Hy deur Hosea aan die volk stuur, is: Al is julle ontrou, Ek bly getrou; my verbondsliefde hou nie op nie. Met julle rondlopery agter vreemde gode aan, wek julle net die jaloersheid van my liefde.

Net soos Jeremia, moes Hosea 'n deel van sy profesie as daadprediking bring. Die HERE het naamlik Hosea opdrag gegee om 'n prostituut vir hom as vrou te neem en by haar kinders te verwek.

Daarmee het Hosea die verhouding tussen God en sy volk uitgebeeld: Juda is soos 'n hoervrou wat agter vreemde mans aan rondloop. Vir die HERE is hulle optrede 'n geweldige vernedering. Sy verbondsliefde sal dit nie duld nie. Daarom stuur H> sware tugtiging oor sy volk.

Die inhoud van die boek Hosea kan soos volg ingedeel word:

- Hoofstuk 1-3: Daadprediking deur die huwelik met 'n hoervrou
- Hoofstuk 4-14: Woordprediking.
- Hoofstuk 4:1-9:9: Die oordeel oor die volk word aangekondig.
- Hoofstuk 9:10- 14:1: Die oordele word uit die geskiedenis gemotiveer.
- Hoofstuk 14:2 - 10: Die HERE roep sy volk op tot bekering.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**
***Lees Hosea 1 en 2.***

1. Wat moes Hosea in opdrag van die HERE doen, en wat was die simboliese betekenis daarvan (1:2)?
2. Watter name moes Hosea aan sy 3 kinders gee en watter profesie was in elk van die name opgesluit: (a) vir die hede (1:4-9), en (b) vir die toekoms van die volk (1:10-12; 2:22)?
3. Hoe het die volk die goeie gawes waarmee die HERE hulle versorg het, misbruik (2:7,12)? Hoe gaan die HERE hulle keer om dit verder te misbruik (2:5-6, 8-11)?
4. Die HERE beloof om aan sy berouvolle volk weer sy liefde te bewys. Op watter maniere sal Hy dit doen (2:13-20)?

**STUDIE 2**

***Lees Hosea 3 en 4.***

1. Hoe moes Hosea in opdrag van die HERE met die tweede hoervrou optree (3:3)? Wat was die profetiese betekenis van hierdie optrede (3: 1,4)?
2. Waarvan kla die HERE die volk Israel aan (4: l ,2)? Watter ellendes het die volk met hulle optrede oor hulleself gebring (4:3)? Wat is die oorsaak van die volk se optrede (4:6)? Hoe is die priesters aandadig in die ellendige toestand waarin die volk verkeer (4:6)?
3. Watter misdadevan die priesters word in 4:7-11 genoem? Watter ellendige uitwerking het die priesters se misdade by die volk gehad (4:12-14)?
4. Waarom word Israel en Juda afsonderlik genoem in 4:15? Watter verskil optrede van die konings van Israel en dié van Juda was daar in die tyd van Hosea (vgl. 1:1 met 2 Kon. 14:23,24 en 2 Kron. 26:4; 27:2; 29:2)?

**STUDIE 3**

***Lees Hosea 5 en 6.***

1. Aan watter soort owerspel het Israel hulle werklik skuldig gemaak (5:3; vgl. ook 1:2)? Waarom help dit nie vir die volk om die HERE met offerandes van kleinvee en beeste te probeer paai nie (5:6)?
2. Wat was die betekenis van 'n basuin en 'n trompet wat geblaas word (5:8; vgl. Num. 10:9)? Walter straf bring die HERE oor Gibea en Rama (5:8,9)? Waaraan het die leiers van Juda hulle skuldig gemaak (5:10; vgl. ook Deut. 19:14)?
3. Waarmee vergelyk God die wraak van sy verbondsliefde (5:14,15)?
4. Met watter hoop kom die volk in hulle ellende na die HERE toe (6:1,2)? In wie het hierdie woorde vervulling gevind (vgl. Luk. 9:22)?
5. In watter opsig het Efraim en Juda hulle soos 'n ontroue vrou gedra (6:4)? Wat is vir die HERE belangriker as brandoffers (6:6)? Wie het vantevore hierdie selfde woorde van vermaning uit die mond van Samuel gehoor (1 Sam. 15:22)?

**STUDIE 4**

***Lees Hosea 7 en 8.***

1. Waarmee vergelyk Hosea die slegte binnelandse optrede van Israel (7:4-7)? Hoe het die profesie van hierdie verse waar geblyk in die konings wat Jerobeam II in Israel opgevolg het (vgl. 2 Kon. 15:10,14,25,30)?
2. Waarmee vergelyk hy hulle slegte buitelandse optrede in 7:8-10,11-16? Waarom is Israel ontrou teenoor die HERE as hulle die hulp van Egipte en Assirië soek (7:11,13)7 Waarom is Israel opstandig teen die HERE as hulle hulself stukkend kerwe (7:14; vgl. 1 Kon. 18:28)?
3. Israel sê dat hy God ken (8:2), maar tevergeefs. Waarom (8:4-6)?
4. Wat dink u is die "wind" wat Israel gesaai het (8:7; vgl. 8:9)? En die "storm" wat hulle geoes het (8:7; vgl. 8:8,10)? Hoe word die spreekwoord van 8:7 ("Hulle saai wind, maar hulle sal storm maai") bewaarheid in 8:14?

**STUDIE 5**

***Lees Hosea 9 en 10.***

1. Wanneer Hosea sê "die dae van vergelding (straf) het gekom* (9:7), bedoel hy dat dit in sy tyd aangebreek het, of stel hy dit profeties in vooruitsig (vgl. 9:3-5)?
2. Watter verkeerde dade is in Gibea gepleeg (9:9; vgl. Rigt. 19:22)? Met watter beeld word die mooi begin van Israel beskryf in 9:10? Hoe sal die HERE antwoord op hulle wat sy liefde verwerp (9:15,17)7
3. Hoe het Israel hulle voorspoed in Kanaän aangewend (10:1)? Waarom het dit die HERE nie behaag nie (10:2)? Watter straf sal die HERE oor hulle bring (10:6)?
4. Watter variasie vind ons in 10:13 op die spreekwoord van 8:7? Wat eis God dat sy volk moet saai (10:12), en wat sal sy volk dan oes (10:12)?

**STUDIE 6**

***Lees Hosea 11 en 12.***

Hosea 11 staan bekend as die Ou-Testamentiese Hooglied van die vaderliefde van God.

1. Wat bedoel die HERE daarmee dat Hy Israel liefgehad het toe hy 'n kind was en uit Egipte geroep het (11:1; vgl. ook 2:14)? Hoe het hierdie woorde 'n vervulling gevind in Jesus Christus (Matt. 2:15)? Op walter ander maniere beskryf die HERE sy liefdevolle genadeoptrede teenoor Efraim (11:3,4)?
2. Hoe het die volk op die HERE se genade-optrede geantwoord (11:2,7)? Watter uitwerking het hulle optrede op die HERE se liefde gehad (11:8)? Hoe ver strek die HERE se genade en liefde vir sy volk (11:9)7 Waarom kan die HERE dit regkry om steeds in genade op te tree (11:9)7
3. Aan watter listige en vermetele optredes van Jakob word die volk in 12:4-5 herinner? Het dit die HERE daarvan weerhou om 'n verbond met Jakob te sluit (12:6)? Watter verbondseise stel die HERE nou weer aan sy volk (12:7)?
4. Hoe het die Israeliete vir hulle rykdom verwerf (12:8,9)? Wat het die HERE met hulle voorvaders gedoen wat nou weer ter waarskuwing aan Israel genoem word (12:10,13-14)?

**STUDIE 7**

***Lees Hosea 13 en 14.***

1. Met watter vier beelde verduidelik die profeet die ondergang van Israel (13:3)? Waarom het die Herder 'n Roofdier geword (13:4,7-9)?
2. Hoe het die profeet Samuel se woorde (1 Sam. 6:18,19) in Israel bewaarheid geword (13:10,11)?
3. Kan die HERE sy volk uil die mag van die dood en die doderyk verlos (13:14)? Hoe het God sy volk uiteindelik uit hierdie magte losgekoop (1 Kor. 15:54-57)?
4. Wat verlang die HERE van sy volk om die verlossing aan hulle te gee (14:2-3)? Op wie moet die volk sy vertroue stel (14:4)? Wat beloof die HERE aan sy volk wat op Hom vertrou (14:5-8)?

# *JOËL EN AMOS: Die dag van die HERE kom!*

Die profete Joel en Amos was tydgenote van Hosea. Dit kan 'n mens sien in Amos 1:1 waar Amos sê dat hy, net soos Hosea, in die tyd van koning Ussia van Juda en Jerobeam II van Israel as profeet opgetree het (+ 750 v.C.)- Joel sê weliswaar nie wanneer hy geprofeteer het nie, maar in sy boek is daar aanduidings dat dit ook in dieselfde tyd was. Hulle was tydgenote, maar het op verskillende plekke gewerk: Joel het in Juda opgetree; Amos in Israel.

## Die HERE se dag van oordeel

Albei hierdie profete kondig aan dat die dag van die HERE naby is (Joel 1:15; Amos 5:18). Dit is die dag waarop die HERE sy oordeel bring oor almal wat hulle teen Hom verset het. Daarom roep die profete die volk op tot bekering uit hulle skynheilige godsdiens en gruwelike sondes.

Die HERE wil hê dat sy volk na Hom toe terugkeer. Daarom tugtig Hy hulle eers met allerlei beproewing, veral in die vorm van natuurrampe. Hy gaan hulle tref met 'n sprinkaanplaag en met geweldige droogtes, skryf Joel (1:1-12) en ook Amos (7:1-2), sodat die volk tot besinning kan kom.
As die volk hulle nie bekeer nie, waarsku dié twee profete, sal hulle op die dag van die HERE sy oordeel ontvang. So skryf Joel kort en kragtig en 3 hoofstukke. Amos doen dit meer uitgebreid in 9 hoofstukke wat onder meer 5 visioene beskryf wat God hom laat sien het.

## Die HERE se dag van genade

Die dag van die HERE is egter nie net 'n dag van oordeel nie. Op dié dag sal hulle wat hulle toevlug tot die HERE neem, sy genade en sy liefde smaak. Die HERE sal naamlik die vervalle hut van Dawid weer oprig, skryf Amos (9:11). Daarmee verwys hy na die heropbou van die land wanneer hulle uit ballingskap terugkeer (9:14). Hy wys egter nog verder, na Jesus Christus, wat sou kom om die koningshuis van Dawid sy volle betekenis te gee.

Op die dag van die HERE sal die HERE na sy volk terugkeer om onder hulle te woon, skryf Joel. Hoe sal die HERE by sy volk kom woon? Deur die uitstorting van sy Heilige Gees, sê Joel in 2:28-32.

Toe Petrus uiteindelik op Pinksterdag vir die omstanders moes verduidelik dat dit wat daar gebeur het die uitstorting van die Heilige Gees was, het hy juis hierdie woorde uit die pro-fesie van Joel aangehaal.

## Die dag van die voleinding

Uiteindelik rig albei hierdie profesie ons oë op die voleinding van die dag van die HERE. Dit is die dag wan neer sy gunsgenote die volkome ryk dom van God se genade op die nuwe aarde sal smaak. Op dié dag sal die berge drup van mos en die heuwel vloei van melk (Joel 3:18; Amos 9:13).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybel studiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Joel 1.***

1. Watter buitengewone gebeurtenis kondig Joel in 1:1-4 aan? Waarom moet die volk die gebeure aan die nageslag oorvertel (1:3; vgl. Ps. 78:4?)
2. Waarmee word die plaag in 1:6 vergelyk? Watter gevolge van die plaag word in 1:5,7 genoem?
3. Watter ander natuurramp het die plaag vergesel (1:10-12)? As teken waarvan beskou by die natuurrampe wat oor die volk kom (1:15)?
4. Waartoe roep Joel die volk op (1:13-14)? Op grond waarvan roep hy hulle op (1:17,18)? Hoe bring die HERE sy kinders deur beproewings in die natuur tot ootmoed (1:19,20)?

**STUDIE 2**

***Lees Joel 2.***

1. Waaroor moet daar by die volk alarm gemaak word (2:1)? Noem vier beelde waarmee die sprinkaanplaag in 2:2-10 beskryf word. In hoeverre beskryf hierdie beelde die verskynsel van 'n swerm sprinkane akkuraat?
2. Wie stuur die sprinkaanswerm (2:11)? Waarvan is die sprinkaanplaag maar net 'n voorskou (2:11)?
3. Waartoe word die volk opgeroep (2:12)? Waarop kan die berouvolle volk in ootmoed hulle beroep (2:13)? Wie moet almal aan die verootmoediging meedoen (2:16)?
4. Watter uitkoms belowe die HERE aan sy berouvolle volk (2:18-20)? Wie jubel saam met die volk oor die uit-koms wat die HERE gee (2:21-23)?
5. Wat is die groot gawe van die eindtyd wat God saam met die uitkoms sal gee (2:28-29)? Na watter vervulling van die "dag van die HERE" verwys 2:30,31 waarskynlik (vgl. Matt. 24:6)? Hoe sal die HERE sorg vir ontkoming vir die wat Hom aanroep (2:32)?

**STUDIE 3**

***Lees Joel 3.***

1. Behalwe verlossing vir die volk van die HERE, beteken die dag van die HERE ook iets besonders vir sy vyande. Wat is dit (3:1-2)? Waarom (3:2-6)?
2. Waarvan is die sekel en die maaiers en die druiwetrappers in 3:13 simbole (vgl. 3:14)? Waarop dui die tekens van die son en maan en sterre wat verduister raak (Openb. 6:12-17)?
3. Na watter verskynsel in God se skepping verwys 3:16 waarskynlik? Waarom kan die gelowige, hoewel met respek, sonder vrees en angs God se magsvertoon gadeslaan (3:16)?
4. Watter verband bestaan daar tussen Joel se profesie oor Jerusalem en die Openbaring aan Johannes (Joel 3:17; Openb. 21:27; 22:15)? Hoe vind die slotwoorde van die pro-fesie (3:21) aansluiting by Openbaring 21:3)?

**STUDIE 4**

***Lees Amos 1 en 2.***

1. Wat was Amos se eintlike nering (1:1)7 Hoe sluit dit aan by baie van die beelde waarmee hy sy profesieë beskryf (vgl. bv. 2:13; 3:12; 4:9en 8:2)?
2. Teen watter nasies kondig die HERE deur Amos sy oordeel aan (1:3,6,9,11,13; 2:1,4,6)? Waarom dink u word Juda en Israel laaste genoem? Let op die segswyse "oor drie, ja oor vier..." waarmee 'n onbepaalde maar nie te groot getal nie aangedui word (vgl. ook Spr. 30).
3. Hoe sou u die wandade van die nasies wat onder die oordeel kom, in een enkele sin opsom (vgl. bv. 1:6 en 1:9)7 Watter sondes van Juda en Israel wek die toorn van die HERE op (2:4 en 2:6-8)? Waarom was Juda en Israel se sondes dade van ondankbaarheid (2:9-12)?
4. Waarom durf God se kinders nie maar traak-my-nie-agtig omgaan met dit wat God aan hulle gee nie?

**STUDIE 5**

***Lees Amos 3 en 4.***

1. Watter geweldige verantwoordelikheid bring dit mee om deur God uitverkies te wees (3:1-2)?
2. Met watter verskillende voorbeelde verduidelik Amos die samehang tussen oorsaak en gevolg (3:3-6)? Wat is die belangrikste oorsaak en gevolg wat Amos eintlik aan sy lesers wil meedeel (3:8)?
3. Wie noem Amos in 4:1 "koeie van Basan" (vgl. die 1983-vertaling)? Waarom noem hy hulle so (1983-vertaling)? Wat het hulle in gemeen met die mense wat Amos in 3:9 en 3:14,15 aanspreek?
4. Nooi die HERE Israel werklik uit om sonde te doen (in 4:4-5)? Wat is die HERE se bedoeling met hierdie woorde (vgl. 4:5)?
5. Op watter verskillende maniere het die HERE Israel getugtig ten einde hulle tot bekering te bring (4:6-11)? Het die volk hulle aan een van hierdie tugtigings gesteur (4:6,8,9,10,11)?
6. Wat beteken dit vir die afvallige volk om God te ontmoet (vgl. 4:12)? En watter betekenis heg Amos aan sy verskyning (4:13)?

**STUDIE 6**

***Lees Amos 5:1-17 en 7:1-17.***

1. Wie is die "jonkvrou van Israel" waarvan ons in 5:2 lees (vgl. ook Jer. 31:4,21)? Watter straf bring die HERE oor haar (5:3)?
2. Hoe kan 'n mens die lewe vind (5:4,6,14)? Waarom is daar nie elders lewe te vind nie (5:5)? Hoe word die almag van God in 5:8 beskryf? Hoe soek 'n mens die ontferming van God (5:15)?
3. Watter drie gesigte wat Amos gesien het, beskryf hy in 7:1-17? Wat het die eerste twee gesigte beteken (7:2,5)? Wat leer ons uit hierdie twee gesigte oor gebed en gebedsverhoring (7:2-6)? Wat was die betekenis van die derde gesig (7:8,9)?
4. Met watter valse aanklag wou die priester Amasia Amos die swye oplê (7:10-12)? Watter soorte boerdery, sien ons in 7:14, het Amos bedryf? As die HERE roep, kan die profeet dan weier om te profeteer (7:15; vgl. ook 3:8)? Watter straf kondig Amos oor Amasia aan (7:17)?

**STUDIE 7**

***Lees Amos 8 en 9.***

1. Wat is die vierde gesig van Amos wat in 8:1-2 beskryf word? Wat was die betekenis van die gesig (8:2; vgl. die 1983rvertaling)?

2. Hoe sal ook die aarde geraak word deur die oordeel wat God oor sy ontroue volk bring (8:8,9)? Wat sê ook Romeine 8:19-21 oor die verhouding tussen die skepping en die sondaar-mens?
3. Wat is die ergste honger en dors wat oor 'n mens kan kom (8:11,13)? Hoe het God ons van hierdie honger en dors verlos (vgl. Joh. 6:35)?
4. Wat is die vyfde gesig wat Amos gesien het (9:1)? Waarom kan niemand God se oordeel ontvlug nie (9:5,6)?
5. Watter genade-aankondiging hoor ons tussen die oordeelsprofesie deur (9:8)? Die HERE se beloftes van herstel van die volk (9:11-15) het duidelik betrekking op die terugkeer uit ballingskap. Waarop dink u dui dit nog verder (vgl. Hand. 15:16)?

# *OBADJA, JONA EN MIGA: Die Here oordeel en red*

Met Obadja, Jona en Miga kom ons aan die einde van die eerste groep van klein profete. Dit is die profete van die 8e eeu voor Christus, wat in die dae van konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia opgetree het (vgl. Bybelstudie oor Hosea).

Miga (1:1) sê self dat hy in die tyd van Jotam, Agas en Hiskia opgetree het. Wat Obadja en Jona betref, is 'n datum moeiliker om vas te stel:

* Die enigste tydsaanduiding in Obadja is die feit dat hy na die plundering van Jerusalem verwys. Ons weet van plundertogte op Jerusalem deur die Arabiere en Filistyne (± 840 v.C., vgl. 2 Kron. 21) en natuurlik die inname deur Nebukadnesar met die wegvoering (597 v.C., vgl. 2 Kon. 25). Li alle waarskynlikheid verwys Obadja terug na eersgenoemde plundertog wat in die tyd van koning Joram plaasgevind het (± 750 v.C.).
* Ook die boek Jona is ongedateer. Ons kry egter van elders in die Bybel 'n aanduiding: 2 Konings 14:25 verwys na "die profeet Jona, seun van Amittai". As ons aanvaar dat dit dieselfde Jona is as dié van ons boek, kan ons hom plaas in die tyd van koning Jerobeam II van Israel, dit wil sê 787-747 v.C.

## Obadja

In sy baie kort profesie (21 verse) kondig die profeet Obadja die oordeel van die HERE oor die Edomiete aan (1:1-14).

Terselfdertyd kondig hy sommer ook "die dag van die HERE" aan (1:15-21). Dit is die dag waarop al die nasies onder die oordeel van die HERE sal kom, maar Sion gered sal word.

## Jona

Die boek Jona is anders as die ander profetiese boeke. Dit gee nie profesieë van Jona weer nie, maar is 'n verhaal oor Jona self. Jona moes die oordeel van die HERE oor Nineve, die hoofstad van Assirië, gaan aankondig. Jona wil dit nie doen nie en vlug weg.

Die HERE bring hom egter op 'n wonderdadige manier terug en Jona moet sy opdrag uitvoer. Op sy prediking kom die Nineviete dan tot bekering. Daarom word die boek tereg die sendingboek by uitnemendheid van die Ou Testament genoem.

Jona is egter ontevrede omdat God die Nineviete tot bekering gebring het, want hy het gedink dat God se genade net vir Israel gereserveer is. In 'n gesprek met Jona maak God dan sy goddelike vrymag aan Jona bekend.

Oor hierdie andersheid van Jona is daar geleerdes wat van mening is dat die boek 'n allegorie (uitgebreide vergelyking), 'n legende of 'n gelykenis is. Ons het egter geen rede om aan die historiese egtheid van Jona te twyfel nie.

## Miga

Net soos Obadja en Jona, kondig Miga die oordeel van die HERE aan, maar waar hulle die oordeel oor die nasies aangekondig het, doen Miga dit met betrekking tot Israel en Juda.

Miga kondig ook God se genadeverlossing aan, maar omdat sy profesie aan die *verbondsvolk* gerig is, is ook sy boodskap van verlossing op die *verbond* ook van die HERE gegrond: uit Bethlehem sal die HERE die Bevryder stuur (5:1-5).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word

aanbeveel om die studiestukke in u tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees die boek Obadja (verse 1-21).***

1. Aan wie is Obadja se profesie gerig (1:1)? Wie se afstammelinge was hierdie mense (Vgl. Gen. 36:1)?
2. Watter hartsgesindheid van hierdie mense word veroordeel (1:3)? Oor watter optrede van hierdie mense is God vertoornd (1:10-14)?
3. Wat sal die straf vir hulle hartsgesindheid en optrede wees (1:4-9)? Wat word bedoel met "die dag van die HERE" in 1:15 (vgl. Joel 3:14)? Wie sal almal geoordeel word op die dag van die HERE (1:15)? Wat sal hulle op die dag sonder ophou drink (1:16; vgl. 1983-vert.)? Hoe het hierdie woorde in die Nuwe Testament tot vervulling gekom (vgl. Matt. 26:39)?
4. Waar sal daar wel op dié dag ontkoming wees (1:17)? Waarom juis daar (vgl. Ps. 2:6; Jes. 28:16; Luk. 4:18)? Stel Obadja bloot die herstel van die koninkryk van Israel in vooruitsig (1:21)? Om watter koninkryk gaan dit dan wel?

**STUDIE 2**

***Lees Jona 1 en 2.***

1. Waarom wou Jona van die Here af wegvlug (1:1-4)? Kon Jona, en kan enigiemand, van die HERE af wegvlug?
2. Hoe het die HERE dit duidelik laat blyk dat Hy met Jona aan die werk is (1:14)? Hoe het Jona as onwillige sendeling tog op die stormsee voor die heidene van die HERE getuig (1:9)?
3. Waarom het Jona aan die matrose opdrag gegee om hom in die stormsee te gooi (1:12)?
4. Op watter Wonderbaarlike manier het die HERE Jona van verdrinking gered (1:17; 2:10)? Waarvan getuig Jona se gebed in die ingewande van die vis (2:1-9)? Watter vergelykingspunt is daar tussen Jona en Jesus Christus (vgl. Matt. 12:40)?

**STUDIE 3**

***Lees Jona 3 en 4.***

1. Let wel: opgrawings wys dat Nineve ongeveer 100 km (d.i. 3 dagreise) *in omtrek* was. Ons moet 3:3 dus verstaan as 'n aanduiding nie van die deursnee nie, maar van die omtrek van die stad.
2. Wat was Jona se boodskap aan die inwoners van Nineve (3:4)? As God onveranderlik is (Jak. 1:17), hoe moet ons dan sy berou (Jona 3:10) verstaan (vgl. 2 Pet. 3:9)? Hoe moet ons dan al die Ou-Testamentiese profesieë met God se genade in verband bring?
3. Waaroor was Jona ontevrede en kwaad (4:1,2; vgl. ook die inleidende opmerkings hierbo)?
4. Met watter wonder-gelykenis het God die situasie aan Jona verduidelik (4:5-9)? Hoe het God self die gelykenis aan Jona verduidelik (4:10-11)? Jona se reaksie op God se woorde word nie beskryf nie. Wat was die reaksie van Job op 'n soortgelyke les wat God hóm geleer het (vgl. Job. 42:1-6)?

**STUDIE 4**

***Lees Miga 1 en 2.***

1. Tree die HERE bloot as getuie (1:2) teen Israel en Juda op, of ook in 'n ander hoedanigheid (1:2-4)?
2. Waarom moet Juda 'n kaal kol op die kop skeer (1:16; vgl. ook'! Jes. 3:24)? Watter godsdienstige wandade van die volk was rede '• vir hulle om rou te bedryf (1:6-9)? Watter smartlike uiteinde vir Jerusalem stel Miga in vooruitsig (1:16)?
3. Oor watter maatskaplike wandade roep die HERE sy volk tot verantwoording (2:2)? Watter straf op hulle optrede word in 2:3-5 in vooruitsig gestel?
4. Wat eis die valse profete van Miga (2:6)? Waarom kan Miga nie aan hulle eis toegee nie (2:6-7)? In watter skerp taal wys Miga hulle valse profesie af (2:11)?
5. Die profesie oor die terugkeer uit ballingskap word in 2:12,13 beskryf byna soos die uittog uit Egipte. Van watter geestelike uittog *i* is hierdie verse ook 'n profesie (vgl. Luk. 1:74,79)?

**STUDIE 5**

***Lees Miga 3 en 4.***

1. Teen watter soort uitbuiting word die volk in 3:1-4 gewaarsku? Teen watter verleiding word hulle in 3:5-7 gewaarsku? Waarom moet die volk wel na Miga se profesie luister (3:8)?
2. Wie word in die besonder as oorsaak van die ellende van die volk uitgewys in 3:10-12?
3. Sien die "einde van die dae" (4:1) bloot op die einde van die ballingskap, of waarna verwys dit (vgl. Gen. 49:1 en Gal. 4:4)? Wat sal kenmerkend wees van Jerusalem in die einde van die dae (4:2)?
4. Op watter verskillende maniere word die komende vrede van God in vooruitsig gestel (4:3,4)? Hoe word die herstel wat God sal bring, uitgebeeld (4:6,7)? Hoe word die koninkryk van God direk in hoofstuk 4 aangekondig?

**STUDIE 6**

***Lees Miga 5 en 6.***

1. Dat Miga se profesie oor baie meer as die terugkeer van die volk uit ballingskap gaan, word bevestig deur

5:1-5. Waarna verwys hierdie verse? Watter uitleg het die skrifgeleerdes in die tyd van Herodes aan hierdie verse geheg (Matt. 2:3-6)?

2. Dat die volk van die HERE uit die hand van hulle vyande verlos word, is in werklikheid bysaak. Wat is, blykens 5:11-13, die hoofsaak van hulle verlossing?
3. Waarom kan die HERE sy volk tot verantwoording roep (6:1-5)' Waarmee kan die HERE in sy ontsteltenis nie gepaai word nie (6:6-7)? Waarom is daar geen verontskuldiging vir die volk se sonde nie (6:8)?
4. Wie maak hulle veral skuldig aan vergrype teen die wet van die HERE (6:9-12)? Waarom kan 'n mens nie rykdom geniet sonde: om aan die HERE te dink nie (6:14,15)?

**STUDIE 7**

***Lees Miga 7.***

1. Hoe word die vrugteloosheid van die goddelose lewe in 7:1 uitgebeeld? Watter voorbeelde van algehele maatskaplike wanorde ii die volk noem Miga in 7:2-6?
2. Waarna verlang Sion (die ware Godsvolk) onder hierdie omstandig hede (7:7)?
3. Watter blyke van berou en ootmoed toon Sion in 7:9? Na watte dag sien die verdrukte Godsvolk uit (7:11-12)?
4. Wie sal in dié dag die volk soos 'n herder lei (7:9) en laat wei (7:14)? Hoe word Christus in vooruitsig gestel in 7:15 (verlossing 7:18 (sondevergewing) en 7:20 (verbondsvervulling)

## *NAHUM, HABAKUK, SEFANJA, HAGGAI: Beloftes van val en herstel*

Hierdie keer bepaal ons die aandag by vier van die kortste boeke in die Ou Testament: Nahum, Habakuk, Sefanja en Haggai, wat elk maar 'n skrale 3 hoofstukke (Haggai selfs net 2 hoofstukke!) lank is.

Hierdie profetiese boeke bring ons by die laaste 40 jaar voor die ballingskap van Juda en, in die geval van Haggai, tot in die ballingskap self.

### Nahum

Nahum (sy naam beteken "vertroosting") "troos" die volk van die HERE deur die val van Assirië en veral sy hoofstad Nineve aan te kondig. Vir Israel (die noordelike stamme) was dit goeie nuus, omdat die Assiriërs Samaria in 722 v.C. verwoes het en Israel in ballingskap weggevoer het.

> *Let wel:* Israel is in 734-722 v.C. deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer en het nie weer teruggekeer nie; Juda is in 597-586 v.C. deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer en het tussen 538 en 457 weer na Jerusalem teruggekeer.

Nahum profeteer dan van die val van Nineve in 612 v.C. toe dit deur die Babiloniërs verower is. Vir Israel was die ondergang van die Assiriërs goeie nuus (1:15; 2:2) en selfs tot troos. Dit is 'n bewys dat God Hom op die vyande van sy volk wreek (1:2,3).

In geheel is die boek 'n openbaring van God as 'n jaloerse God wat 'n wreker is op diegene wat sy reg en majesteit geweld aandoen.

### Habakuk

In sy profesie beskryf Habakuk die gebedsworsteling wat hy met God gehad het oor die onreg in die dae van die goddelose koning Jojakim. Jojakim, wat tussen 609 en 602 v.C. in Jerusalem regeer het, was eintlik maar 'n amptenaar van die Egiptenare en later van die Babiloniërs.
Hy was 'n egte afperser wat daarop uit was om onreg wins in te samel en selfs nie teruggedeins het om ons bloed in die proses te vergiet nie.

In Hoofstuk 1 lê Habakuk 'n klag, in die vorm van 'n twisgesprek voor God: Waarom laat God die onreg toe? In Hoofstuk 2 skryf hy die antwoord wat God hom gegee het, neer. In hoofstuk 3 reageer hy op God se antwoord met 'n lofpsalm: God kom self om sy volk te kom red! Habakuk is die laaste van profete wat voor die ballingskap van Juda optree.

### Sefanja

Sefanja het as profeet opgetree in die tyd van koning J Juda (1:1). Dit was in die jare 639-609 v.C., dit wil sê vroeër as Habakuk. Sefanja (sy naam beteken "Die Heilige berg") spreek hom skerp uit teen onreg en Baäldiens in die volk en roep hulle ernstig op tot bekering (1:4,5; 2:1-3 vermoedelik het sy profesie bygedra tot die groot reformasie van Josia, waarvan ons in 2 Kronieke 34 lees.

### Haggai

Met die profesie van Haggai neem ons 'n lang tree van vóór die ballingskap (Sefanja en Habakuk) tot aan die einde daarvan. Haggai bring sy profesie in die tweede regeringsjaar van Darius (1:1), dit wil sê 520 v.C., reeds 18 jaar nadat koning Kores aan die volk toestemming gegee het om uit ballingskap na Jerusalem terug te keer. Onder Serubbabel het 'n groep van hulle reeds teruggekeer en die hoeksteen van die tempel gelê, maar as gevolg van teenstand deur hulle vyande het hulle die tempelbou net daar gestaak.

Haggai vermaan die volk hieroor en roep hulle op om die aanbidding van die HERE bo alles te stel.

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

***STUDIE 1***

***Lees Nahum 1; 2:1-2; 3:1-5, 16-.19.***

1. Watter eienskappe van God word in 1:2-8 besing? Let op hoedat oënskynlik teenoorstaande eienskappe by God wel in dieselfde asem genoem word (1:3,7-8). Vergelyk dit met artikel 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.
2. Oor watter oortredings van Nineve sal God wraak neem (3:1,4)? Watter straf sal die HERE oor Nineve bring vanweë haar onsedelikhede (3:4-5)?
3. Waarom help groot getalle mense en sterk leërmagte nie teen die HERE nie (1:12)? Wie was die 'Verwoester" wat die HERE, aldus 2:1, na Nineve gestuur het (vgl. inleiding hierbo)?
4. Waarom is die val van Nineve vir Israel goeie nuus (1:13-15)? gr-. Waarom is die ondergang van Assirië vir al die volke goeie nuus. (3:19)?

**STUDIE2**

***Lees Habakuk 1; 2:1-4.***

1. Waaroor "verkwalik" Habakuk die HERE in 1:2-4? Waarom is dit vir Habakuk onbegryplik dat God die onreg toelaat (1:12-13)?
2. Op watter manier gaan die HERE 'n einde bring aan Jojakim se 7 goddeloosheid (1:5-11)?
3. Waarom is Habakuk beswaard oor die manier waarop God Jojakim se onreg gaan beëindig (1:14-17)?
4. Hoe kom die HERE Habakuk in sy "beswaardheid" tegemoet (2:1-3)? Wat is die kern van die troosboodskap wat Hy aan Habakuk stuur (2:4)? Watter betekenis kry die woorde van 2:4 in die Nuwe Testament (vgl. Joh. 3:36)? Watter Nuwe-Testamentiese skrywer het aan hierdie woorde 'n sentrale plek in sy prediking verleen (vgl. Rom. 1:17 en Gal. 3:11)?

**STUDIE 3**

***Lees Habakuk 2:5-20; 3:1-19.***

In die res van Hoofstuk 2 antwoord God dat ook die Chaldeërs (die Babiloniërs) sy oordeel nie sal vryspring nie. In Hoofstuk 3 antwoord die profeet dan biddend met 'n lofpsalm.

1. Wat is die uiteinde van die Chaldeërs. volgens 2:8? Oor watter wandade word hulle gestraf, volgens 2:9-10? En volgens 2:12 en 15 en 19?
2. Waarom sal die Chaldeërs tevergeefs na hulle gode toe gaan vir hulp (2:18-20)? Waar orals bestaan God se mag en majesteit (2:14; 3:3)?
3. Wat moet, benewens dankbaarheid vir God se goedheid, ook in Hf die hart van die mens leef wanneer hy aan God dink (3:3-6)? Hoe beskryf Habakuk die eerbied wat die hele skepping aan God verskuldig is (3:10,11)?
4. Waarom sal die profeet, ten spyte van allerlei teenspoede, jubel in die HERE (3:16-19)?

**STUDIE 4**

***Lees Sefanja 1; 2:1-3.***

1. Op watter kragtige manier word die allesvemietigende krag van God se oordeel in 1:2,3 afgebeeld? Wie is die voorwerp van God se toorn in Sefanja se profesie (1:4) en waaroor is Hy vertoorn (1:4-6)?
2. Wat is die "dag van die HERE" wat Sefanja in 1:7 aankondig (vgl. Jes. 13:6 en Eseg. 30:3)? Dink u dat die HERE Hom werklik oor die uitlandse klere (1:8) vertoorn of oor dit wat saam met die uitlandse klere gekom het?
3. Wat is die "Vispoort", die "Nuwe Stad" en die "Vysel" waarna 1:10,11 verwys (vgl. 'n kaart van Jerusalem in 'n Bybelse Atlas, of bl. 512 van die 1983 Afrikaanse vertaling, of lees ook 2 Kon. 22:14 en 33:14). Waarom noem die profeet spesifiek hierdie plekke (vgl. 1:11-13)?
4. Watter "afgod" het die mense in Jerusalem begin dien (1:18)? Watter houding het hulle teenoor God begin inneem (1:12)?
5. Waartoe word die volk in 2:1-3 opgeroep?

**STUDIE 5**

***Lees Sefanja 2:4-15; 3:1-20.***

1. Kyk of u die stede wat in 2:4 genoem word, op 'n kaart van die Bybellande kan opspoor. Watter nasie het hierdie stede bewoon (2:5)? Wie sal in hulle plek daardie stede bewoon (2:6-7)?
2. Oor watter ander nasies kondig die HERE sy oordeel aan in 2:8,12 en 13? Wat was hulle sonde waaroor hulle geoordeel word (2:10)?
3. Watter les moet die volk van die HERE leer uit die vernietiging van die heidennasies (3:6,7)?
4. Wat is God se einddoel met die oordeel oor die volke (3:8,9)?
5. Tot waar sal die volk van die HERE verstrooi wees (3:10)? Let wel: die riviere van Kus is die riviere wat die

grense van Etiopië vorm, dit wil sê die Wit en die Blou Nyl. Dit was ook die grens van die destyds bekende wêreld in Afrika. Die bedoeling van hierdie vers is dus dat God sy kinders selfs uit hulle verste verstrooiing na Hom toe sal bring.

6. Waaroor moet die volk van die HERE (Israel, die dogter van Jerusalem, van Sion) verheug wees (3:14-20)? Watter profesie van Jesus Christus sien u in hierdie verse raak?

**STUDIE 6**

***Lees Haggai 1.***

1. Waarom het die tempelbou in Jerusalem tot stilstand gekom (1:2)? Watter bouwerk in Jerusalem het by die volk voorkeur geniet (1:4)?
2. Hoe moet die volk die teenspoede wat hulle beleef het, vertolk (1:6,7)? Waarom laat die HERE toe dat rampe en teenspoed oor sy kinders kom?
3. Watter uitwerking het Haggai se woorde op Serubbabel en die res van die volk gehad (1:12)?
4. Watter troosvolle woord het die HERE daarop deur Haggai aan die volk gestuur (1:13)?
5. Hoe het die HERE die volk en hulle leiers gelei dat hulle hulle roeping vervul het (1:14)? Hoe lei die HERE sy kinders tot vandag toe om hulle roeping na te kom?

**STUDIE 7**

***Lees Haggai 2.***

1. Hoe het die tempel wat onder leiding van Serubbabel gebou is, met die vroeëre tempel vergelyk (2:3; vgl. ook Esra 3:12)? Watter troos gee die HERE aan die volk deur sy profeet Haggai (2:5-9)? Op watter heerlike en vredevolle teenwoordigheid van die HERE dink u dui 2:9 eintlik?
2. Met watter beeld uit die wette van Moses verduidelik die HERE aan sy volk dat al hulle vroeëre optrede deur goddeloosheid voor Hom onrein geraak het (2:11-14)?
3. Hoe het die HERE sy mishae teenoor die volk gewys in die dae toe hulle getalm het om sy tempel te herbou (2:15-19)? Wat belowe Hy aan sy volk as hulle hulle aan sy diens toewy (2:19)?
4. Op watter maniere word die almag van God uitgebeeld in 2:21,22? God se woorde aan Serubbabel in 2:23 wys duidelik op iemand anders wat Hy vir 'n groter Taak uitverkies het. Wie is dit (vgl. Joh. 1:29)?

## *SAGARIA EN MALEAGI : Terug uit die ballingskap*

Na ongeveer 70 jaar as ballinge het Juda in 538 v.C. toestemming gekry om weer na hulle land terug te keer. Die geskiedenis van hulle terugkeer is vir ons opgeteken in die boeke van Esra en Nehemia. Die Here het weer profete gestuur, om ook aan die teruggekeerde volk sy woorde bekend te maak. Drie van hulle ken ons as die laaste drie "klein profete", naamlik Haggai, Sagaria en Maleagi. Oor Haggai het ons in die vorige Bybel-studie gehandel. Die boeke Sagaria en Maleagi, waaroor ons hierdie keer handel, is die laaste van die klein profete, en terselfdertyd ook die laaste boeke van die Ou Testament.

### Sagaria

In Sagaria 1:1 word die boek duidelik gedateer. Daarvolgens het Sagaria sy profesie omtrent in dieselfde tyd as Haggai uitgespreek, pas nadat die volk na Palestina teruggekeer het. As gevolg van teenstand van die buurvolke het die volk opgehou om die tempel en die stadsmuur te herbou. Soos Haggai, moet ook Sagaria die volk vermaan om nie terug te deins nie, maar om te volhard.

Sagaria se profesieë het egter 'n eie besondere aard. Veral is dit bekend vir die reeks naggesigte wat in die eerste helfte daarvan opgeteken is (1:7 - 6:15). Daarin, soos ook in die res van die profesie, verseker die HERE sy volk dat Hy hulle sal bewaar in 'n wêreld waarin die nasies hulle wil uitroei. Die heidense volke sal verwoes word, maar Israel sal gespaar word omdat hulle die volk van die Messias is. Hy sal sy Koninkryk oprig en nadat Hy al sy vyande oorwin het, oor die hele aarde regeer. So kom dit dat Sagaria se profesieë duidelik heenwys na die koms van die Messias en proklameer dat sy koninkryk sal deurbreek. Die boek bevat daarby profetiese vergesigte wat hulle vervulling eers in die eindgebeure sal vind.

### Maleagi

Die naam *Maleagi* beteken "my boodskapper". Gevolglik is daar geleerdes wat reken dat dit nie 'n eienaam is nie en dat ons eintlik met 'n anonieme profeet te doen het. Daar is egter genoeg rede om te aanvaar dat die laaste boek van die Ou Testament geskryf is deur 'n profeet met die naam van *Maleagi.*

Uit die boek self is dit duidelik dat Maleagi geprofeteer het nadat die herboude tempel reeds ingewy was (vgl. 3:1, 10). Die volk het egter daarna ontrou geraak in die diens van die HERE.

Hulle het afskeepoffers gebring (1:13; 3:6-12) en met vreemde vroue getrou (2:11). Hierteen getuig Sagaria in sy profesieë op kragtige wyse. Uit die geskiedenis van Esra (hfst. 9 en 10) en Nehemia (hfst. 13) blyk dit dat hierdie twee volksleiers inderdaad toe sulke hervormings in die volk ingevoer het. Die optrede van Maleagi staan dus inderdaad aan die eindpunt van die Ou-Testamentiese geskiedenis.

In die boek is ses profesieë van Maleagi opgeteken. Hy bied elk van die profesieë aan in die vorm van 'n gesprek tussen die HERE en sy volk. In elke profesie lê die HERE 'n klag teen sy volk; hulle antwoord daarop deur hulleself te probeer verontskuldig; dan antwoord die HERE weer deur die kern van hulle sonde bloot te lê. Die ses profesieë kan soos volg ingedeel word:

| | |
|---|---|
| 1:2-5 | God se uitverkiesende liefde |
| 1:6-2:9 | Minderwaardige offers vir die HERE |
| 2:10-16 | Huweliksontrou |
| 2:17-3:5 | Onreg en boosheid in die volkslewe |
| 3:6-12 | By die gee van tiendes word die HERE beroof |
| 3:13 - 4:3 | Die volk verag die diens van die HERE. |

Met sy profesieë spoor Maleagi die volk van die HERE aan om hulle hoë roeping as 'n heilige volk te vervul. Die HERE sal nie die sonde in sy volk duld nie en hulle self daarvan reinig (3:1-3). Daarmee

sluit die Ou-Testamentiese profesie af (4:4-6): die volk moet geduldig op die verbondspad bly totdat Elia kom. Elia van die Ou Testament het hom vir die wet van die HERE beywer. In hom het ons dus 'n heenwysing na die dag van die Messias - Hy wat sou kom om die wet te vervul en die sonde tot 'n einde te bring. In Hom sal die volkome versoening tussen die HERE en sy volk aanbreek (4:6).

## Sewe Bybelstudiestukke

Die onderstaande sewe Bybelstudiestukke is opgestel om oor 'n tydperk van 14 dae te doen. U word aanbeveel om die studiestukke in u eie tydrooster in te pas.

**STUDIE 1**

***Lees Sagaria 1:1-17; 3:1-10.***

Oproep tot bekering. Die eerste en die vierde gesig.

1. Waarna verwys die HERE in 1:4 wanneer Hy sê dat die vaders nie na die vroeëre profete geluister het nie (vgl. 2 Kron. 36:1-1')'
2. Wat was die betekenis van die gesig van die vier perde met hulle ruiters (1:8) volgens die uitleg van die engel (1:10)? Waarom is die boodskap dat die aarde "stil en rustig" is (1:11) 'n aanduiding dat die dag van die HERE nog nie op hande is nie (vgl. Haggai 2:6)? Watter beloftes van heil en onheil maak die HERE in hierdie eerste naggesig (1:14-17)?
3. Wie is die Josua waarvan ons in 3:1 lees (vgl. ook 6:11)? As hoëpriester sou Josua die hele volk voor God verteenwoordig. Wie is die Hoogste Priester wat in die Nuwe Testament namens die hele Godsvolk optree (vgl. ook die Nuwe-Testamentiese vorm van die naam Josua)? Watter aanduiding is daar in die naggesig self dat dit heenwys na die Christus wat kom (3:8; vgl. ook Jes. 52:13 -53:2)?
4. Wie is dit wat God se volk voor Hom aankla (3:1)? Op grond waarvan kla hy aan **(3:3)?** Hoe maak die HERE die aanklag tot niet (3:4-7)? Hoe sien ons in hierdie gesig 'n aankondiging van die verlossingswerk van Jesus Christus (vgl. Rom. 8:33, 34; asook HK v/a 56)?
5. Hoe beskryf die woorde ŉ brandhout wat uit die vuur geruk is" God se genade-optrede met ons op uitnemende manier?

**STUDIE 2**

***Lees Sagaria 4 en 6.***

Die vyfde en agtste naggesig van Sagaria.

1. Watter visioen het die HERE Sagaria in die vyfde naggesig laat sien (4:2, 3)? Wat was die engel se uitleg van die visioen (4:14)? Watter verband kan u raaksien tussen olyfbome, oliekanne, ŉ kandelaar en mense wat gesalf is (gesalfdes)? Is dit moontlik om ŉ verdere verband met Christus aan te toon?
2. Op wie dui die *twee* gesalfdes van 4:14 direk (vgl. 3:1 en 4:7)? Watter amp het hierdie twee manne onderskeidelik beklee (vgl. 3:1 en Esra 2:2; 4:2)? In wie het hulle ampswerk die hoogste vervulling gevind (Heb. 3:1)?
3. Watter troos het die gelowige in die woorde: "Nie met krag of geweld nie maar deur my Gees, sê die HERE" (4:6)? En die woorde: "Moenie die dag van klein dinge verag nie" (4:10)?
4. By watter vroeëre naggesig van Sagaria sluit die gesig van 6:1-5 baie nou aan (vgl. 1:8-10)? Wat beteken die feit dat die perde in hierdie gesig nou *strydwaens* trek (6:1)?
5. Waarop dui die gesig van die hoëpriester wat met 'n koninklike kroon gekroon word (6:11; vgl. ook Heb. 6:20; 7:1)? Wie is die Man met die Naam "Spruit" waarvan ons in 6:12 lees (vgl. Jes. 'I 11:1; Openb. 22:16)? Watter tempel van die HERE sal Hy bou :.. (6:12; vgl. Matt. 16:18; Ef. 2:19-22)?

**STUDIE 3**

***Lees Sagaria 8:1-8; 9:9-17.***

Beloftes van seën en verlossing vir die nabye toekoms maar verder heenwysend na die koms van Christus.

1. Hoe het God se belofte van 8:3 met die koms van Christus in vervulling gegaan (vgl. Joh. 1:14)? Watter seëninge sal die volk te beurt val as die HERE onder hulle kom woon (8:4, 5)? Noem twee ander geleenthede waar God wonders bewerk het wat in die oë van mense onmoontlik gelyk het (Gen. 18:13, 14; Luk. 1:37)?
2. Dink u dat die verloste volk wat 8:7, 8 in vooruitsig stel, net op die Jode dui (Jes. 43:5-8; Mal. 1:11)? Hoe weet ons dat die beloftes van 8:8 direk verband hou met die HERE se *verbond* (vgl. Gen. 17:7 en Eks. 6:6)?
3. Wie is die dogter van Sion (9:9; vgl. ook Sef. 3:14)? Wat beteken dit dat die Koning op 'n *donkie* ry (9:9)? In wie het die profesie van 9:9 in vervulling gegaan (Matt. 21:1-11)? Hoe wyd sal die heerskappy van hierdie Koning strek (9:10)?
4. In watter "put sonder water" (33/53-vertaling) dink u was die Ou-Testamentiese verbondsvolk gevangenes waaruit die HERE hulle sou laat vrykom (9:11)? Kyk of u in ŉ (Bybelse) geskiedenisboek kan vasstel wanneer Griekeland (onder Alexander die Grote) Juda ingeneem het.

**STUDIE 4**

***Lees Sagaria 14.***

In die slothoofstuk skuif Sagaria se aandag duidelik na die voleinding

Waarin God finaal oor sy vyande triomfeer.

1. Kyk watter aanduidings u kan kry dat die oorlog wat in 14:1-8 profeties beskryf word, die eindstryd by die wederkoms is (vgl. 14:2 met Openb. 16:14; 14:5 met Matt. 24:15-20; 14:6 met Matt. 24:29).
2. Hoe wyd sal God se Koningsheerskappy by die voleinding van die tyd strek (14:9)? Wat is die uiteinde van die vyande van God (14:12-15; vgl. ook 1 Kor. 15:25 en Openb. 19:11-21)?
3. Wie sal in die voleinding almal saam die HERE as enigste God en Koning aanbid (14:16; vgl. ook Openb. 21:24)? Waarom sal hulle juis die *huttefees* vier (14:16; vgl. Lev. 23:40-43)?
4. Waarop sal alles en almal by die voleinding toegespits wees (14:20,21)? Waarom sal daar in dié dag nie meer 'n Kanaäniet (83-vertaling: handelaar) in die huis van die HERE kom nie (14:21; vgl. Openb. 21:27)?

**STUDIE 5**

***Lees Maleagi 1:1 - 2:9***

1. Waarmee bewys die HERE aan sy volk dat Hy hulle liefgehad en uitverkies het (1:2,3)? Watter verband is daar tussen Esau (1:3) en Edom (1:4) (vgl. Gen. 36:9)?
2. Op watter manier het die volk by hulle offers die HERE se eer aangetas (1:8)? Watter uitsig op die Nuwe-Testamentiese Godsvolk kry ons in 1:11 (vgl. ook Matt. 8:11,12; Rom. 11:7)?
3. Watter taak het die priesters gehad om te voorkom dat die volk die eer van die HERE aantas (2:7)? Watter verbond het die HERE met Levi (die eerste priester) gemaak (2:5)?
4. Hoe het die priesters die verbond wat die HERE met Levi opgerig het, verbreek (2:8)? Watter straf kondig die HERE deur Maleagi oor die ontroue priesters aan (2:2,3,9)?

**STUDIE 6**

***Lees Maleagi 2:10 - 3:5.***

1. Maleagi 2:10 is een van die min plekke in die Ou Testament waar God "Vader" genoem word. Hoe word hierdie benaming vervul in Jesus Christus (vgl. Ps. 2:7; Luk. 1:35)? Waarom kan die Nuwe-Testamentiese gelowige God met vrymoedigheid "Vader" noem (Matt. 6:9; Gal. 4:6; HK v/a 120)?
2. Hoe het Juda na hulle terugkeer uit ballingskap die verbond ontheilig (2:11)? Dink u dat dit moderne gelowiges betaam om 'n huwelik met 'n ongelowige aan te gaan (vgl. 2 Kor. 6:14; 1 Kor. 7:12-15)?
3. Hoe word in 2:14 beklemtoon dat die huwelik 'n heilige en onverbreekbare verbintenis is? Waarom word egskeiding in 2:16 met geweld gelykgestel?
4. Wie is die boodskapper wat die HERE voor Hom uitstuur om die pad voor te berei (3:1; Jes. 40:3; Luk. 1:76)? Na die wegbereider kom die Engel van die verbond (3:1). Wie is Hy? Wat sal Hy kom doen (3:2,3; vgl. ook Matt. 3:11,12)?

**STUDIE 7**

***Lees Maleagi 3:6 - 4:6.***

1. Hoe het die volk die HERE beroof (3:8)? Watter vermetele dinge het hulle teenoor die HERE kwytgeraak (3:14,15)?
2. Aan wie beloof die HERE oorvloedige seën en medelye (3:10,17)? Op watter dag sal Hy die medelye met hulle hé (3:16,17; vgl. ook Openb. 20:12)?
3. Watter dag se koms word in 4:1 aangekondig, en waarom word gesê dat dit brand soos 'n oond (vgl. 2 Tess. 1:8)? Vir wie sal die "son van geregtigheid" in dié dag opgaan (4:2) en wat word daarmee bedoel (vgl. Joh. 1:9)?
4. Wie is die "profeet Elia" wat deur die HERE gestuur word (4:5,6; vgl. Luk. 1:13-17)? Wie se koms sal hierdie "Elia" vooruitgaan (4:5; Mark. 1:2,3; Luk. 1:17)?

*Met hierdie belofte van die wegbereider wat die koms van die Messias vooruitgaan, sluit die Ou Testament af. Ons sal sien dat die Nuwe Testament juis daar hervat.*

# *'n Tydsnit deur die boeke van die Ou Testament*

In die vorige hoofstuk het ons voëlvlug deur die Bybel ons tot aan die einde van die Ou Testament gebring. Die volgende skof wat voorlê, is die vlug deur die Nuwe Testament. Maar voordat ons op die nuwe skof vertrek, gaan ons eers vir 'n oomblik terugkyk oor al die boeke waarby ons tot dusver aangedoen het.

## Volgens literatuursoorte gerangskik

In die loop van ons studie het ons gesien dat die Ou-Testamentiese boeke nie deurgaans in tydsvolgorde gerangskik is nie. Van die boeke wat later in die Ou Testament staan, soos Hosea, Amos en Joel, is byvoorbeeld van 'n ouer datum as boeke wat vroeër voorkom, soos Esra, Nehemia en Ester. Dit is so omdat hulle nie chronologies nie, maar volgens literatuursoorte gerangskik is. Boeke van gelyke aard is saam gegroepeer:

- Die eerste groep is die *historiese boeke.* Dit sluit in al die boeke vanaf Genesis tot by Esra en Nehemia. Ook die boek Ester moet hierby gereken word. Hierdie boeke is wel onderling in tydsvolgorde gerangskik.
- Die volgende groep boeke is die *digterlike boeke.* Dit is die boeke Job, Psalms, Spreuke, Hooglied, Prediker en Klaagliedere. Hierdie boeke is van verskillende datums.
- Die laaste groep boeke is die *profetiese geskrifte*. Daarby is inbegrepe die groot profete (Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël), asook die 12 klein profete (Hosea tot Maleagi). Ook die profesieë is gerig op verskillende tydperke in die geskiedenis van Israel.

## Tydperke in die geskiedenis van die Ou Testament

Van verskillende tydperke in die geskiedenis gepraat - ’n mens kan die Ou-Testamentiese geskiedenis in 7 hooftydperke indeel:

* *Die wordingsgeskiedenis.* Hierdie tydperk is van onbekende tydsduur en strek vanaf die skepping tot en met die aartsvaders. Die tydperk loop ten einde teen ongeveer 1900 v.C.
* *Die volk in Egipte.* Van hierdie 400 jaar waarin die nageslag van Jakob tot 'n volk gegroei het, vind ons slegs enkele verwysings in die boek Eksodus. Ongeveer 1900-1500 v.C.
* *Die volk in die woestyn.* Na die uittog uit Egipte het die volk 40 jaar lank in die woestyn rondgeswerf voordat hulle Kanaän kon binnegaan. Tussen 1500 en 1400 v.C.
* *Die rigtertydperk.* Vir die eerste 400 jaar terug in Kanaän het die rigters die volk gelei. Ongeveer 1400-1000 v.C.
* *Die koningstydperk.* Na die rigters volg die regeertyd van die konings, weer 'n tydperk van 400 jaar: ± 1000-600 v.C.
* *Die ballingskap.* Die Babiloniërs het Palestina ingeneem en die konings saam met die volk in ballingskap weggevoer. Daar het die volk gebly totdat Kores hulle in 538 toegelaat het om terug te keer. Die ballingtyd word oor die algemeen gereken as 'n tydperk van 70 jaar - vanaf die verwoesting van die tempel (586 v.C.) totdat dit weer herstel is (516 v.C.)
* *Die tussen-Testamentêre tydperk.* Die 500 jaar tussen die terugkeer uit ballingskap en die geboorte van Christus is tydperk waaroor die Bybel nie veel gegewens bevat nie. Dit is die tyd tussen die Ou en die Nuwe Testament. Daar word dit dikwels die tussen-Testamentêre tydperk genoem.

## Die boeke van die Ou Testament volgens tydperke

As 'n mens die boeke van die Ou Testament sou herrangskik volgens die tydperke in die geskiedenis waarmee dit saamval sou die volgorde soos volg daar uitsien:

| Tydperk | Persone | Plek | Bybelboeke |
|---|---|---|---|
| | | **SKEPPING** | |
| Onbepaalde Tydsverloop | Adam<br>Noag<br>Abraham<br>Isak<br>Jakob<br>Josef | Hoofsaaklik Kanaän | Genesis (Job) |
| | | **DOOD VAN JOSEF** | |
| 400 Jaar | Farao's | Egipte | - |
| | | **UITTOG** | |
| 40 Jaar | Moses, Aäron | Woestyn | Eksodus<br>Levitikus<br>Numeri<br>Deuteronomium |
| | | **INTOG** | |
| 400 Jaar<br>Rigterregering | Josua en die Rigters | | Josua<br>Rigters<br>Rut<br>1 Samuel (1ste deel) |
| | | **SAMUEL<br>SAUL** | |
| 400 Jaar<br>Koningregering | Saul, Dawid, Salomo, Konings van die twee stammeryke | Palestina | 1 & 2 Samuel<br>1 & 2 Konings<br>1 & 2 Kronieke<br>Spreuke<br>Hooglied<br>Jesaja<br>Jeremia<br>Hosea<br>Joël<br>Amos<br>Obadja<br>Jona<br>Miga<br>Nahum<br>Habakkuk<br>Sefanja |
| | | **WEGVOERING** | |
| 70 Jaar | Ballingskap | Babilonië | Ester<br>Klaagliedere<br>Esegiël<br>Daniël |
| | | **TERUGKEER** | |
| 500 Jaar | Serubbabel<br>Esra<br>Nehemia | Palestina | Esra<br>Nehemia<br>Prediker<br>Haggai<br>Sagaria<br>Maleagi |
| | | **NUWE TESTAMENT** | |

Die leser sal bemerk dat die boek Psalms nie in die skema hiernaas ingedeel is nie. Dit is so omdat die boek nie aan een tydperk van die geskiedenis gekoppel kan word nie. Dit is immers 'n bundel van liedere wat uit verskillende tydperke van die geskiedenis Kom. Uit die skema is dit ook duidelik dat die helfte van die boeke (19 van hulle) met die koningstydperk saamval. Daarom is dit nuttig om 'n

noukeuriger tydsindeling van hierdie boeke te hê. Hier volg so 'n indeling (n.a.v. die indeling van SJ Schultz in *The Zondervan Pictorial EncyclopediA of the Bible):*

## Die tydperk van die konings

| Datum | Konings | | Profete | | Bybelboeke (In volgorde) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1095-975 v.C. | ’n Onverdeelde Koninkryk: | | | | |
| | Saul - 70 Jaar | | Natan | | 1 Samuel 8-31, 2 Samuel |
| | Dawid - 40 Jaar | | Gad | | 1 Konings 1-11 |
| | Salomo - 40 Jaar | | Ahia | | 1 Kronieke, 2 Kronieke 1-9 |
| 975 - 722 v.C. | Die Verdeelde Koninkryk: | | **Juda** | **Israel** | 1 Kon.12-22, 2 Kon 1-17 |
| | **Juda** | **Israel** | Semaja | Ahia | 2 Kronieke 10-28 |
| | Rehabeam | Jerobeam | | | Hooglied |
| | Abia | | Hanani | | |
| | Asa | Nadab | | Jehu | |
| | | Basesa | | | |
| | | Ela | | | |
| | | Simri | | | |
| | | Omri | | | |
| | Josafat | Agab | Jehu | Elia, Miga | |
| | | Ahasia | | Elisa | |
| | Joram | Joram | Elia | | |
| | Ahasia | | | | |
| | Atalia | Jehu | | | |
| | Joas | Joahas | Sagaria, Joel | | |
| | Amasia | Joas | | | Jona |
| | | Jerobeam(II) | Amos | Jona | Joël, Amos, Hosea |
| | | Sagaria | Hosea | (Obadja) | Obadja |
| | | Sallum | | | Jesaja, Miga |
| | | Menahem | Jesaja | | |
| | | Pekahia | Miga | | |
| | Jotam | Peka | | | |
| | Agas | Hosea | | | |
| 722 - 586 v.C. | Die enkele koninkryk **Juda** | | | | |
| | (Na Israel se wegvoering): | | | | 2 Kon 18-24; 2 Kron. 29-36 |
| | Hiskia | | | Nahum | Nahum |
| | Manasse | | | | Spreuke |
| | Amon | | | | |
| | Josia | | Sefanja | | Sefanja |
| | Joahas | | Jeremia | | Jeremia |
| | Jojakim | | Habakuk | | Habakuk |
| | Jojagin | | | | |
| | Sedekia | | | | |
| 586 - 520 v.C. | Ballingskap van Juda | | Esegiël | | 2 Kon 24-25, Jeremia, |
| | | | Jeremia | | Klaagliedere, Esegiël, |
| | | | Daniël | | Daniël, Ester |
| 520 v.C. + | Terug uit Ballingskap: | | | | |
| | **Leiers**: Serubbabel | | Haggai | | Esra, Nehemia, Haggai, |
| | Esra | | Sagaria | | Sagaria, Maleagi, Prediker |
| | Nehemia | | Maleagi | | |